THE BILINGUAL NEWS MAGAZINE FOR OPINION-FORMERS

# Vrye Weekblad

25-31 OKTOBER 1991 R2,20 (BTW Ingesluit)

# PORNOGRAFIE

## - OF LIEWER, WAT ONS MAG SIEN EN WAT NIE

**THE CULTURAL BOYCOTT IS DEAD, LONG LIVE THE CULTURAL BOYCOTT**

- Radikale nuwe denke in die KP - en toenadering van die NP
- Life returns to the Valley of Death
- Die geweldsprentjie begin duidelik word
- Die muti wat nie gewerk het nie
- Now the Barbie Doll is also sexist
- Renosterslagting: Die vingers wys na Kenneth Kaunda

N°148

9 771015 964007



**TAXI NA SOWETO**

'n Eerste film vir die Nuwe Suid-Afrika

Swart Suid-Afrika het werk gemaak van sy onderdanige posisie deur weerstand te bied, selfs met geweld, maar ook deur hulle op die gewete van die internasionale gemeenskap te beroep. Die "swart onderdruktes" van Suid-Afrika het skielik die simbool geword wat Europa en Amerika weens interne probleme en immoraliteite aangegryp het; en apartheid is deur Afrika en die Oos-blok gebruik as 'n soort gemeenskaplike vyand wat eie vergrype kon verbloem. Dit was die ultimate morele hoë grond: wees net gekant teen apartheid en jy is OK as 'n mens.

Daarmee saam het 'n soort paternalisme gekom wat 'n oop tjekboek beteken het. Swart Suid-Afrikaanse politici kon die hele wêreld blackmail en uit hul hand laat eet. Swart was altyd reg, wit was altyd boos.

Afrikaners se antwoord op hul oorweldigende gevoel van minderwaardigheid en bedreigdheid was rassisme, onderdrukking en ideologiese en fisieke geweld, gekoppel aan 'n kunsmatige oppomp van stam- en nasionalistiese gevoelens.

En deur dié hele proses het Engelssprekende en Joodse Suid-Afrikaners half onaangeraak gebly - en al hoe ryker en arroganter geword.

Dank die Vader daar was die Alan Patons en die Ruth Firsts en die jongmense van Nusas en die "linkse aktiviste" in die regs- en ander beroepe wat uit dié gemeenskap die gewete van die Afrikaners geword het.

Dit was nou 'n lang pad om uit te kom by die punt wat ek eintlik wou maak: Dis ons gewone mense se land dié - Afrikaner, swart, bruin, Engelssprekende, Jood, Indiër, wat ook al.

Ons het nie langer die gunste en gawes en paternalistiese beskerming van die res van die wêreld nodig nie.

Die kultuurboikot, sportboikot en sanksies het sy doel gedien. Ons kultuur, ons egte Suid-Afrikaanse kultuur, het niemand se beskerming nodig nie. Gooi alles oop, dat ons kan begin asemhaal en vry kan begin lewe en ervaar.


Op ons eie vasteland, selfs ons eie hemisfeer, is ons 'n leier. Kom ons raak 'n slag eerder 'n bietjie arrogant as kruiperig en aalmoes-soekerig.

Kom ons raak assertive: kom ons vat ons grond terug wat die rassiste by ons gesteel het; kom ons vat die taal terug wat die Afrikaner-nasionaliste vir hul eie doeleindes gekaap het; kom ons eis ons deel van die ekonomie van die vet kapitaliste terug.

Kom ons bou 'n trotse Suid-Afrikaanse nasie wat 'n model kan wees van nie-rassigheid vir die res van die wêreld wat omtrent almal met die probleem sukkel van verskillende etnisiteite in een samelewing.

Kom ons gewone burgers staan op en sê saam: Te moer met rassisme, te moer met vet kapitaliste wat ons uitsuig, te moer met politici wat aan mag en eie belang eerder as aan die gemeenskaplike belang van alle Suid-Afrikaners dink.

Want anders is die kastige Nuwe Suid-Afrika ook maar net nog 'n gimmick.




moet bly, al sien jy op hoeveel smart dit gaan afstuur? Die gegewe scenario (lekker modewoord) skets self hoe grondwetskrywing in 'n "fairly uncomplicated and uncontroversial exercise" kan verander deur verdeling. "South Africa could have survived intact", kerm hy. Tot wie se voordeel? Die Xhosas? Zoeloes? Afrikaners? Dalk werkloses? Nee, (sê ek) die nie-rassiges. Hoofsaaklik te kry onder mense met groot sakebelange.

### UWK VERSPIL GELEENTHEID

**Gert van der Westhuizen van Eldoraigne skryf:**

Ek verneem dat die Universiteit van Wes-Kaapland besig is om 'n nuwe taalbeleid te formuleer. Nou kan mens as Afrikaanssprekendes nie anders nie as om te wil reageer. Juis omdat wat universiteite doen 'n publieke saak is, en omdat taalbeleid steeds 'n aktuele kwessie is en sal bly in Suid-Afrika. Oor die UWK-debat wil mens reageer, veral oor die pad wat die Universiteit reeds met Afrikaans geloop het.

Die Universiteit se koerant het in die 4 Oktober-uitgawe verskeie dokumente vir die debat oor taalbeleid gepubliseer. Hierin word gevra dat studente en personeel moet sê of hulle ten gunste daarvan is dat Engels die amptelike medium van onderrig moet word, en wat hulle van die idee dink. Dis nie regtig 'n oop kwessie nie. Die hele strekking van die dokumente is om uitsprake ten gunste van Engels te motiveer. Verder word alreeds heelwat gesê oor wyses waarop die voorgestelde beleid prakties geïmplementeer gaan word.

Myns insiens sal dit 'n fout wees wanneer die UWK Engels as amptelike medium van onderrig aanvaar. Ek dink daar word geswig voor die invloed van die dominante kultuur in Suid-Afrika wat vashou aan dit wat Westers en "ontwikkeld" is.

Hierdie keuse gaan oor tyd heen 'n strategiese verandering ten gunste van Engels in die hele Wes-Kaap teweegbring. Die Universiteit verloor in die proses die geleentheid om verder voort te bou aan die unieke en kritiese verskil wat sy aan die Afrikaanse erfenis tot dusver bygedra het. Baie potensiaal gaan verlore om die taal te laat voortgroei en vestig as taal van Afrika, as taal wat bevry, en regmatig bydra tot 'n nie-rassige demokrasie in Suid-Afrika.

### KERK HET GOD VERRAAI

**Annetjie Esterhuysen van Durban skryf:**

Dit was 1960 - met die Cottesloeberaad reeds aan sy einde - en nog was ek daarvan totaal onbewus totdat 'n Hervormde Kerk ouderling my verontwaardig meegedeel het dat "julle dominees nou wil hê ons moet langs kaffers in die kerk sit".

Ek het verleë gevoel oor my onkunde. Sy woorde het my geruk en my vraag aan hom was ook tot myself gerig: "Koos, sê vir my - as Jesus Christus vir jou sê jy moet langs 'n kaffer sit, wat sal jy doen?"

Hy het met eerlike erns geantwoord: "Dan gaan ek liewers reguit hel toe."

Ek het hierna alle uiteenlopende standpunte in die lig van die Skrif bestudeer. Dit het my gebring na die Algemene Sinode Sitting ná Cottesloe.

As toeskouer van die galery het ek aanskou hoedat die manne in hul swart pakke geesdriftig en met verontwaardiging daarop aangedring het dat die Cottesloe-afgevaardigdes verskoning moet aanteken dat hulle die kerk in verleentheid gestel het.

Toe die gewigtige oomblik van bespreking van die Wêreldraad van Kerke-lidmaatskap aanbreek, was dit vir my asof daar 'n stemming van lighartigheid geheers het, asof 'n oorwinning oor 'n onsigbare bedreiging behaal is.

Dis was duidelik dat die besluit tot uittrede reeds geneem was - moontlik tydens 'n Broederbond-sitting die vorige aand. Tyd is skaars gegun vir enkele stemme van protes en pleidooie dat die saak eers verder ondersoek moet word. Vir die meeste afgevaardigdes was die ongesproke vraag skynbaar "wat sê die regering - en nie wat sê die Here nie"!

Dit is moeilik om die skok en ontnugtering te beskryf wat dié sinode-sitting by my gelaat het. Ek het gevoel die kerk het nie alleen verraad teenoor God gepleeg nie, maar ook teenoor sy lidmate.

Dit was hierna dat ek met Dr Beyers Naudé kennis gemaak het. Hy het met begrip en deernis die optrede van die kerk verduidelik, hoewel hy dit nie goedgekeur het nie.

Hy was aan die begin van 'n moeilike stryd - naamlik om sy gemeente of God te gehoorsaam. Die onreg wat kerk en staat teenoor hom gepleeg het, was terselfdertyd 'n onreg teenoor elke inwoner in Suider-Afrika.

Ek is daarvan oortuig dat indien Beyers Naudé en die Christelike Instituut toegelaat was om ongehinderd en vredeliewend na oplossings vir kernvraagstukke te soek, die huidige geweld voorkom kon gewees het.

Die vraag is nou of die kerk die behoud van lidmate en die wil van politieke leiers bo sy geestelike integriteit gaan stel.

*Vrye Weekblad* plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:

**VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.**

# SO SÊ HULLE

"This is full proof of their purity as young women. They have to be seen and approved by all the people."
***Sydney Mazibuko** of Zululand on the controversial Miss Durban Beauty Contest in which contestants are required to parade bare-breasted.*

"Kyk wat het julle aan my gedoen!"
*Die massamoordenaar **George Hennard**, terwyl hy 22 mense in 'n restaurant in Killeen, Texas, doodgeskiet en nog 22 gewond het.*

"Jy stap by 'n winkel in, en stap uit met enigiets wat jy wil hê, maak nie saak wie jy is nie."
***Susan Whitmore** van Handgun Control Inc ná Hennard se massa-moord, oor die gebrek aan beheer oor vuurwapenverkope in Amerika.*

"I've seen it on TV, read about it in the papers, but nothing prepared me for what I saw today."
*Musician **Quincy Jones** when he saw Soweto as part of the Democracy Now tour.*

"Die res van die wêreld beskou hom as 'n hanswors."
***Pik Botha** oor die leier van die Democracy Now-toer, Randall Robinson.*

"There is one tennis court here in ruins and a sad-looking cricket pitch."
*International tennis star of yesteryear, **Arthur Ashe**, on Soweto.*

"Die verkrummeling van die Berlynse Muur van krieket."
***Chris Day**, van die Verenigde Krieketraad, oor Suid-Afrika se hertoelating tot wêreldkrieket.*

"Sy het na my gekyk en gesê: 'Hy behoort aan my en moet dit vergeet nie.' Ek het nie geweet waar om te kyk nie en reguit na die deur gemik."
*Die sangeres **Susan Buchanan** wat aanskou het hoe Madonna en haar kêrel liefde maak in 'n klankateljee. Buchanan het ook 'n ogie op die ou gehad.*



# KOM ONS GAAN DIE TOEKOMS IN TESAME







Ons by Southern-Lewens glo dat openhartige en deurlopende kommunikasie tussen werkgewers en werknemers, en enige verteenwoordigersliggame, die enigste manier is om betekenisvolle werknemersvoordelereëlings te ontwikkel.

Gesels met jou makelaar of konsultant oor Southern-Lewens se omvattende werknemersvoordelediens – saam, kan ons 'n toekoms beplan wat op begrip gegrond is.

**SOUTHERN**
1891 1991
**Werknemersvoordele**

## Saam, bereik ons meer

**Die Southern-Lewensassosiasie Beperk**
Reg no 01/02186/06

BURROW COMMUNICATIONS 5088/A

# die **muti** wat nie gewerk het nie

## Tydens die oorloë in Zimbabwe, Angola, Namibia en ook Umkhonto we Sizwe se gewapende stryd in Suid-Afrika is dikwels gehoor van die gebruik van muti om mense teen koeëls te beskerm. Getuienis hieroor word nou ook in die geregtelike ondersoek na die Daveyton-bloedbad van 24 Maart vanjaar gelei. **PEARLIE JOUBERT** doen verslag



Hier verwyder polisiemag-lede 'n lyk van een van die Daveyton-inwoners nadat 12 mense deur die polisie doodgeskiet is. (Foto: Graeme Williams: Reuter)

KAPTEIN JOHANNES SCHEEPERS van die polisie se Misdaadinligtingsdiens het dié week weer getuig oor 'n beskermingseenheid in Daveyton aan die Oos-Rand met die naam Amabutho wat muti gebruik het voor hul botsing met die polisie.

Hier lei Flip Hattingh, regsverteenwoordiger van die polisie, Scheepers se getuienis:

Hattingh: "By wie het u gehoor van die woord Amabutho?"

Scheepers: "In hierdie verband by 'n beriggewer wat 'n verslag aan my gelewer het."

"Nou dié beriggewer, is dit 'n persoon wat net eenmalig aan u kom berig lewer het of is dit 'n persoon wat in die verlede ook al berigte aan u gelewer het?"

"Dit is 'n geregistreerde beriggewer, edele, wat al geruime tyd verslag lewer aan my."

..."En hoe juis of hoe onjuis het die inligting wat hy in die verlede aan u verstrek het geblyk te wees?"

"Die inligting wat ons in die verlede van hom ontvang het was altyd juis gewees."

"Goed, nou die persoon, kan sy identiteit geopenbaar word?"

"Nee ... Edele, dit sou die man in 'n baie ernstige, netelige en ek dink seker ook lewensgevaarlike posisie plaas."

"Nou watse inligting het hierdie bron aan u verstrek aangaande Amabutho?"

"Die Amabutho-groep was bymekaar gebring, eintlik nie gestig nie, eers was daar 'n aanloop daartoe sowat 'n week voor hierdie byeenkoms, hierdie Inkatha-byeenkoms. Aanvanklik was daar net 'n paar mense betrokke, hulle het uitgebrei, elke aand het hulle vergaderings gehou en elke aand het hulle mense saamgebring en die getalle het gegroei... Tot ongeveer 300 lede."

"Is daar enige vereiste gestel vir lidmaatskap aanvanklik?"

"Aanvanklik was die idee dat dit moet ingeskrewe ANC-lede wees, wat hulle noem ANC-kaartdraers ... Die man wat aanvanklik die groep bymekaar gemaak het, wat dit geïnisieer het, is 'n jonge. Hulle noem hom 'n comrade, hy is so iets in die 20 jaar oud ... Sy naam was Vusi Nlombeni."

..."Kon u bron vir u sê wat hy verstaan onder die begrip of naam Amabutho?"

"Hulle verstaan die begrip as 'n stamsoldaat... Met die stigting is 'n komitee saamgestel wat bestaan uit twaalf lede en 'n man wat toe na vore getree het as leier, hy was nie amptelik demokraties verkies nie, hy het die leiding daar oorgeneem, was 'n swart man met die naam van Ndamane ... Hy is 'n Transkei trekarbeider, edele. Hy woon in wat hulle noem 'n 'shack' in Daveyton, met ander woorde een van hierdie opslaanhutte ... Dit word gesê dat hy was 'n bietjie militant, dit is hoekom hulle hom aanvaar het; hy het die groep georganiseer."

..."Het u enige verdere inligting omtrent hierdie groep persone ingewin by die bron?"

"My vraag aan hom was hoekom die groep gestig is. Die aanvanklike gedagte was toe hulle eers bymekaar gemaak is, geïnisieer is, die aanvanklike groepie, is om aanvalle vanaf die, soos hulle dit beskryf het, hulle was bang na die rally op die 24ste, wanneer hierdie groep Inkathalede verdaag dan sal dit 'n bedreiging vir hulle inhou, vir die ander mense inhou en die gedagte was dan dat dit as 'n beskerming sou dien, hierdie Amabutho, teen 'n verwagte aanval of 'n moontlike aanval. En daarom het hulle nou die groep gestig, maar na die stigting het die ding toe nou - die Ndamane wat volgens hulle bietjie militant is, het hy die ding nou georganiseer dat hulle goed voorbereid is sou sulke aanvalle plaasvind."

..."Is daar enige ander maatreëls getref ingeval daar nou konfrontasie sou geskied op die betrokke dag?"

"Ja, hulle het ooreengekom en besluit om 'n toordokter te raadpleeg en medisyne te kry vir die geleentheid."

"Het die bron vir u gesê waar die toordokter wat hulle sou raadpleeg hom bevind het?"

"Hulle het 'n afvaardiging gestuur na die man toe, hy is in die Transkei, die toordokter... Sy naam is Mfudisi ... Met hulle besoek aan die toordokter het hy aan hulle 'n sekere medisyne beskikbaar gestel met die voorbehoud, omdat hy nie self hier teenwoordig kan wees want volgens hom moes hy die medisyne self nou toedien of dan aan hulle beskikbaar stel, en omdat hy nie self hier teenwoordig kon wees nie, sou hy sy seun afvaardig... Maar die seun was hier in Alexandra."

..."Is daar 'n naam genoem van hierdie medisyne?"

"Hulle noem dit 'rain coat'... Dit is 'n beskerming, dit is soos 'n shield... Die medisyne het uit drie bestanddele bestaan. Die een was 'n middel wat hulle moes aansmeer, soos 'n shield... Die ander was 'n middel wat hulle moes inasem. Nou ek is nie seker of dit 'n ding is wat vanself 'n reuk afgee en of dit iets is wat hulle moes brand nie, en dan die ander was 'n sprinkelmiddel wat hulle op mekaar moes of ten minste op hulle gesprinkel moet word en dan waar hulle byeenkom, word dit buite om hulle ook gesprinkel.

"... Met die salf sou dit beteken dat as jy getref word deur 'n koeël, sal die koeël jou nie doodmaak nie, hy sal smelt... Die inasemmiddel is om jou sterk te maak, om weerstand nou op tye bou en dan die sprinkelmiddel maak dat veral as hy nou om hierdie kring gesprinkel is dat iemand wat daardie denkbeeldige lyn dan sal oortree, dat hy nie die vyand sal sien nie... dat hulle vir hom onsigbaar sou wees."

"Het u nie vir hom gevra hoekom het die middel nie gewerk nie? Wat was sy verduideliking?"

"Hy sê volgens die voorskrif moet hierdie medisyne drie dae voor die tyd toegedien word en dan vir daardie drie dae mag die mans nou nie tuis slaap nie, hy mag nie by sy vrou slaap nie. En in hierdie geval was dit die Saterdag toegedien en almal het tuis geslaap en volgens hulle is dit nou hoekom dit nie gewerk het nie."

Spesiale konstabel Vuyisele Kananda van die Daveyton-polisiestasie wat dié middag by die skietery betrokke was, het getuig dat hy 'n man genaamd Kaya gesien het wat "water" op 'n groep mense sprinkel.

"Hy het 'n emmer en iets wat soos 'n besem lyk in sy hand gehad en het water op die mense rondom hom gesprinkel," het Kananda getuig.

"What did you think this person was doing?" vra Hattingh.

"He was strengthening the others so that they should be powerful, be strong... It was muti which is used by the black people... The Xhosa's do it... I believe in it... I was struck with fear, I became afraid because I believe that if a person has strengthened himself he is actually strengthened yes, it happens."

Kananda het egter nie sy vrees vir die muti aan sy kollegas oorgedra nie: "I thought to myself that they would not believe in this custom I believed in."

Dié week het Kananda tydens kruisondervraging verder getuig oor sy vrees vir muti: "I didn't speak about the muti because if I spoke it could seem that I'm afraid of doing my work."

Maar, het Kananda getuig, twee dae later het hy wel gepraat oor die man wat die muti gesprinkel het: "I told Small (wat ook aan die Daveyton-polisiestasie verbonde is) that one of our members died because of the muti."

"What did he (Small) think of it?" het David Soggot, die advokaat wat namens lede van die Daveyton-gemeenskap optree, aan Kananda gevra.

"He didn't understand what I was saying."

Die naam van die man wat as die muti-man uitgewys is, is glo Kaya, 'n werknemer by 'n myn aan die Oos-Rand. Kaya sal eersdaags self getuienis kom lewer oor sy beweerde muti wat nie gewerk het nie.

Die Daveyton-ondersoek, wat nou al meer as drie maande aan die gang is, ondersoek die gebeure van 24 Maart toe 12 mense deur die polisie doodgeskiet is en 29 beseer is. Die polisie beweer dat hulle begin skiet het uit selfverdediging nadat 'n polisieman deur 'n groep inwoners van Daveyton aangeval is. Maar getuienis is ook afgelê dat die polisie eerste geskiet het, waarna die polisieman aangeval is.

Volgens vroeëre getuienis het byna 100 polisiemanne op 'n groep van 200 inwoners geskiet terwyl sowat 20 000 gewapende Inkatha-lede skaars vier kilometer verder sonder enige polisie-inmenging byeengekom het.

# peace returns

## to the valley of death

**The guns have fallen silent in the picturesque valley of Shongweni in Natal where some of the bloodiest battles between South Africa's rival black factions have been fought, boosting optimism that a lasting peace in violence-torn black townships can be achieved, reports BRYAN PEARSON**



War? What war? ... Shongweni is no longer The Valley of Death. The children no longer play with guns but with record-players.

"PEOPLE still have their arms, but now they settle their differences through dialogue rather than through fighting," says John Mkhize, widely acknowledged as the principal peace-maker in the valley.

Hundreds of families who fled the remote valley in the heart of Natal province at the height of the conflict three years ago have returned. And the dusty streets where the opposing factions every morning used to display their "trophies" - those they had killed during the night - ring instead with the sound of children at play and adults at drinking in roadside shebeens, or taverns.

"The two sides simply forgot why they were fighting in the first place and decided to stop," Mkhize says in explanation of why Shongweni is peaceful while black areas in the rest of South Africa are still at war despite repeated attempts to end the violence which has left 11 000 people dead in seven years. But Mkhize admits that the reasons the fighting first began in January 1987 are as complex as the reasons it stopped - more than two years and scores of corpses later.

"This has never been a straight ANC/Inkatha clash," he says. Mkhize, a trader who was thrust into an unofficial leadership position because of his neutrality, believes the violence was "exported" from another flashpoint, neighbouring township Mpumalanga, and that the people who eke out a living on the steep slopes of the Shongweni valley are inherently peaceful. But once the war took hold, he added, it rekindled ancient feuds and translated into one of the bloodiest ANC/Inkatha conflicts in the country.

An AFP reporter who visited Shongweni just over two years ago - when it was known as "The Valley of Death" - found the area eerily deserted and houses burnt and smashed. The stench of death hung in the air. The few people who remained boasted of being ANC "comrades" or Inkatha vigilantes, the former proudly displaying their home-made guns and captured arms, the latter pretending they did not have any.

The three schools in the valley were deserted, with only headmaster Bennett Sibisi of the Charles Memorial School turning up every day to ring the school bell - in case a pupil arrived for classes. But this week the schools were full and youths in the street refused to say whether they were ANC or Inkatha supporters. "We're all neutral now," Nicholas Mbatha, 17, says. Other youths playing soccer - a practice that would have been too dangerous three years ago - say the strict territorial lines which meant certain death to cross no longer existed. "Anyone can go anywhere now," one says.

Mkhize, who runs the only trading store in Shongweni not to have been torched, says one of the main reasons why the two sides eventually declared a truce in August 1989 was that bus drivers were too scared to drive into the valley, cutting off workers - ANC and Inkatha alike - from their workplaces.

He also pays tribute to the role played by police major Ray Harrald, who worked closely with Mkhize and other Shongweni leaders in brokering the peace. Mkhize is optimistic that the guns will continue to gather dust in Shongweni, but he is less enthusiastic about a national peace accord signed by the ANC, Inkatha and the government on September 14. "Communities have to resolve their own differences. While it is important that the leaders commit themselves to peace, only those who live in the affected areas truly known what the causes of the violence are and how to resolve them."

The solution in Shongweni, he says, has been to involve the youths in football, karate and a host of "indoor games" donated by the international committee of the Red Cross. More important, he adds, has been to involve the young women in netball, first aid and sewing. "Traditionally in Zulu culture, the women are the ones, through their singing and ululating, who urge the men to take up arms and to fight. If the women are kept busy, the men are less likely to go to war." - AFP

# geweld:

## kollig op inkatha en polisiemanne

**Die betrokkenheid van polisiemanne en Inkatha-lede by voorvalle van geweld word nou in verskeie hofsake ondersoek.**

INKATHA was tot dusver verantwoordelik vir die helfte en die polisie vir 'n kwart van alle geweldpleging aan die Rand, sê die Community Agency for Social Enquiry in 'n nuwe studie.

Van die 601 gevalle van geweld wat tussen Julie 1990 en Julie 1991 aangemeld is, kon daar in 257 gevalle bepaal word wie die skuldiges is en 370 agressors het na vore gekom. Inkatha kan verantwoordelik gehou word vir 190 van dié gevalle, die polisie vir 84 en die ANC vir 13. Van die 2 271 mense wat gedood is, was 87 persent gewone lede van die publiek.

Dié studie is gegrond op 'n ontleding van koerantberigte oor 'n wye politieke spektrum. Al hoe meer polisiemanne word by voorvalle van geweld betrek: minstens agt polisiemanne het vandeesweek in Suid-Afrikaanse howe verskyn op aanklagte van moord wat verband hou met politieke geweld terwyl nog 'n polisieman vertel het hoe hy deel was van 'n polisie-komplot om 'n hoofman en 'n getuie te vermoor.

Terselfdertyd is ook getuienis in 'n hofsaak gelewer oor vyf Inkatha-lede se betrokkenheid by 'n slagting in Alexandra en die polisie se beweerde onwilligeid om die roubeklaers te beskerm.

Meer as 200 mense is al dood ná die ondertekening van die vredesverdrag in Johannesburg op 14 September. Minstens 45 mense is sedert Sondag in die geweldpleging dood.

'n Veiligheidspolisieman van Pietermaritzburg, konstabel Lucky Mntambo, het vandeesweek in die geregtelike ondersoek na die dood van hoofman Mhlabuzima Maphumulo getuig dat hy vroeër betrokke was by twee mislukte moordpogings op die hoofman.

Mntambo het verder getuig dat hy ook betrokke was by 'n aanval waarin 'n belangrike getuie in dié geregtelike ondersoek wat ook 'n vriend van Maphumulo was, vermoor is. 'n Kaptein Pietersen het glo opdrag gegee dat die getuie doodgemaak moet word.

Mntambo se getuienis volg dié van 'n gewese staatsagent, Sipho Madlala, wat vroeër getuig het dat hy in opdrag van Militêre Inligting en die veiligheidspolisie gehelp het om Maphumulo om die lewe gebring het.

Gerome Gabela, 'n voorsitter van Inkatha en die staat se hoofgetuie teen kapt Brian Mitchell, 'n beskuldigde in die Trust Feeds-slagting in 1989 naby New Hanover in Natal, het vandeesweek in die Pietermaritzburgse Hooggeregshof vertel hoe sewe Natalse polisiemanne saamgesweer het om 'n huis aan te val waarin 11 mense dood is.

Gabela het getuig hoe die groep polisiemanne in die huis ingebars het waar die oorledenes besig was om 'n roubeklaag te hou en hul koelbloedig doodgeskiet het. Gabela het gesê dat Mitchell hom aanvanklik met die dood gedreig het om 'n valse verklaring te doen.

Kapt Jacobus van den Heever, sers Neville Rose en vier spesiale konstabels staan saam met Mitchell tereg op 11 aanklagte van moord en agt van poging tot moord. Die vier spesiale konstabels het reeds erken dat hul aan die aanval deelgeneem het.

'n Swart polisieman en vier van sy mede-samesweerders is vandeesweek in hegtenis geneem weens hulle beweerde deelname aan die taxi-oorlog in die Wes-Kaap. Die polisieman, wat aangekla is van moord, het op 'n taxi met nege insittendes geskiet. Een mens is dood en twee gewond. R-4 patroondoppies is op die toneel gevind.

Die taxi-oorlog het vandeesweek nog twee lewens geëis toe die uitgebrande lyke van twee lede van die Dobsonville Taxi-vereniging naby Roodepoort gevind is.

Die verhoor van 'n polisieman wat daarvan aangekla word dat hy een man doodgeskiet en 'n ander gewond het tydens 'n verwelkomingsaamtrek vir die gewese sekretaris-generaal van die ANC, Alfred Nzo, is vandeesweek vir drie maande uitgestel. Die misdaad is meer as 'n jaar gelede gepleeg.

Speurder-konstabel Alex Tlabela het glo in Junie verlede jaar die twee ANC-lede net buite die Alexander-stadion doodgeskiet. Hy het vandeesweek aangevoer dat die advokaat wat sy verdediging moet waarneem, nie beskikbaar is nie en die saak is tot Januarie volgende jaar uitgestel.

'n Ooggetuie in die Alexandra-slagting in Maart vanjaar, waartydens 13 roubeklaers doodgeskiet en 17 gewond is, het vandeesweek getuig dat hy die polisie voor die aanval versoek het om minstens drie polisiemanne by die huis te plaas om oor die klaers wag te hou.

Die polisie het geweier, en ure later het vyf vermeende lede van Inkatha, wat nou teregstaan op 13 klagtes van moord en 17 van poging tot moord, glo by die huis ingebars en op die roubeklaers begin skiet. Die aanvallers het almal AK-49-aanvalsgewere en pistole gehad.

Nege mense is Woensdag dood en 36 beseer toe gewapende aanvallers pendelaars in Soweto aangeval het. Dit blyk dat die aanvalle uitgevoer is uit weerwraak nadat 'n Zoeloe-sprekende inwoner van 'n hostel in geweldpleging dood is.

Pendelaars het van treine afgespring toe die aanvallers begin het om wild op omstanders te skiet en met messe en pangas na hulle te steek en te kap.

Die Nancefield-hostel, wat byna uitsluitlik deur ondersteuners van Inkatha bewoon word, is kort ná die aanval deur die polisie afgekordon. Die aanvallers het volgens ooggetuies uit dié hostel gekom.

Die leier van Inkatha in Transvaal, Themba Khoza, het gesê die moorde het plaasgevind toe 'n groep ANC-ondersteuners die pendelaars verhinder het om die trein in te kom of te verlaat.

In 'n ander insident het die polisie het bekend gemaak dat twee mense verlede naweek dood is toe lede van Inkatha op trein-pendelaars begin skiet het. Die mans het van 'n saamtrek teruggekom toe hulle volgens die polisie die pendelaars aangeval het.

# the continuing mystery of the cultural boycott

**Contemplating the complexity of the cultural terrain is enough to force any culture vulture into permanent exile in a dark movie house which shows obscure Eurocentric films. ANDREA VINASSA ventures into the murky waters of cultural politics under extreme duress. She expects to be shot down by her foes stranded on the moral high ground for suggesting that the cultural boycott is dead and has been for a while, but lives on in the minds of the hopelessly idealistic**

THERE are no shouts for joy from the progressive movement at the possible absence of the cultural boycott, only murmurs of discontent from those poised upon the moral high ground.

Although few are willing to admit it, the cultural boycott, "one of the great mysteries of our time," as a cultural worker put it, continues to mystify anyone attempting to navigate a sea of differing opinions about whether, in fact, the boycott exists to serve the needs of progressive cultural workers or merely to subvert the process of producing culture.

The cultural terrain remains inhabited by the gullible and the self-deluded - purists and idealists waiting for Godot.

The predictions of a few lone voices in the wilderness that the boycott would go out with a wimper rather than a bang, have come to pass. Cosaw's Junaid Ahmed and now ex-CAP director Mike van Graan urged for the end of the boycott a year ago. It was in the "progressive movement's hegemonic and long-term political interest to lift the boycott now (that was a year ago) in order to gain political capital before it disappears anyway and international governments start rewarding De Klerk for his reform initiatives," warned Van Graan.

While the progressive movement tries to stem the inevitable flow of foreign artists into South Africa (or is it so inevitable?) pragmatists, opportunists and apartheid cultural institutions are gloating: Dennis Reinecke, general manager of the Performing Arts Councils of the Transvaal, said in The Star that the lifting of the boycott meant "a gold mine has been opened to South Africa to present overseas work". It's a classic case of "two dogs fight for a bone and a third runs away with it".

### TERMINOLOGY

What is called for at this point is a redefinition of terminology, not a debate about the cultural boycott which gave culture a bad name. What we should be talking about are issues such as labour practice, developing appropriate skills for the production of culture and a new dispensation for the arts councils, ie devising a coherent internal cultural policy. The decision of the Commonwealth to lift the cultural boycott is met with little excitement within the ranks of many cultural organisations. The Pan-Africanist Congress is particularly enraged. Secretary for Sport and Culture Fitzroy Ncgukana says: "We were not given the opportunity to state our case before the Commonwealth." He claims that the ANC went ahead to make recommendations to the Commonwealth in disregard of the PAC's stand that "only if there is a new constitution and a democratically elected government" should sanctions and boycotts be lifted.

At the time of going to press the ANC's Department of Arts and Culture had not issued a statement to clarify newspaper reports concerning their boycott stand. While most cultural organisations will follow the DAC's lead, they regard themselves as autonomous and are still taking their cue from the the resolutions passed at the United Nations symposium on cultural and academic links with South Africa held in Los Angeles in May this year. As far as they are concerned the Commonwealth decision does not contradict the LA Minute which called for a continuation of the "selective boycott".

Ironically, the symposium was held in Hollywood as a "clear recognition that here is one of the most important centres of art and entertainment in the world," according to professor Ibrahim A Gambari, the Chairman of the Special Committee Against Apartheid. He went on to speak of the great suffering of artists who refused to come to South Africa over the years and thanked Woody Allen, Richard Attenborough, Kevin Kline and various Hollywood stars for the sacrifices they had made in the name of apartheid.

Thus a "two-pronged policy of pressure and support" was ushered in and under this new dispensation we were treated to the odd Russian ice-skating group, a Russian circus and Georgian folk dance group, a workshopped conglomeration of Kafka plays and soon we'll have the Italian high-energy pop group Black Box on our doorstep... hardly a contribution to "the upliftment of anti-apartheid artistic and cultural structures", or a facilitator of "greater and more meaningful assistance to the disadvantaged sectors" or a symbol for "the advancement of the harmony of the human spirit" of which Quincy Jones spoke. No great strides for overcoming the depredations of the past. It is obvious that progressive internationalists with skills and knowledge to impart will stay away until they are given a green light by everyone concerned. At present the light is, well, sort of pale orange.

### FOSACO

"It must be stressed that the call for the resumption of people to people contacts should not be misinterpreted to mean 'people to apartheid' contacts," says the Performing Arts Workers Equity (Pawe). "Pawe sincerely encourages cultural exchange that will benefit the performing arts and people of SA."

"The lifting of the boycott does not mean that the struggle is over," says Omar Badsha of the Federation of South African Cultural Organisations (Fosaco). "What we said to the ANC is that if they decide to phase out sanctions and that the first phase would be the cultural, academic and sport boycott, the struggle of cultural workers and liberation organisations should be taken into account."

The problem with this kind of non-specific recommendation is that it is a plea which cannot be enforced, its success being dependent on the good will of foreign artists. Those who were sympathetic in the past will continue to be sympathetic and those who were unsympathetic will continue in that fashion... anything to escape the food queues in Moscow.

Does this mean that previously employed undemocratic and devious methods of those with little power, such as intimidation and blackmail, will still be utilised?

Fosaco makes a plea to the international cultural community to continue to support "us in firstly, isolating apartheid institutions; secondly, to join the progressive cultural movements in reconstruction, and thirdly, isolate those homelands, like Bophutatswana, who have indicated that they are not interested in re-integration into South Africa."

Sun City is not suffering the rigours of isolation, so who are we kidding here?

### PHOS AND CONS

Some cultural commentators believe that the boycott has retarded the growth of a vibrant progressive culture by consuming the energies of cultural workers in organisations with the task of implementing and monitoring the boycott. Others, however, will have it that the boycott favoured the development of an indigenous culture. Without doubt the absence of Europe and America's best has benefited many local artists. Unfortunately some of the chief beneficiaries have been the monopolistic film distribution companies. And Pieter Toerien doesn't look hungry.

Speculating as to the effectivity of the boycott is neither here nor there at this juncture. Setting up criteria for international exchange - granted, this could just be a euphemism for the boycott - is imperative.

The Department of Home Affairs approved hundreds, if not thousands, of visas for foreign film workers during the "phantom film boom". It is in the progressive movement's interest to intercede on behalf of their constituency and for the inflow of foreign artists to be a matter of labour practice, rather than political leverage. An as yet unannounced organisation has been set up for this very purpose... I await their official missive.

"The control of work permits is neither representative nor democratic," says Pawe. The organisation has set out their criteria for international cultural exchange: they include a process of consultation with the relevant equity, union or democratic cultural structure.

There is a not unfounded fear of neo-colonialism which has wreaked havoc in the cultural sphere of most independent African countries, according to Kenyan exile and theatre practitioner Ngugi wa Mirii. Indigenous culture has not recovered even after more than two decades of independence in Kenya and only Angola and Mozambique provide adequately for the distribution of local films. Their film industries are nationalised, while in the rest of Africa cinemas are privately owned and show only American films, he says. Local culture plays second fiddle to the West and America.

Pawe seeks to avoid this calamity: the equity would encourage visiting companies to donate some of their profits to cultural development; insist that South African artists, technicians and personnel be used wherever possible; encourage visiting artists to give workshops; attempt to reach as wide an audience as possible; forge links with equities around the world to jointly monitor exchange; develop criteria for festivals and continue to observe the moratorium on Pact importing any artists until their process of accountability is adequately addressed. Pawe states that it does not police a boycott, it merely protects the interests of its members.

It will be interesting to see if they can persuade Pieter Toerien to cast South Africans in the lead roles for *Les Miserables* which is rumoured to be the opening production for the revamped Civic Theatre.

### ISOLATION

There is a lot to be said for the isolation of apartheid institutions; whether it is practically possible after the Commonwealth decision is questionable. The performing arts councils arrogantly claim that they have emerged unscathed from the boycott, but whether their rather poor performance especially this year is a result of their own incompetence, shrinking subsidies or isolation, is a moot point.

Democracy is not at a premium in the corridors of power at the arts councils. The Russians don't seem to care for the concept either. Pact's numerous visits to Moscow have thus far yielded a few anti-climactical performances of *Giselle* by a Bolshoi ballerina and the promise of the financially troubled Kirov Ballet at the State Theatre, Pretoria.

Clearly the issue at stake is one of labour relations and worker's rights and not "to boycott or not to boycott". Pact practices affirmative action in reverse, importing inferior artists when we could do it better.

Although the arts coucils have indicated a desire to work with "community theatre" organisations and initiated "outreach programmes" of dubious nature, they have not been very accomodating when it comes to democratising policy-making. Capab recently presented a festival of community theatre and according to Pact Drama head, Pierre van Pletzen, the council is negotiating the rights for several pieces and eagerly awaits applications from "indigenous and community theatre groups". It is obvious that survival, and not a sudden attack of conscience, has forced Pact to make these moves.

Both councils, however, have indicated in no uncertain terms that they are not willing to claim responsibility for the legacy of apartheid, Capab's George Loopuyt, thwarting negotiations with Cape Town's Theatre Action Group with an indignant letter to that tune.

Pawe's negotiations with Pact recently reached a stalemate when chairperson Ramolao Makhene stated in a South African Film and Television Union (Saftu) newsletter that although Pawe was a political organisation, it was not party political. Pact used this statement and the fact that Pawe is not a registered union to stall negotiations. According to a Pawe representative "registration of a union is not necessary for engaging with managements" and their "merger with Saftu was proceeding".

Pact's recent labour debacle exemplifies their stance. Pact have allegedly incurred legal costs of over R1 million after their dismissal of some 300 workers, all of which could have been avoided if Pact had allowed them to use debit orders for their monthly contributions to Pawe. The workers won their case, but have not been reinstated because Pact is appealing the judgment. Who pays?

### CONSULTATION

Since "consultation" replaced "accountability" as the buzz word of the moment, those who care have spent a lot of time tracking down these ever-evasive consultees.


The UN foresaw this problem when they asked for a continuation of the boycott: Acting on a request from singer and actress Arja Saijonmaa for "an urgent need for a unified, non-racial cultural structure in South Africa that would monitor cultural contacts between South Africa and other countries", the PAC, Azapo and the ANC formed a Cultural Board to monitor the comings and goings of foreign artists. According to Fitzroy Ncgukana this board is not functioning as it should because the ANC "has its own political agenda", and is ignoring the PAC.

So, consultation, arbitrary and open to corruption as it is, is still with us. At this point the Cultural Workers Congress, the Film and Allied Workers Organisation, the Cultural Board, the Dance Alliance, the South African Musician's Alliance, the Visual Arts Group, the Congress of South African Writers, the Federation of South African Cultural Organisations, the Performing Arts Workers Equity, ANC Department of Arts and Culture and who knows who else, are the appropriate consultees. There is protocol attached to the process of consultation: beware if you find yourself consulting with the wrong person from the right organisation who then forgets to report it to the rest of the organisation. A chat with your local rep over a beer at the Yard of Ale does not constitute consultation.

The process of consultation will be simplified through one body, but such bodies are often the root of petty power politics, nepotism and division in the cultural community. None of this should be seen in a totally negative light, say the optimists: the debate around cultural policy will culminate in a cultural congress where matters will be thrashed out.

# snags sluip die slagters in

**Zimbabwe se renosterbevolking word ernstig bedreig deur gewapende insypelaars uit Zambië. Die situasie is nou so kritiek dat Zimbabwiese bewaringsbeamptes op verlede week se Statebondskonferensie 'n spesiale poging aangewend het om dié slagting onder die internasionale aandag te bring - en president Kenneth Kaunda van Zambië se rol daarin te ontbloot. JACQUES PAUW doen verslag**




EEN van die taaiste gevegte wat hom verlede week stil-stil agter die skerms by die Statebond afgespeel het, was 'n verbete poging deur Zimbabwiese wildbewaarders om die uitroei van hulle renosterbevolking te stop en president Kenneth Kaunda van Zambië se beskerming van die vermeende wilddiewe te ontbloot.

Minstens 959 renosters is sedert Julie 1984 in Zimbabwe geskiet, en die meeste van die wilddiewe kom uit Zambië. Hulle sluip die Zambezi-vallei binne om met outomatiese gewere jag te maak op dié bedreigde spesie.

Zimbabwe se hoof-wildbewaarder, Glen Tatham, het verlede week tydens die tweejaarlikse beraad van die Statebond in Harare 'n veldtog onder staatshoofde en diplomate begin waartydens hy Kaunda se rol in die slagting van die renosters probeer ontbloot het.

Tatham sê in 1984 nog het Zimbabwe gespog met bykans die enigste groeiende swartrenoster-bevolking in Afrika, maar wilddiewe uit Zambië bedreig dié spesie nou met totale uitwissing. Zimbabwe het die afgelope vyf jaar 145 wilddiewe doodgeskiet en 83 gevang - die meeste van hulle afkomstig uit Zambië. In dieselfde tydperk is 258 olifante doodgeskiet.

Die laaste twee jaar woed 'n ernstige twis tussen die wildbewarings-owerhede van Zimbabwe en Zambië oor Kaunda se onwilligheid om die wilddiewe aan Zimbabwe uit te lewer en Kaunda word daarvan beskuldig dat van sy familielede self by die wildstelery betrokke is.

Kaunda weier hardnekkig om die wilddiewe aan Zimbabwe uit te lewer en verwerp die gerugte oor sy eie betrokkenheid as "wilde bewerings". Daar is glo ook sterk teenkanting in Zambië teen uitlewering weens die swaar strawwe vir wilddiewe in Zimbabwe - verpligte tronkstraf van tussen vyf en 15 jaar.

Uit inligting wat deur gevange Zambiese wilddiewe verstrek is, blyk dit dat die meeste van hulle deur groot sindikate in Zambië en uit die buiteland beheer word. Amptenare in Zimbabwe self glo dat van dié sindikate uit die Zambiese regering beheer word.

Wildbewaringsagentskappe in Europa en die Ooste het Zambië nog altyd as een van die belangrikste uitvoerroetes beskou en is verstom oor die gemak waarmee die renosterhorings en ivoor uit Zambië gesmokkel word.

'n Lys van name van wilddiewe met getuienis teen hulle is 'n geruime tyd gelede al aan die Zambiese owerhede oorhandig, maar tot dusver het Kaunda persoonlik geweier om ag op die lys te slaan.

Die belangrikste getuienis oor die betrokkenheid van Kaunda en sy familie by die wildstelery in Zimbabwe was twee jaar gelede toe die president se vrou met haar aankoms in Londen deur doeane-amptenare in hegtenis geneem is weens die onwettige smokkel van ivoor en renosterhoring.

Die Britse pers het destyds berig dat dit slegs diplomatieke onderhandelings agter die skerms en Kaunda se goeie verhouding met die Britse regering was wat sy land en familie van 'n yslike skandaal gered het. Die pers het berig dat een van sy seuns saam met sy ma by die smokkelhandel betrokke was.

Tatham sê hoewel Zimbabwe oor waarskynlik die bes-opgeleide eenhede teen wilddiefstal in Afrika beskik, is dit bykans onmoontlik om insypeling uit Zambië heeltemal hok te slaan.

Die wilddiewe vaar snags met klein bootjies oor die Kariba-dam en die Zambezirivier en sypel die ongerepte wildernisgebiede binne waar die renosters en olifante met outomatiese gewere geskiet word. Teen ligdag is die diewe met hul horings en ivoor weer terug in Zambië.

Die skiet van renosters het in 1988 'n hoogtepunt bereik - 200 is dié jaar geskiet. Verlede jaar is 180 geskiet en 90 tot dusver vanjaar. Volgens Tatham was daar die laaste vyf jaar minstens 784 insypelings uit Zambië na Zimbabwe om renosters en olifante te jag.

Die meeste van die wêreld se 6 000 oorblywende swart renosters kom in Zimbabwe se noordelike natuurgebiede voor. Tien jaar gelede was daar nog 100 000 renosters in Afrika.

Die direkteur van die departement van nasionale parke en wildlewebestuur van Zimbabwe, Willie Nduku, het verlede week aangekondig dat bewaringsamptenare begin het met 'n program om die horings van alle witrenosters in die land te verwyder.

Sowat 40 renosters se horings is reeds verwyder. Nduku sê die verwydering van die horings is 'n proefneming en indien dit slaag, sal die horings van swartrenosters ook verwyder word. Namibia het enkele jare gelede die horings van sy renosters in sekere gebiede ook verwyder.

Die skiet van renosters in die Zambezivallei in Zimbabwe het in 1983 begin nadat die renosterbevolking in Zambië byna uitgewis is. Die gebied waar die meeste wildstelery tans plaasvind, beslaan sowat 15 000 vierkante kilometer en sluit een nasionale park en drie safari-gebiede in.

Die bewaringsowerhede het onlangs begin met 'n program om renosters in veiliger bewaringsgebiede in Zimbabwe te hervestig en 14 regerings dra tans by tot die bewaring van renosters in Zimbabwe.

Tatham glo een van die enigste maniere om die stelery te stop, is om internasionale druk op die Zambiese regering te plaas om nie net sy eie kwynende renosterbevolking te red nie, maar te keer dat gewapende diewe Zimbabwe infiltreer.

Tatham het verlede week samesprekings gevoer met verskeie diplomate en regeringsamptenare wat die Statebondskonferensie bygewoon het, en meen daar bestaan groot simpatie vir Zimbabwe se renosterprobleem. Hy sê die houding is tans dat Zimbabwe moet wag vir die uitslag van die algemene verkiesing later vandeesmaand in Zambië voordat enige daadwerklike stappe oorweeg word. Sou Kanunda die verkiesing verloor, kan die probleem homself dalk oplos.

Hy het probeer om persoonlik by Kaunda uit te kom, maar die Zambiese president het sy besoek aan Harare kortgeknip en teen die naweek reeds terug na Zambië vertrek om sy verkiesingsveldtog te voer.

Hoewel die olifantbevolking van Zimbabwe ook onder die wilddiewe deurloop, word die toekoms van dié spesie glad nie bedreig nie. Daar is tans 70 000 olifante in Zimbabwe, terwyl daar in 1960 net sowat 33 000 was.

Die afgelope 30 jaar moes Zimbabwe 45 000 olifante skiet om skade aan die omgewing te keer, maar nou sit dié land met die probleem dat hy sy olifantbevolking met 'n verdere 27 000 moet uitdun.

Die omgewing was een van die belangrikste besprekingspunte op vanjaar se Statebondskonferensie en 'n besluit is aanvaar dat natuurbewaring een van sy hoofkwessies in die negentigerjare gaan word.

Die Britste eerste minister, John Major, het vandeesweek op 'n perskonferensie gesê die uitwissing van bedreigde plant- en dierspesies is onrusbarend en die Statebond gaan voortaan baie aandag daaraan gee.

Die Verenigde Volke het 'n internasionale konferensie oor die omgewing vir Julie volgende jaar in Rio de Janeiro in Brasilië belê en Major sê lede van die Statebond gaan aangemoedig word om afvaardigings daarheen te stuur om die probleme van die omgewing te bespreek.

Ander natuurprobleme waaraan die Statebond in die jare negentig bepaald aandag gaan gee, is die ontbossing van inheemse woude, die vergiftiging van die aarde en die vernietiging van die osoonlaag.

# CHILDREN OF AFRICA

INTERNATIONAL CONFERENCE AND CHARITY CONCERT
LAGOS, NIGERIA • NOVEMBER 28-30

CATCH OUR LOCAL MUSICIANS PERFORMING LIVE IN SOUTH AFRICA ON OCTOBER 23 BEFORE THEY LEAVE FOR LAGOS!

**Miriam Makeba • Hugh Masekela and Bayeta • Mahlathini And The Mahotella Queens**
**Ladysmith Black Mambazo • Yvonne Chaka Chaka • African Jazz Pioneers**
**Mbongeni Ngema with Sarafina • Township Fever**
**BOOKING AT COMPUTICKET**

**CHARITY CONCERT LINE-UP • LAGOS • NOVEMBER 30**

For the first time, African performers of world status will play on stage together, in Africa. Appearing alongside the South African musicians will be:

COLOR ME BADD • LONDON BEAT • SALIEF KEITA • FELA KUTI • MANU DIBANGO • KING SUNNY ADÉ • NINA SIMONE • ASWAD • WHITNEY HOUSTON • LUTHER VANDROSS • DIONNE WARWICK ZIGGY AND RITA MARLEY • AND MANY OTHERS

The concert will be broadcast live to countries throughout the world

**You can't afford to miss it!!!**

CHILDREN OF AFRICA
THEY DESERVE A BETTER TOMORROW

**INTERNATIONAL CONFERENCE * LAGOS * NOVEMBER 28 AND 29**

The children of Africa deserve the same opportunities and potential to succeed afforded all other developed societies of the world. The charity Children of Africa will bring together an assembly of experts at its conference on the plight of the African child. The conference will focus on issues as they relate to the educational, racial and economic development of African children around the world, and will enable an international exchange of ideas between professionals in the private, political and academic sectors.

*"Our aim is to show the world - and ourselves - what it means to be an African. During the recent and continuing tragedy of famine, other countries and organisations have given their support and their aid to Africa. Now we ourselves, the Africans, must do something for Africa - in Africa."*

- **Miriam Makeba** (vice president of Children of Africa, a trust set up to organise fundraising events and distribute the funds raised to children's charities and aid projects throughout Africa and the world).

**Contact African Travel at (011) 833-7030 for travel details**
**For more information please contact**
**Thembi (011) 648-5005 or Lorraine at (011) 648-4656**




TINUS HORN

## Kan Pierre die volgende Buster Douglas wees?

PIERRE COETZER was tot dusver nog nie 'n wafferse Groot Wit Hoop nie; daarvoor het hy darem te middelmatig teen die bokswêreld se "stiffs" (waar kry Alan Toweel hulle almal?) vertoon.

Maar hy ís groot en wit, en daardie twee eienskappe het van Gerry Cooney 'n miljoenêr gemaak. Noudat die akteur Tommy Morrison so 'n lelike pak slae teen Ray Mercer op die lyf geloop het, gaan promotors met nuwe oë na Coetzer kyk.

Selfs 'n geveg teen Evander Holyfield is dalk nie meer so vergesog soos 'n paar maande gelede nie.

Holyfield se groot geveg teen Mike Tyson is vir eers van die baan (en dalk vir altyd, as Tyson volgende jaar 'n loopbaan by die gevangenisdiens volg). Die kampioen weet hy kan nie bekostig om te lank buite aksie te wees nie, en 'n geveg teen Coetzer het die potensiaal om 'n hele paar dollar vir hom werd te wees (vanweë Coetzer se wit vel) en met 'n baie klein risiko van 'n nederlaag.

Wanneer 'n mens bokskenners in Suid-Afrika vra wat hulle dink Pierre se kanse in so 'n geveg sou wees, kry hulle so 'n veraf kyk in die oë. En hulle swyg.

Almal weet die twee hoort nie saam in die kryt nie; Holyfield sal Coetzer se gebrekkige verdediging gewetenloos uitbuit en hom dalk lelik seermaak.

Coetzer is baie gelukkig om tweede op die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se ranglys te wees, en van Mercer, Riddick Bowe en Razor Ruddock moet hy liefs ver wegbly.

Maar as hy 'n kans teen Holyfield kry, moet hy nie eers twee keer dink nie. Onthou, Buster Douglas en Mike Tyson het ook nie in dieselfde kryt gehoort nie...

Coetzer se oorwinning teen Dan Murphy verlede Saterdag was so maklik dat 'n mens nie te veel daarin moet probeer lees nie, maar hy lyk nou beslis beter as enige ander stadium van sy loopbaan.

En soos alle harde slaners klim hy altyd deur die kryt met minstens 'n buitekans.

My geld sal beslis op Coetzer wees. Mits iemand my 'n wedprys van so 100-1 aanbied.

**HOE SOU IERLAND TEEN DIÉ C-SPAN VAAR?**

David Campese se briljante oomblikke teen Ierland wou 'n mens verlede Sondag so byna-byna laat glo die Wallabies is die beste rugbyspan ter wêreld.

Maar dan weer - die Ierse span wat hulle so hard laat swoeg het, het 'n maand of drie gelede twee keer teen Namibia verloor.

Ierland se veggees verdien krediet; talent is daar nie werklik in oorvloed nie.

Maar hoe sou die Iere, wat met 'n enkele puntjie teen Australië verloor het, teen Suid-Afrika se C-span vaar?

Dié span, wat met 'n bietjie gekroek saamgestel is uit spelers wat nie in die wedstryd tussen die Springbokke en Junior Springbokke gespeel het nie, sou beslis die kwarteindronde van die Wêreldbekerreeks kon haal.

(Die kroekery lê daarin dat 'n paar voormalige Bokke gekies is. Hulle is natuurlik nie vir die Junior Springbokspan oorweeg nie).

Hier's hy: Heelagter: Theo van Rensburg; Linkervleuel: Jacques du Plessis; Regtervleuel: Izak Beneke; Senters: Pieter Muller en F A Meiring; Losskakel: Jannie de Beer; Skrumskakel: Hentie Martens; Loskopstut: Frans Erasmus (Om Heinrich Rodgers te kies, sou die kroekery darem effe ver voer); Haker: Shaun Gage; Vaskop: Piet Bester; Slotte: Adri Geldenhuys en Niel Hugo; Flanke: Adriaan Richter en Francois Pienaar; Agtsteman: Tiaan Strauss of Pote Human.

**ONE BOER, ONE BOUNCER**

Die een of ander wysgeer in Australië wou krieket se eendagreeksreeks om die Wêreldbeker vandeesweek in sy koerantrubriek as 'n potensiële rasse-konfrontasie uitbeeld, omdat Suid-Afrika daar gaan wees.

Volgens hom sal spelers van die Wes-Indiese Eilande nie aan krieket dink wanneer hulle teen Suid-Afrika speel nie, nie, maar aan "...hundreds of years of history - a dirty grubby chunk of history when the white man heaped injustice on the black man, when murder, slavery, rape and pillage became the order of centuries."

Hy meen die reël wat wipballe in eendagwedtryde verbied, sal aan 'n strawwe toets onderwerp word wanneer die twee lande mekaar pak.

Baie van die voorste Windie-boulers het die afgelope twee dekades die kans gekry om hul griewe in die Engelse graafskapliga op Suid-Afrikaanse kolwers uit the haal. Hulle het nie.

Sover ons kon vasstel, was lede van Lawrence Rowe se rebelle-toerspan ook nie juis venyniger hier as wat hulle gewoonlik is nie. (Dalk is daar 'n reël wat rassehaat tot amptelike toetswedstryde beperk).

Maar as die Windies wel volgende jaar aan daardie dirty, grubby chunk of history gaan dink, moet hulle sekerlik 'n paar wipballe na die Aussies se koppe ook mik.

# die hulpeloses bly hulpeloos

## Weens 'n gebrek aan geld verkeer maatskaplike dienste in Suid-Afrika nou in die grootste krisis tot dusver - en geen verligting is in sig nie. **PEARLIE JOUBERT** doen verslag van die noodkrete

MAATSKAPLIKE dienste in Suid-Afrika verkeer in die grootste krisis nóg en die aanduidings dat dié situasie gaan verander - selfs met die bewilliging van R220 miljoen vir 'n fonds ter verligting van armoede - is maar skraal.

"Daar is nie baie lig aan die einde van die tonnel nie omdat die regering nie verantwoordelikheid wil aanvaar vir dié groep mense wat ekonomies niks vir hulle beteken nie," sê Heather Regenas van die Nasionale Instituut Insake Misdaadvoorkoming en Rehabilitasie van Oortreders (Nicro).

Dié groep mense van wie Regenas praat, is die 44 persent van die bevolking wat oor minder as tien jaar werkloos gaan wees; die byna 80 persent van die inwoners van die plattelandse gebiede wat tans onder die broodlyn leef; die byna 30 000 vroue wat jaarliks in Suid-Afrika verkrag word; die duisende kinders wat jaarliks ouerloos gelaat word; die duisende mense wat sielkundige probleme ondervind weens die geweld en die verandering; die duisende bannelinge wat ná jare in ballingskap terugkeer; en die duisende mense wat tans weens oortredings in Suid-Afrikaanse tronke aangehou word.

Maatskaplike werkers meen die regering wil welsyn-organisasies nie genoegsaam subsidieer nie omdat behoeftige mense as 'n las vir die samelewing beskou word. "Ou mense word in ouetehuise gesit, gestremdes en geestelik gestremdes word in inrigtings geplaas, weeskinders in kinderhuise, straatkinders in skuilings - aan die periferie van die samelewing word dié mense aangehou waar hulle nie in die pad van vooruitgang en ekonomiese voorspoed is nie," sê Regenas.



Kinderwelsyn is maar een aspek van maatskaplike werk en dié kind van die KTC-plakkerskamp is maar een van derduisende plakkerskamp-kinders in Suid-Afrika. (Foto: Chris Ledochowski: Southlight)

Jeanette Schmid van die Concerned Social Workers (CSW) en Nicro verduidelik die regering se houding jeens die finansiering en subsidiëring van maatskaplike werk só: "Daar is altyd baie geld en geesdrif vir die oprigting van groot en hoë geboue, maar wanneer dit kom by die instandhouding van dié geboue, is daar nooit geld nie. Dit werk ook so wanneer befondsers besluit waarvoor hul geld gebruik gaan word: om 'n mediese dokter te befonds om gespesialiseerde opleiding te ontvang, is veel lekkerder as om geld te gee vir die opheffing van plakkers, alkoholiste en kriminele omdat dit ekonomies meer voordelig is."

Die primêre verantwoordelikheid vir die verskaffing van welsyndienste rus by die privaat sektor. Tans subsidieer die regering 75 persent van die salaris van 'n maatskaplike werker wat vir die eerste maal in die veld begin werk. Dit beteken, volgens Michell Cresno van die CSW, dat 'n persoon met jare se ondervinding net deur privaat en semi-privaat maatskaplike welsyn-organisasies bekostig kan word indien daar aanvullende befondsing vanuit die privaat sektor kom.

Tans verdien 'n maatskaplike werker, met minstens drie jaar ondervinding, minder as R3 000 per maand. "Dit, en die geweldige werklas, is een van die belangrikste redes waarom slegs een derde van die aantal maatskaplike werkers wat verlede jaar aan die Universiteit van die Witwatersrand gegradueer het, hulle as maatskaplike werkers registreer het," sê Regenas.

Daar is nou maar 7 000 geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika waarvan byna 80 persent witmense is. Maatskaplike werkers, wat hulle net kan registreer ná 'n universiteitsopleiding van vier jaar, werk ná hul opleiding gemiddeld een jaar in die veld en verlaat dit dan.

Verlede Vrydag het 'n groep verteenwoordigers van verskillende maatskaplike werk-organisasies die minister van Gesondheid en Welsyn, dr Rina Venter, gaan spreek oor die krisis in dié sektor van ons samelewing.

"Vir die eerste maal, dink ek, besef die regering dat die krisis op dié gebied nie net praatjies met die oog op hoër lone is nie. Tot dusver was dit baie maklik om maatskaplike werk onder die mat in te vee, maar ek dink Venter het besef dat 20 verskillende departemente - wat almal iets met welsyn te make het - nie die sosiale probleme van die land kan oplos nie," sê Donna Labe van die Family Life Centre en CSW.

Die krisis waarvan sosiale werkers praat, het soos byna elke ander sosiale krisis in ons samelewing te doen met beleidsrigting wat jare gelede ingeslaan is om bepaalde bevolkingsgroepe te bevoordeel ten koste van ander.

"Meer as 40 jaar se apartheid, universiteite wat net vir witmense toeganklik was, die driekamerparlement en die daarmee gepaard gaande verskillende Welsyndepartemente, het aanleiding gegee tot waar ons vandag sit: Hier is letterlik derduisende mense wat hulp van een of ander aard nodig het, en maatskaplike werkers het nie die geld, tyd of hulpbronne om dit aan hulle te gee nie," sê Labe.

Schmid stem saam en sê maatskaplike werkers-organisasies het in die dertigerjare vir die eerste maal op 'n georganiseerde grondslag begin werk ter ondersteuning van die armblankes. "Regeringsbeleid, wat 'n paar jaar later vasgelê is, het dit byna onmoontlik gemaak om welsynswerk in swart gemeenskappe in dieselfde mate as in die wit gemeenskappe te doen," sê sy.

Swart gemeenskappe het vandag, weens dié beleid, juis die grootste behoefe aan welsynwerk.

"Ons sit vandag met die oorblyfsels van 'n Afrikaner-mentaliteit wat bepaal dat elke gemeenskap na sy eie mense omsien en dat welsyn die verantwoordelikheid van die bure is. In die dertigerjare het dié mentaliteit goed gewerk, maar weens ekonomiese toestande, die toename in geweld, behuisingstekorte, die onderwyskrisis en politieke en sosiale onstabiliteit, het dinge buite enige buurman of buurvrou se beheer geraak.

"Die staat sal móét ingryp - daar is eenvoudig net nie genoeg geld om mense vir jare en jare net in tronke aan te hou nie omdat daar nie genoeg rehabilitasiewerk gedoen kan word nie," sê Regenas.

Regenas en haar kollegas meen die regering se aanmoediging van die privatisering van die welsynsorganisasies is net 'n poging om nie hul hande vuil te maak nie.

"Weens die aktiewe rol wat die regering gespeel het in die verarming van die grootste gedeelte van ons bevolking, kan hulle nie nou skielik hul hande in onskuld was en sê welsyn is gemeenskappe se eie probleem nie. Die tuisland-stelsel, noodtoestande, die onderwysbeleid het alles bygedra tot verarming wat weer aanleiding gee tot geweld en sosiale desintegrasie.

"Daarom is die maatskaplike welstand van die samelewing beslis ook die regering se verantwoordelikheid. As politieke geweld toeneem, kinders nie kan skool toe gaan nie, gewone mense nie mediese en regsdienste kan bekostig nie, is dit natuurlik ook die regering se verantwoordelikheid," sê sy.

In 'n verslag wat vroeg vanjaar aan dr Venter voorgelê is, het die CSW, die South African Black Social Workers Association, die Vereniging vir Maatskaplike Werkers en die SA Raad vir Maatskaplike Werkers 'n 60 persent verhoging van salarisse van die regering geëis. Hulle eis ook dat die regering die opleiding van sosiale werkers subsidieer.

"Maatskaplike werkers werk onder geweldige druk: ons neem daagliks besluite oor mense se lewens - soos of 'n egpaar se kinders van hulle weggeneem moet word of iemand gesertifiseer moet word en in 'n inrigting opgeneem moet word. Mense met soveel verantwoordelikheid behoort hulle nie nog te bekommer oor geld vir kos nie," sê Regenas.

Die opleiding van maatskaplike werkers is volgens Labe van Family Life Centre ook 'n probleem: "Soos tydens mediese opleiding, het alle maatskaplike werkers nie so 'n gespesialiseerde en lang opleiding nodig nie. Weens die omvang van die probleem is para-professionele mense belangriker as gegradueerdes, wat in elk geval ook verdere opleiding ontvang wanneer hulle begin werk. Maar, mense mag net as maatskaplike werkers werk indien hulle gegradueer is. Dit is net so onprakties as om medici op te lei wat almal gespesialiseerde operasies kan uitvoer terwyl die meeste Suid-Afrikaners net basiese mediese sorg benodig."

Labe meen dat dr Venter "gunstig" reageer het tydens die vergadering wat met haar belê is, maar sy het geen aanduiding gegee van hoe die regering gaan reageer op die krisis van sosiale en maatskaplike opheffingswerk nie.

# Tegnologie kikker ou doepas op

**Westerlinge kan nie Oosterse geneesmetodes verstaan nie omdat hulle net glo wat hulle kan sien, word gesê. Maar Westerse tegnologie word nou ingespan om die Chinese tradisionele geneeskunde meer doeltreffend te maak én wyer bekend te stel, berig BRUCE SHU**

BEIJING - Deskundiges van die Chinese kruie-geneeskunde en akupunktuur span deesdae die nuutste tegnologie in om te help met duisende jare se tradisie.

Laser-apparate, rekenaardiagnoses en elektrodes help nou om die tradisionele geneeskunde beter te benut en vir Westerlinge toeganklik te maak.

"Dié apparaat meet bio-energie en spoor irritasies in die liggaam, ontsteking en die degenerasie van organe op," sê die Amerikaner James Jose - een van die meer as vyftig afgevaardigdes op vanjaar se Internasionale Kongres van Tradisionele Geneeskunde in Beijing.

Hy heg 'n elektrode aan 'n akupunktuurpunt op 'n vrou se voetsool - en siedaar, 'n naald skiet op in 'n elektriese registreerapparaat. Die diagnose? Galstene. By 'n stalletjie daar naby raak prof Gai Guocai weer baie geesdriftig oor die gebruik van 'n rekenaar om akupunktuur te registreer.

"Dié masjien kan kanker in 'n baie vroeër stadium as X-strale diagnoseer," sê hy trots en voeg by die apparaat het die goedkeuring van die Chinese Departement van Gesondheid gekry.

'n Ander stalletjie spog met 'n borskashoogte akupuntuurmasjien met verlengbare robot-arms wat uitloop in laserstrale. 'n Elektriese geweer word ook vertoon wat "kruiekoeëls" in 'n pasiënt se vel inskiet - 'n moderne weergawe van 'n ou gebruik om kruie op die vel aan die brand te steek.

Maar hoewel die deskundiges meen die tegnologie het tradisionele genesing 'n hupstoot gegee, voel tradisionaliste op grondvlak dikwels maar bra geheg aan hul ou naalde en doepas.

"Die probleem met dié toestelletjies is dit beweeg weg van basiese dialektiese teorie," sê een navorser in vlekkelose Marxtaal. Dialektiese teorie skryf voor dat 'n diagnose gemaak moet word deur eers 'n geheelindruk te kry, pleks van na die simptome te kyk.

Maar 'n ander een sê: "'n Ou boom het nodig om nuwe takke uit te stoot, anders gaan hy dood."

Tegnologie is dalk al manier om die voordele van die tradisonele geneeskunde aan skeptiese Westerlinge voor te stel. Westerlinge glo net wat die oog kan sien en tegnologie kan die onsigbare sigbaar maak, word gesê.

"Hulle kan nie gevoelens en energie sien nie, so hulle glo eenvoudig nie daarin nie," sê Deolinda Fernandes, 'n akupunktuurdeskundige van Portugal. Tradisionele genesing is baie kwesbaar vir die aanklag van kwaksalwery, en die metodes maak dié geneeskunde meetbaar op 'n Westerse deduktiewe manier.

"Ons kan na die liggaam kyk vanuit die oogpunt van die fisika met sy elekromagnetiese eienskappe, óf vanuit 'n biochemiese hoek, wat die Westerse manier is," sê Julia Tsuei, president van die Stigting Oos-Wes Medisyne. Sy is sowel 'n verloskundige as 'n tradisionele geneesheer.

Soos die tentoonstelling ook wys, is Chinese geneeskunde nie sonder sy tradisionele medisynes nie. Ginseng en fyngemaalde bokhoring is in pille beskikbaar.

Dan is daar Boeddha-neusproeimiddel vir hooikoors, en 'n middel vir rumatiek wat bestaan uit 'n "voortreflike soort mier" as hoof-bestanddeel.

En by die Volksleër se stalletjie word 'n "uitstekende" vogroom ten toon gestel wat uit moerbeie en ander middels saamgestel is. Dis glo net die regte ding vir enige oorlogsituasie. - AFP



# Taiwan dalk onafhanklik?

**In 1949 is die Chinese vasteland deur Mao Zedong en sy Kommunisteparty oorgeneem en as die Volksrepubliek van China herdoop. Die omvergewerpte regering van Chiang Kai-shek het na die eiland Taiwan gevlug en hulself daar as die wettige regering van China verklaar. Om dié rede het Taiwan, wat amptelik steeds as die Republiek van China bekend staan, nooit homself onafhanklik verklaar nie, omdat dit die bestaan van "Rooi" China sou erken. Maar, skryf PIERRE LANFRANCHI, die wiel het intussen gedraai...**

BEIJING - Rooi China het vandeesmaand een van sy groot nasionale dae gevier - die tagtigste herdenking van die 1911-revolusie wat gelei het tot die stigting van die Republiek van China.

Die revolusie is gelei deur dr Soen-Jat-Sen teen die Ch'ing dinastie, en het duisende jare van koninklike bewind in China tot 'n einde gebring. Dit was eers op 21 September 1949 dat Mao Zedong die Volksrepubliek van China, ofte wel Rooi China, gestig het. Van dié dag was China 'n kommunistiese staat.

Die vraag is waarom China vanjaar op sy nasionale dag soveel klem op Chinese nasionalisme gelê het. Dit lyk of hy 'n boodskap aan Taiwan wil stuur, waar werklike onafhanklikheid vir die eerste keer oorweeg word en die idee van nasionale eenheid met Rooi China minder belangrik word. Eenheid is egter nog van opperste belang vir Rooi China.

Tot dusver het sowel China as Taiwan een China onderskryf, maar Taiwan is militant teen die kommunisme gekant. In 1971 is Taiwan - wat homself die naam Republiek van China toegeëien het - uit die Verenigde Volke geskors sodat Rooi China toegang kon verkry - daar kan tog nie twee Chinas in die VVO wees nie.

Ná die versplintering van die Sowjet-Unie in nasionale entiteite word die idee van staatkundige onafhanklikheid vir Taiwan al meer bespreek.

"Die beginsels van vreedsame hereniging en 'een land - twee stelsels' wat deur die Chinese Kommunisteparty voorgestel word, is van fundamentele belang," het die Chinese president, Jang Sjankoen, by die feesverrigtinge gesê. Dit word vertolk as 'n waarskuwing aan Taiwan om nie onafhanklikheid te oorweeg nie.

Die Taiwannese opposisie, die Demokratiese Progressiewe Party (DPP), steun deesdae openlik onafhanklikheid, wat voorheen 'n taboe was. Straatbetogings is gevolg deur die ongehoorde - 'n televisiedebat oor die kwessie. China noem die strewe 'n "klug".


Taiwan - die Republiek van China - sal weer tot die VVO toegelaat kan word as hy sy naam sou verander na die Republiek van Taiwan om hom so finaal van China te onderskei. Sy dae as 'n "internasionale weeskind" sal dan op 'n einde wees. Slegs 29 lande erken tans Taiwan.

Die onenigheid binne China oor kommunisme is vir Taiwan van groot belang. Jang het die seldsame gedoen deur in die openbaar die bestaan van teenstrydige denke in die Kommunisteparty te erken.

"Sommige kamerade is bekommerd oor die toekoms van die sosialisme en twyfel selfs daaroor," het hy in 'n herdenkingstoespraak gesê.

Die party-mondstuk maak nou groot gewag oor "die groot suksesse" in Binne-Mongolië, Tibet en die Xinjiang-streek wat suksesvol outonoom is onder die kommunistiese bewind.

China sê die oplossing is "om vinnig op die sosialistiese pad voort te beweeg". Maar dis duidelik wie aan die beweeg is: Taiwan - na onafhanklikheid. - AFP




## Die Volksrepubliek van China

**Bevolking :** 1 130 065 000
**Bevolkingsdigtheid :** 288 per vierkante myl
**Etniese groepe :** Han Chinese, Mongole, Koreane e.a.
**Lewensverwagting :** 68 (mans), 70 (vroue)
**Hoofstad :** Beijing
**Staatsvorm :** kommunistiese eenpartystelsel
**Nywerheid :** yster en staal, tekstiel
**Opvoeding :** 70 persent
**Televisiestelle :** 1 per 12 mense
**Inkomste per capita :** sowat R680

## Taiwan

**Bevolking :** 20 454 000
**Bevolkingsdigtheid :** 1 460 per vierkante myl
**Etniese groepe :** Taiwannese, Chinese
**Hoofstad :** Taipei
**Lewensverwagting :** 70 (mans), 76 (vroue)
**Staatsvorm :** eenparty-staat - die Nasionale Party van Taiwan
**Nywerheid :** tekstiel, elektronika, plastiek
**Opvoeding :** 90 persent geletterd
**Televisiestelle :** 1 per 3,2 mense
**Inkomste per capita :** sowat R16 120

# kapitalistiese siekte tref china

'n Kapitalistiese siekte het sukkelende Chinese staatsondernemings getref: hulle speel bankrot. Al alternatief is dat die staat - wat die maatskappye moet subsidieer - bankrot word. En dit sal die einde van kommunisme wees, skryf **WILLIAM BRENT**

BEIJING - Die ekonomiese krisis in China dwing die kommunistiese bewind om staatsondernemings bankrot te verklaar.

Konserwatiewe Marxiste beskou dié maatreël as skandelik omdat bankrotskap 'n kapitalistiese praktyk is. Meer as 25 staatsondernemings het vanjaar reeds bankrot gespeel - die meeste van hulle sedert Junie - en die aanduidings is dat bankrotskap daagliks aan die toeneem is.

"Die bankrotskappe waarvan ons weet, is maar die punt van die ysberg. Omdat kommuniste bankrotskap as skandelik beskou, maak hulle nie alle gevalle bekend nie," sê 'n Chinese ekonoom. Westerse waarnemers beskou die erkenning van bankrotskap egter as 'n belangrike stap na ekonomiese hervorming.

"Die staat moet kies tussen oorlewing en ideologie. Hy moet kies tussen ineenstorting en die toemaak van sake-ondernemings," sê een ekonoom.

Die huidige fokuspunt van die debakel is Hainan - 'n spesiale ekonomiese sone in suidelike China - waar die land se grootste bankrotskap-saak tans geskik word.

'n Reuse-staatsonderneming in Hainan ontvang sedert sy ontstaan in 1984 verdagte banklenings en skuld nou al sowat R67,6 miljoen. Van die ses banke by die katastrofe betrokke staan slegs die Volksbank van China die bankrotskap teen. Dié bank het sowat R112 miljoen aan die vervalle maatskappy geleen sonder behoorlike magtiging en gaan die geld nou maar afskryf.

Die bank is tegnies nie toegelaat om enige lenings toe te staan nie. Ondanks ontmoetings tussen krediteure onder toesig van die Hainanse Hoogeregshof, het die plaaslike regering van Hainan - wat eers die bankrotskap ondersteun het - koue voete gekry.

"Alhoewel die maatskappy na regte bankrot behoort te speel, moet ons alles in ons vermoë doen om dit te verhoed want dit sal 'n slegte invloed op sosiale stabiliteit hê," lui 'n verklaring.

Die sentrale regering het 'n interne verslag aangevra, maar moet in die tussentyd sowat R5,2 miljoen in rente jaarliks betaal aan die maatskappy se skuld.

Hoe die regering die Hainan-saak gaan hanteer, sal 'n aanduiding van twee dinge wees meen 'n regsdeskundige: in watter mate hy ekonomies gaan hervorm en tweedens, of hy die wette wat hy self aangeneem het, gaan gehoorsaam.

In Desember 1986 het die staat 'n wet deurgevoer wat bestempel is as "heiligskennis van die reël van besitting deur die volk as geheel". Dié wet is ná die teenstand omtrent nooit gebruik nie.

Maar namate staatsnywerhede die staatskis leeg laat loop, lyk dit of die regering bereid is tot uiterste maatreëls.

"Ondernemings wat ondoeltreffend werk en geen vooruitsigte het nie, moet sluit, die aard van hul produksie verander of met ander maatskappye saamsmelt," het die Algemene Sekretaris van die Kommunisteparty, Djiang Zemin, gesê.

Sedert die Kommunisteparty in 1949 aan die bewind gekom het, het hy soveel geld laat druk as wat die staatsektor nodig gehad het. Maar met een derde van staatsondernemings wat voortdurend geld verloor, kan die staat nie meer bekostig om skuld van miljarde rande te subsidieer nie.


Bankrotskapkennisgewings verskyn al hoe meer in die Chinese staatskoerante - in fyndruk.

"In die verlede sou maande verbygaan sonder so 'n kennisgewing, nou verskyn een elke paar dae," sê 'n regsgeleerde.

Die nuwe adjunkpremier, Zhoe Rongji, 'n hervorminggesinde, is volgens aanduidings die stukrag agter die pogings om sukkelende maatskappye in staatsbesit bankrot verklaar te kry. Maar die proses het aansienlik teenstand gekry van verstoktes en burokrate.

Konserwatiewe stadsvaders meen as aanlegte toemaak, sal werkloosheid tot massa-proteste soortgelyk aan dié in 1989 lei. Maar Chinese ekonome wat die hervormings ondersteun, meen dit sal nie gebeur nie.

"As tien voëls op 'n tak sit en jy gooi een met 'n klip dood, gaan die ander nege nie daar sit en wag om ook doodgegooi te word nie," sê een ekonoom. - AFP.



Die afgetrede Deng Xiaoping

## hupse Deng swaai nog die septer

BEIJING - Toe Deng Xiaoping in Maart verlede jaar aftree, was sy woorde: "Dis beter vir stabiliteit om dood te gaan nádat jy die toneel verlaat het as in die tuig."

Tog lyk dit nie of die ou patriarg, vanjaar 87, by sy goeie voornemens gebly het nie. Daar word wyd geglo hy het nog 'n sterk invloed en sy skadu hang oor elke aspek van die politieke lewe in China.

Deng word selde in die openbaar gesien. Sy laaste verskyning was ses maande gelede op televisie en sy daaglikse aktiwiteite bly 'n geslote boek. Hy bly met verskeie familielede agter die hoë mure van sy huis in Beijing, bring die winter in Sjanghai en die somer saam met belangrike Partykokkedore in die kusoord Beidaje deur.

Vanjaar was geen koerantfoto's te sien van Deng wat hups sy borsslag oefen nie. Sy verjaardag is omtrent geïgnoreer behalwe dat op dié dag genoem is 'n "boek met sy bepeinsinge" gaan die lig sien.

Volgens berigte bring hy heelwat tyd met sy kleinkinders deur, is hy ook nie links vir 'n potjie brug met ou vriende nie, en versorg hy sy gesondheid. Deng wil graag nog in 1997 Hongkong besoek wanneer dit by China ingelyf word. Volgens sy seun, Deng Poefang, is hy egter amper stokdoof en kan hy nie sonder hulp loop nie.

Waarnemers glo hoewel Deng nooit vergaderings bywoon nie, stuur hy nog sy instruksies aan. Baie besluite vanjaar dra die Deng-stempel.

Een was die aanstelling van Zhoe Rongji as adjunk-premier. Zhoe is 'n pragmatis en lankal 'n gunsteling van Deng. Daar word geglo Zhoe sal Li Peng as eerste minister opvolg.

Dié is ongewild - 'n verstokte wat teen groter ekonomiese openheid ('n dringende noodsaaklikheid) gekant is en instrumenteel was in die onderdrukking van die opstand in 1989. Deng kry ook die krediet vir die terugkeer van drie "liberale" wat ná die Tiananmen-massaslagting verdwyn het. Een, Hoe Qili, is nou 'n adjunk-minister.

Maar Deng het veral China se buitelandse beleid - gekenmerk deur toenadering en die goeie buurmanskap wat China so nodig het - in onlangse maande bepaal. Ondanks die groter wordende ideologiese gaping tussen Moskou en Beijing het amptelike besoeke toegeneem.

China is ook nader aan bande met Japan en het verhoudinge met sy aartsvyand Viëtnam genormaliseer. Deng se ekonomiese programme, in die laat sewentigjare van stapel gestuur, word energiek toegepas. Die kat kom weer. - Pascale Trouillaud/AFP.

# Ontmoet dominee Herby, die NG Kerk se gewete

Die klein, geboë **ds Herby Brand,** predikant van die enigste bruin gemeente in die NG Kerk, speel die laaste dekade al die rol van 'n moderne hofnar in die Wes-Kaapse sinode. So reg na die Shakespeariaanse tradisie laat Brand sy toehoorders skaterlag - maar dis 'n lag wat na binne gekeer is, omdat dit so na aan die been sny. Die sake wat ander onder die mat sou wou vee, is juis die sake wat hy aanroer. **INA VAN DER LINDE** gesels met die uitgesproke dominee

HY hoor daar's glo 'n groot verskil tussen die werkmetodes van die weermag en die polisie, sê Herby Brand, predikant van die enigste bruin gemeente in die NG Kerk, vroeër dié week by die Wes-Kaapse Sinode in Kaapstad. Wanneer die weermag 'n krokodil wil vang, stuur hulle spioene uit om te bepaal waar die krokodil is, dan stuur hulle die nodige spanne met voertuie en vangnette uit, en vang die krokodil.

Die polisie is egter haastige manne. As hulle 'n krokodil wil vang, loop hulle so 'n draai, vang 'n akkedis en slaan hom totdat hy erken hy is 'n krokodil.

Met dié vertelling het ds Herby Brand, die klein, geboë mannetjie wat met sy wuiwende wit bakkebaard en lang hare herinner aan 'n karakter uit *Oliver Twist*, sy soveelste beskrywingspunt aangevoer.

Dié keer het hy gevra dat die sinode met "diepe leedwese en verbaasde afsku" kennis neem van die beweerde moorde, marteling en verminking van politieke teenstanders van die staat deur die Buro vir Burgerlike Samewerking (BSB). Die sinode moet besluit om profeties teenoor die staat te getuig as dit waar is dat sulke bose dade sienderoë deur die staat toegelaat en selfs gesteun is. Dit sou die staat van alle reg ontneem om hom voortaan as "Christelik" aan te dien én 'n lasterlike bespotting maak van die herhaalde verwysings na "die beskikking van die almagtige God in toesprake deur hoë staatslui", lui Brand se voorstel.

Met dié voorstel het hy matige sukses behaal, want die sinode het tog uiteindelik 'n besluit goedgekeur waarin intimidasie, geweld en moord deur politieke partye of die regering as "verwerplik" bestempel word. Die ongewone ding het selfs gebeur dat die sinode 'n keer vir Brand hande geklap het.

Met sy ligte gestotter, sagte, dralende stemtoon en sterk Bolandse aksent speel Herby Brand (50) die afgelope dekade die rol van 'n moderne hofnar in die Wes-Kaapse sinode.

So reg na die Shakespeariaanse tradisie laat Brand sy toehoorders skaterlag, maar dis 'n lag wat na binne gekeer is, omdat dit so na aan die been sny. Die trefkrag lê in die ongemak wat dit vir die hoorder veroorsaak.

Dis 'n gawe waarmee hy sy medeleraars in die wit kerk die afgelope tien jaar mateloos irriteer. Soos nou weer by Wes-Kaap het hy 'n tiental beskrywingspunte en mosies ingedien, die een meer ergerlik as die ander.

Hy het met dié streep van hom begin omdat ringvergaderings nooit iets weerspieël het van die vreeslike dinge wat in die wêreld gebeur nie. Op ringvergaderings is mooi geestelike verslae aanvaar, en agterna word lekker tee gedrink en grappe vertel.

Eers het hy vreeslik briewe geskryf aan koerante daaroor, totdat die vorige redakteur van *Die Kerkbode*, ds Tappies Möller, hom verwyt het oor sy briefskrywery. "Hoekom gebruik jy nie die kerklike kanale nie?" wou hy weet.

"Ek sê toe, nou goed dominee, dan doen ons dit." En by die 1983-sinode dien hy toe altesaam 14 beskrywingspunte in, waaronder 'n voorstel dat die Wes-Kaapse sinode van die NG Kerk die Belhar Belydenis aanvaar en apartheid as sonde verklaar, nog voordat die NG Sendingkerk dit self as 'n belydenis aanvaar het.

Hieruit het 'n hewige debat gevolg en is sterk besluite oor apartheid geneem - die eerste NG sinode om dit te doen.

"Ek sou heeltemal tevrede wees as ander mense dieselfde sake op die agenda sou plaas, maar dit gebeur nie. Wes-Kaap is veronderstel om die mees liberale sinode te wees, maar soos u self kan sien, is dit nie".

Almal was vreeslik vies vir hom by die 1983-sinode, maar daarna het hy op elke ringvergadering of sinode dinge opgehaal waaroor die Kerk na sy mening moet praat.

"Koos van der Westhuizen (die huidige moderator van die Wes-Kaapse Sinode) het by een ringvergadering vir my gesê: 'Jy maak die ring so onsmaaklik, ek wil nie eens meer by 'n vergadering kom nie'," sê Brand met sy aansteeklike keellaggie.

Pla dit hom dat sy voorstelle met oorweldigende meerderhede verwerp word? "Ag nee wat, u weet, daar is 'n gedeelte van my psige wat die hele situasie vreeslik geniet. Om die waarheid te sê, ek sou graag so 'n lopende parlement-sinode wou hê wat so ses maande sit en waar daar elke dag oor die goed geredeneer word. Ek sou ook toegelaat wou word om oor die vloer te hekel en 'hoor, hoor!' of 'skande!' te skree. Miskien nou nie 'skande!' nie, maar iets van 'n ander aard."



Ds Herby Brand ... "Die sinode word partykeer verskriklik kwaad." (Foto: Guy Tillim / Southlight)

En as hy eers 'n voorstel gedoen het, is hy nie bereid om in 'n kommissie betrek te word om aan die formulering te torring of 'n kompromis te probeer bereik nie.

"In die ring het hulle my een keer betrek nadat ek iets voorgestel het en toe ek dit die volgende dag op skrif sien, sê ek vir myself: 'Maar jy's mos nou ingeloop'. Net daar besluit ek toe ek gaan dit nooit weer doen nie.

"Ek is bly as hulle 'n amendement goedkeur waarin my voorstel opgeneem word, en soms vra hulle nog so met 'n moedelose hoop of ek nie tog nou maar wil saamstem en my voorstel wil terugtrek nie, maar dis totaal nutteloos.

"Die sinode word partykeer vreeslik kwaad en ek dink dis omdat ek geneig is om dinge dalk te skerp te sê." En dan nadenkend: "Ek het dit waarskynlik van dr Koot Vorster geleer."

Die onverbiddelike dr Koot het, as sy gemeentepredikant vir 27 jaar, nie 'n geringe rol in sy lewe gespeel nie. Brand is gebore die jaar dat Koot Vorster, broer van die destydse eerste minister, John Vorster, drie en 'n half jaar tronk toe gestuur is vir spioenasie. Dokumente oor Simonstad is destyds by hom gevind.

Klaar met skool het Brand teologie op Stellenbosch gaan leer. Weens 'n probleem met hakkel het hy in die sesde jaar eers koerantman by *Die Burger* geword, totdat dr Andries Treurnicht, toe redakteur van *Die Kerkbode*, hom oorreed het om as assistent by die blad van die NG Kerk te kom werk.

Treurnicht is 'n maand voordat Brand die pos aanvaar het, weg by *Die Kerkbode* om redakteur te word van die Transvaalse koerant *Die Hoofstad*. Daarna het hy vyf jaar lank prof Willie Lubbe as redakteur gehad - nou voorsitter van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Dié is destyds weg om redakteur te word van *Die Afrikaner*, blad van die HNP.

In die tyd het Brand in die teologie afgestudeer en in 1971 'n beroep aanvaar na Kammieskroon in Namakwaland. "Ek het toe nog geglo dat apartheid teologies begrond is, maar in die vier en 'n half jaar daar het my persepsies verander".

Dit het saamgehang met die Sendingherberg op Kammieskroon waar bruin kinders gehuisves is. Die kinders was bitter verwaarloos. Saans het hulle net bitter koffie gekry vir aandete. Hy het 'n stryd aangeknoop met die matrone en die personeel, 'n saak waaroor die gemeente hom baie verkwalik het. Hy het eendag gehoor hoe noem 'n gemeentelid hom die "grootste kommunis in Namakwaland".

Toe hy die beroep kry na St Stephen's - genoem na die eerste martelaar in die Christelike kerk wat met klippe doodgegooi is - het hy dit aanvaar. Die kerkie was in 1799 die eerste teater in Kaapstad, maar is deur die regering gesluit omdat dit in 'n "immorele plek" ontwikkel het. Later is dit gebruik as skool en kerk vir vrygemaakte slawe. Ontevrede inwoners van Kaapstad het die vensters van die teater stukkend gegooi uit protes teen die slaweskool, en as gevolg hiervan het die kerk sy naam gekry.

Ná die stigting van die NG Sendingkerk, het St Stephen's konstant geweier om uit die NGK te tree. Selfs nadat die hele gemeente feitlik verskuif is, het hulle hardnekkig laat vasklou. Vandag het hy sowat 1 000 belydende lidmate, maar net sowat 'n derde is aktief betrokke by die gemeente. Die gemeente kry finansieel baie swaar.

Hoe reageer sy gemeente op sy konstante gekarring aan die NGK? Dis 'n heel konserwatiewe gemeente, sê Brand. Dit skryf hy toe aan die feit dat die gemeente al die jare in die moederkerk en steeds 'n sekere snobwaarde daaraan heg. "Al die jare is geglo wit is beter as enigiets anders en hulle was die enigste gemeente in die wit kerk. My leierouderling het eendag nog voordat die driekamerparlement ingestel is, gesê hy sou tog so graag weer wou stem omdat hy so dankbaar is teenoor die regering. En ek dink toe by myself hier sit ek nou, en ek wil die regering verwoes en uit die wêreld uithaal, en my bruin leierouderling wil sy stem terughê omdat hy die regering wil bedank."

In 1988 en 1989 het hy baie marsjeer in protesoptogte en dan het gemeenteiede hulle vreeslik vervies.

En dan slaan die Brand-humor weer deur. Hy vertel van die optog toe Allan Boesak hom laat weet het: "Bring saam jou toga vir die optog". Hulle het na die parlement opgeruk om protes aan te teken teen aanhouding sonder verhoor. Die dag stap hulle so ingehak met Desmond Tutu en Boesak en Beyers Naudé.

Toe hulle sien die polisie gaan storm, sê Tutu hulle moet op hul knieë gaan en bid. "Maar ek was in daardie stadium so effens vet en ongemaklik. En toe ons so neerval, toe bid ek nie vir die aangehoudenes nie, maar net dat ek weer sal kan opkom daar waar ek op my knieë staan. Ek hoor nog hoe die een majoor skree: 'Wat maak ons nou, die donners bid!'"

Oomblikke later is dit net traanrook en ouens wat in vangwaens geprop word. "En ek wil so opkom, maar ek kan nie, want nes ek so op my hurke wil kom, trap iemand my toga vas en word ek weer neergetrek!" Toe hy dink hier kom hy nooit op nie, sien iemand sy nood raak en help hom uit die gemaal.

Die sprake van 'n "nuwe Suid-Afrika" het dié woelgees nog nie tot ruste gebring nie. Dié sitting wou hy dat die sinode die moderamen oor die vingers tik ("betreur" in sinodetaal) omdat hulle in 1988 geweier het om dringende vrae oor die "staatsregtelike onwettige Suid-Afrikaanse besetting van Namibia" te bestudeer, of om die "beweerde Suid-Afrikaanse beleid van destabilisering van buurstate" en die "steun aan 'terroriste/rebelle/vryheidsvegters (?)'", en die die "Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die weerhouding/manipulasie van die waarheid, en selfs die regstreekse skending daarvan", te ondersoek.

Wat vir 'n buitestaander heel redelik klink, grens vir sinodegangers aan uittarting. Soos dat hy durf inklim in die inligtingskantoor van die NGK van Wes-Kaapland, wat hy beweer besoekers sê dit word net oortref deur Goebbels se propagandadepartement.

Op die punt van skuldbelydenis het hy voorgestel dat 'n openbare daad van belydenis gedoen moet word, "naamlik dat die Sinode in waardige prosessie na die Groote Kerk in Adderleystraat beweeg vir 'n belydenisdiens, ten einde die opregtheid van sy berou sigbaar te bevestig voor die Here". Dit is natuurlik nie aanvaar nie.

Nietemin sê prof Bethel Muller, dekaan van die kweekskool op Stellenbosch: "Ons het Herby nodig. Hy dien as ons gewete."

# WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG. VROUEKRAG.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP

BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE · A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/19128

# alleen op die berg

**Roger Lucey** is 'n kameraman, 'n sanger, 'n kitaar-speler, 'n sax-blaser, iemand wat met 'n grasgroen broek op 'n verhoog klim, wat op 37-jarige ouderdom 'n sagte vel gekry het, graag 'n huisman wil wees en al beskou is as 'n bedreiging vir staatsveiligheid. Ná 'n lang stilte het hy onlangs weer sy kitaar gevat en begin speel omdat sy vrou gedreig het om hom uit te skop as hy dit nie doen nie. **PEARLIE JOUBERT** het met hom gepraat oor musiek, Suid-Afrika en so meer

**Is jy die Donovan en/of Dylan van Suid-Afrika?**

Man, ek weet nie of mense my al ooit so genoem het nie. Ek hou nie daarvan as mense dit probeer doen nie omdat my styl nie heeltemal inpas by dié mense s'n nie. Die liedjies wat ek skryf en sing, was nog altyd heeltemal gegrond op my ervarings in dié land...

**Wie is jy? Waar kom jy vandaan?**

Ek het in Durban grootgeword, nooit skool klaargemaak nie en in die vroeësewentigerjare by 'n folk-musiekklub begin musiekmaak. Ag, en ek het by die gewone gigs in Durban op die strand gespeel. Dit was verskriklik. Ek het begin om my eie liedjies te speel en mense het my met kerrie-en-rys gegooi - jy weet mos, as hulle die plastiek-lepels so terugtrek en dan skiet hulle my met kerrie-en-rys en skree: fokkof, fokkof.

Later het ek Johannesburg toe gekom en heeltyds hier begin speel. In dié tyd het ek die plaat *The Road is Much Longer* gemaak.



Roger Lucey

**Dié plaat is verban - mense mag dit op 'n tyd nie eens besit het nie. Hoekom?**

Die Direktoraat van Publikasies het 'n brief geskryf en gesê sewe van die liedjies op die plaat is "harmless", maar vier van die liedjies "is beslis gevaarlik ten opsigte van staatsveiligheid" en dat dit 'n "klimaat van protes teen die polisie en die huidige staatsorde" skep. "The song *Crossroads* with its theme that the authorities 'don't give a damn about families' and that the homes of 20 000 people will be bulldozed builds up a climate against the authorities" het hulle geskryf. Maar ek dink die song oor Steve Biko, *Ybabane*, het die deurslag gegee: hulle het gesê dié song is "extremely dangerous" en dat dit die indruk wek dat die polisie "geweld en marteling" gebruik om mense te laat praat. Toe besluit die raad dat die plaat nie versprei mag word nie en dat mense dit nie eens mag besit nie.

**Maar jy het tog aangegaan met jou musiekloopbaan?**

Ja, maar nie vir lank nie. Toe die platemaatskappy my wou dwing om te veel kompromieë te maak, toe verloor ek sommer my lus ook. Dit was 'n nare tyd in die land - baie onderdrukking en so aan. En die radio's wil nie die musiek speel nie en die tweede album word toe deur die SAUK ingeperk.

Dit was nogal ironies: Die man van die SAUK wat ons ingeroep het, het gesê hulle gaan nie my musiek speel nie omdat dit die moraliteit van die jeug ondermyn. Dieselfde man is 'n tyd gelede skuldig bevind aan kinder-molestering. Nogal pervers nè?

Anyway, intussen het ek twee plate en 'n versameling vir 'n derde plaat gemaak. Ons het onsself die Zub-Zub Marauders genoem en het so bietjie die musikale etiek van die tyd verbreek. Maar ons kon net nie aangaan nie omdat die radio's nie ons musiek gespeel het nie en ons nie sonder die ondersteuning meer kon oorleef nie. Maar twee jaar lank het dit goed gegaan. Ons het oral gespeel en die mense het van ons gehou. En toe "fall things apart".

**Wat doen jy toe?**

Toe werk ek as 'n kroegman en begin 'n kursus volg as 'n klank-ingenieur. Om jou inkomste uit musiek te verdien is seker die mees angstige werk om te doen. Jy weet nooit waar die volgende werkaanbod en geld vandaan gaan kom nie.

**En toe gaan jy in die joernalistiek in?**

Ja, ek het heeltemal opgehou speel. Ek het nie eens vir my kinders by die huis musiek gespeel nie. My vrou en ek skei toe en alles val uitmekaar uit.

**Hoekom het jy televisiewerk en joernalistiek gekies en nie sommer eerder in 'n bank gaan werk nie?**

Ek kan nie tel nie - tot by tien moet ek op my vingers tel. Ek het ook gedink as ek meer van klank weet, sal ek beter produksies kan maak. Hier rondom 1984 het ek toe 'n kameraman vir Worldwide Television News geword en oral geweld in townships gedek.

Ek het toe musiek heeltemal agtergelaat en vergeet daarvan. Ek was teleurgesteld en ontnugter met musiek en my eie talent. Nou, as ek terugkyk, het televisie en joernalistiek vir my ryk gemaak in terme van wat aangaan in die land - dit het my idees gegee vir die dinge waaroor ek lirieke skryf. Terwyl ek as klank-ingenieur gewerk het, het ek groot country-musiekvertonings georganiseer en was ek selfs die verhoogbestuurder van Des en Dwan Lindberg.

**Het jy toe gedink jy is nog 'n goeie musikant?**

Ek het nooit daaraan gedink nie - ek wou nie, omdat dit te pynlik was.

In 1989 trek ek Kaap toe en ontvang 'n ultimatum van my vrou: óf ek begin weer musiek maak óf sy loop omdat sy nie met 'n gefrustreerde en bitter ou man wou saamleef nie. Nou ja, toe begin ek maar weer...

**Het jy dié nuwe liedjies al opgeneem?**

Ja, op 'n album wat nog nie werklik uitgekom het nie, *Running For Cover*. Maar dit is duidelik dat verspreidingsmaatskappye nie te gretig is om aan die album te raak nie. Ek weet hoekom nie, hulle gee mos nie redes nie.

**En nou sit jy op jou stoep en speel en sing weer?**

Ja. Ek is op die oomblik gelukkig om net dit te doen, om net elke nou-en-dan te speel.

**Hoekom speel jy country-musiek?**

... country-musiek het 'n soort "levelling" effek... dit is 'n witman se soulmusic. Ek dink ook dat country-musiek oor die kleurgrense heen gaan. Toe Tighthead Fourie en die Loose Forwards [Lucey se "band"] in Durban gespeel het, het ons 'n baie groot swart gehoor gehad. Country-musiek verkoop nie net in Babsfontein nie, dit het ook 'n groot gehoor onder swartmense. Country-musiek is melodies. Ek hou van raap-en-skraap met musiek - om so iets van alles bymekaar te gooi. Ek hou nie van vasval in een vorm nie, daarom leer ek nou saxofoon speel. Elke soort musiek word maar op die ou end met 'n spesifieke groep mense geassosieer.

Ja, ek weet daar is 'n sosiale en politieke assosiasie met country-musiek. Omdat ek nog altyd van country gehou het, het ek gedink dit is belangrik om weg te kom van die redneck-image van die musiek.

**Sing jy polities? Van jou liedjies is sterk polities.**

... nee, ek weet nie of my lirieke polities is nie... ek sing en skryf om te sê waar ek nou is.

**En waar is jy?**

Waar is ek op die oomblik? Seker maar waar almal is: Ek sit baie versigtig die een voet voor die ander. Omdat ek ook 'n nuusman is, het ek gesien dat politiek se aard oor mag en burokrasie gaan - ek sing hartseer hieroor...

Ek wil graag glo dat ek een van die Suid-Afrikaners van die toekoms is. Ek't 'n klomp kinders en ek's ook pa vir klomp ander kinders - swart kinders. En vir die eerste maal is dit OK dat dié kinders na regeringskole gaan. En dit is 'n opwindende tyd omdat, soos dokter Treurnicht sê, dié skole soos 'n Smartie-boks gaan lyk: allerhande kleure en groottes en ek laaik die uitdaging.

**Is jy nie gatvol vir die politiek en al die energie en drama wat noodwendig daarmee saamgaan nie?**

In Johannesburg het ek heeltemal uitgebrand gevoel, maar in Kaapstad, om die een of ander rede, kon ek myself weer herlaai. As ek na my kollegas in die joernalistiek in Johannesburg kyk, kan ek sien hoe brand die lewe en die politiek mens daar uit. Dan sê ek maar dankie vir Kaapstad.

**Is jy 'n talentvolle musikant?**

Hmmm... ek sien myself eerder as 'n talentvolle kommunikeerder. My selfbeeld gaan van die een uiterste na die ander: soms dink ek ek is net goed vir skottelgoed was. En ander kere dink ek ek's nie sô sleg nie.

Op die oomblik voel ek soos iemand wat op 'n baie hoë en kaal berg sit en daar's niemand wat my hand kan vashou nie - omdat ek nie deel is van 'n groep musikante nie en op my eie sing en skep.

**Wil jy in die eerste plek 'n sanger wees?**

Ja, ja, baie graag, maar niemand wil my werk gee as 'n sanger nie. Ek dink dalk omdat hulle dink ek's naughty. As jy 'n sanger wil wees, moet jy bietjie bland en sonder opinies wees.

**Is jy naughty?**

Nee. Ek't net 'n opinie. Ek sal baie daarvan hou om Elton John-songs op TV te sing - sommer net vir die ondervinding.

# what's the real point of affirmative action?

**Affirmative action, a strategy that has its roots in the United States, is on the South African political agenda where its meaning is being contested. In the past month it has been the topic of two conferences, one organized by the South African Police Academy, the other hosted by the Constitutional Committee of the African National Congress, where quite different conceptions were promoted. PROF CLIFFORD SHEARING of the Community Law Centre at UWC states his case**

THE contest over what affirmative action will mean in South Africa will be critical to the shape of a future South Africa - as it is likely to be a device which a new democratically elected government will employ to respond to the devastation of apartheid.

If the inequalities that have so harmed South Africa are to be eliminated and not simply reproduced under a new legitimating rubric of formal equality, it is important that the State's attempts to undermine the transformative potential of affirmative action be understood and resisted.

At the Police Academy the principal speakers sought to construct affirmative action in a manner that would ensure that it would have little, if any transformative value. The process of neutering affirmative action began with the question that was raised about it - namely, "was a programme of affirmative action compatible with the maintenance of professional standards of policing?"

The answer is "yes", but only to the extent that merit was preserved as the basis for recruitment and promotion within the Force.

• Competence and affirmative action, it was maintained, represented conflicting values that could be partially reconciled through the development of training programmes that would create opportunities for blacks (gender discrimination was not addressed) to become sufficiently meritorious to warrant admission to the Police and promotion within it. Selection, it was argued, should always privilege merit except in cases where a choice had to be made between two equally meritorious candidates, in which case preference should be given to blacks.

This approach to affirmative action, it was acknowledged, would mean that changes to the racial patterns in the Police, in which approximately 50 percent of the lower ranks and almost the entire upper echelon is white, would be very gradual but this was unavoidable if "standards" were to be maintained. The South African Police had a duty to the people of South Africa to maintain high standards and this meant that action to redress the racial imbalances within the Force would regrettably have to take a back seat to the more important value of competence.

The sub-text evoked by this argument was the subtle reference to the spectre of the disorder that would result if standards of competence were to be sacrificed on the moral altar of distributive justice.

Beneath the suface of this argument lies a set of implicit asumptions that one is never required to confront explicitly but which one is nonetheless asked to embrace. Assent to these assumptions is established through the implicit presentation of selected commonsense meanings as self-evident truths. It is this subterranean logic of implicit assumptions that must be articulated if the deeply conservative conclusion that the argument presents as unavoidable are to be challenged.

There are three assumptions that are critical to this conclusion:

• First, affirmative action is identified as exclusively a moral strategy for righting past wrongs and undoing old biases.

• Second, standards of policing are equated with standards of competence.

• Third, the South African Police are presented as embodying these standards. These assumptions work together to ensure that whatever it does, affirmative action will not transform the South African Police. It may, with time, create a police force that is blacker in its outward appearance but this force will embody the same values it has always had.

This conclusion is profoundly ironic as it successfully eliminates the hope of a new and different police that attracts people to affirmative action, removes any possibility that it might give real expression to the hope of transformation and, then, callously returns it as an empty shell of no value to anyone save those who would legitimate the status quo.

If affirmative action is to be reconstituted in ways that will realise the promise of transformation that is the source of its popular appeal this logic will have to be reconstructed. This will require challenging and rethinking each of the assumptions I identified.

### 1. THE ASSUMPTION OF COMMUNITY WELFARE

Challenging the first assumption requires a recognition that affirmative action can be, and should be, much more than a moral strategy concerned with distributive justice. Reconstructing it requires a recognition that what an affirmative action programme should be affirming is not simply greater fairness but an institutional commitment to promote the welfare of the community as a whole. This changes the central premise of affirmative action.

Once this change is made the question to be asked of affirmative action is no longer simply what it can do to promote fairness but what contribution can affirmative action make to transforming the South African Police from the oppressive organization it has been into one that will genuinely serve and protect all South Africans.

### 2.STANDARDS AS SENSIBILITIES

The challenge required to the second assumption is even more apparent. Standards must refer to more than competence understood in the technical sense of knowing how to do such things as take fingerprints, conduct an investigation, write a report, manage a police division and so on.


Reconstructing this assumption requires a broader conception of standards that includes ways of thinking about policing that determine what policing is and the way in which discretionary decisions are made. Once a broader conception of standards is accepted the question becomes, not simply what should be done to guard against a lowering of standards in the face of affirmative action, but rather what can affirmative action contribute to a change in the sensibilities that have for so long defined the corporate culture of the South African Police?

Of course, standards of competence in the narrow technical sense should be protected but this should be considered in the context of the need to change the standards of policing understood in the more encompassing sense just noted. What on earth is the use of good investigative or intelligence techniques if they take place within a police culture that is dedicated to oppressive policing? The answer· No use at all.

### 3. THE SOURCE OF STANDARDS

The third assumption refers to the source of standards. There is no reason in the world to accept the South African Police, as presently constituted, as the appropriate arbiters of standards. On the contrary, the fact that they embody and express a corporate culture that is opposed by the vast majority of South African disqualifies them as a source of standards. Once this is accepted the question becomes: not can affirmative action coexist with the standards of the South African Police as presently consituted, but rather how can affirmative action contribute to the redefinition of standards of policing?


**TECHNIKON PRETORIA FILM SCHOOL** **MOVIE FESTIVAL 11 OCTOBER - 2 NOVEMBER**




| OCTOBER | 10h00 | 12h00 | 14h30 | 17h30 | 20h00 | 22h00 | 00h00 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| SAT 26 | FISH CALLED WANDA | PRINCESS BRIDE | CRIES AND WHISPERS | THE BIG BLUE | BLUE VELVET | TOTAL RECALL | |
| MON 28 | | RAISING ARIZONA | RETURN OF MARTIN GUERRE | BARON VON MUNCHAUSEN | NIGHT OF THE PENCILS | DIVA | |
| TUE 29 | | SIESTA | ST LOUIS BLUES | NIGHT OF THE PENCILS | LAST EXIT TO BROOKLYN | THE STICK | |
| WED 30 | | BLOODSPORT | THE DOORS | DEAD POETS SOCIETY | FLATLINERS | FISH CALLED WANDA | |
| THUR 31 | | ANGEL HEART | WINGS OF DESIRE | CRIES AND WHISPERS | CINEMA PARADISO | PRINCESS BRIDE | |
| FRI 1 (NOV) | | TO FORGET VENICE | JACOB'S LADDER | CLOCKWORK ORANGE | THE BIG BLUE | THE KRAY'S | THE WALL |
| SAT 2 (NOV) | BARON VON MUNCHAUSEN | LAIR OF THE WHITE WORM | UNBEARABLE LIGHTNESS | JOBMAN | SALOME'S LAST DANCE | BLUE VELVET | |

SKAKEL (012) 318-5497
vir verdere besonderhede

# walls and warriors

## Notes on the relationship of **urban design** and **crime** in the 'new South Africa' *by* **GLEN MILLS**



Prof Glen Mills ... the suburbanites are retreating

IF one looks at the grid of South African cities and towns, it strikes you immediately: The whole area is divided in a mosaic of walled-off localised territories which generate a global pattern that is inherently segregated, both internally and in relation to the surrounding area.

Embodied in the town planning is the social idea that society as a whole is a composite of territorial-based groups. It is exactly this socio-spatial concept that underlies the ideology of separate development, or apartheid. Here ethnic identity has been the intellectual route both to a racist policy and the segregated, dispersed city form which accompanies it.

Since Februarie 1990 a more open society is beginning to emerge amidst an upsurge in violence and a drastic increase in crime. What were once peaceful, staid suburbs are now easy targets for the armed burglar, car thief and rapist. Townships have likewise developed further, from ghettos of resistance to state policy, to ghettos of "black on black" violence, including mass killings at shebeens and on commuter trains.

This situation brings into sharp relief at least one observation: that even though it is the same people occupying the same city plan, there has been an enormous increase in crime. Yet the only change taking place has to do with the official ideology. The once safe enclaves on the city grid, such as the suburbs, are now dangerous and increasingly anti-social. In short, the city plan which until recently seemed to work well in terms of the political agenda it was designed to constitute, is now on the verge of failure.

Mounting evidence suggests that the South African city is in a state of deepening crisis. Let's look at the following recent scenarios in the Johannesburg region:

- Residents in Dunkeld, a well-established middle class northern suburb, have according to newspaper reports in March this year, the intention to partition off a large area by means of a high brick wall. The "Dunkeld Wall" would have only one point of controlled entry situated close to the Dunkeld Village shopping centre. Its main purpose, according to its proposers, would be to enhance "the sense of community" in the suburb. Its other purpose is an attempt to make the area safer and to prevent crime.
- A group of residents in a part of Douglasdale, a suburb in Sandton, proposes an enclosure around their area in May this year. With a rising rate of house burglaries, car thefts and the like, the intention was to cordon off the area with electrified razor wire fencing. This is also a well-to-do middle class suburb to which there would be restricted access, and this would be supplemented with armed security personnel and guard dogs.
- In the same month, it was announced that detailed plans were underway which would enable the deployment of SADF troops in the suburbs of Johannesburg. Area-based Citizen Force regiments and Commando units would merge with the SAP units and be deployed at strategic points in an attempt to drive down the rising wave of crime that haunts the residents of suburbia. This plan is essentially about establishing a metropolitan crime prevention network and involves small groups of soldiers doing both mechanised and foot patrols in areas with which they are familiar.
- During May on SABC TV News it was shown how paratroopers of the SADF were being dropped onto a golf course in Soweto. The film clip was dramatic with soldiers demonstrating well-rehearsed drop rolls on the green, while the news reader explained that this was merely a training exercise for Citizen Force troops. The same explanation was given to the groups on enthralled on-lookers who gathers around the drop zone.

The common denominator in these cases is that they report on various mechanisms to counteract crime. While the first two make use of the wall solution, the latter rely on an enhanced security force presence. All are attempts to protect some local population. The very fact that a need should arise to localise protection suggests some defect in the overall, or global design of the city grid itself.

The assumption here is that if the city is well-knit and integrated in terms of its spatial layout there would be little need to rely on dispersed measures of spatial control. This argument is based on the "social logic of space" principle, in which empirical evidence is used to show that potential patterns of use and movement are set up by the spatial configuration of a town plan.

It is exactly this latent capacity of urban space, its social potential, that either constrains or enables contact "on the street": where the urban layout is segregated into enclaves there is a tendency towards fewer contacts among people, and where it is integrated the potential for contact is heightened.

The modern South African city is often referred to as "apartheid city". Its plan is inherently segregated, and is explicit in expressing urban society in terms of ethnic identities and functional zoning.

But in the Central Business District (CBD), there are no walls or partitions separating the townships and suburbia. Instead these zones are enclosed and surrounded by a network of "green" buffer zones, industrial parks and major transportation routes.

Thus distance coupled with an effective police force was able to keep the residents of the townships and suburbia apart. Indeed, until very recently this was done through the Pass Laws - including, in some municipaliteis, curfews on blacks. The suburbs were literally white by night, quiet and most important, safe!

In other words the (dangerous) potential of space was arrested by a powerful legislative and security system. That potential is now slowly coming to be realised. Repressive legislation is being repealed and the police, instead of being concentrated in the interests of the white minority, are being more evenly dispersed across society.

The result is a general shortage of policemen "on the ground" and a rising crime rate. One explanation of this, in terms of the above proposition, is that segregated space, such as in the suburbs, is now accessible to the (slowly integrating) society at large. The quiet, desolate suburb during the weekday has become fair and easy game for the criminal.

The logic of space is unfolding, and perhaps the best demonstrations of this are proposals such as the Dunkeld wall and the suburban infantryman. What is striking is that seen against the background of increased criminal activities, the wall does indeed seem to be a normal and fitting solution.

By enclosing their surroundings using limited-access walls the suburbanites are futher retreating from the rest of society at the very time it is beginning to open up. If South African society is moving in the direction of a more democratic, evenly developed future, then the long-term effectiveness of enclosure has to be examined. Indeed, what at first appears to be an effective solution to the security problem is perhaps the perpetuation of the problem itself. It is because enclosure implies spatial segregation and with it the generation of under-used areas, that the potential for less surveillance and more crime is put in place.

In terms of the argument put forward, it would be wrong to suggest that the changing ideology, the emergent "new South Africa", is responsible for the new wave of crime haunting the cities. Although rising unemployment needs to be regarded as an important factor, it could be argued that the configuration of urban space does not only set up the potential, but also enables a criminal pattern to develop.

Before finite conclusions can be drawn, case studies will have to be carried out in which encounter rates, crime rates and other variables are plotted against measures of spatial integration. If, as is suggested here, these correlations are strong, then the tak facing architects and planners in re-configuring the "new" South African city will be made that much clearer.

In theory, at least, the use of enclosures and walls in that new urban landscape would at best appear to be of little practical value, at worst highly dangerous.

(Prof Glen Mills is attached to the department of Architecture, University of the Witwatersrand.)

# the mfecane: fact or fantasy?

**For decades South African historians accepted the theory of the "Mfecane" - a supposedly cataclysmic period of black-on-black violence that accompanied the expansion of Shaka's state to the interior of the country in the early 19th century. This was said to be the cause of the depopulation of large areas of the Highveld immediately before white occupation. But suddenly the entire myth of the "Mfecane" is being doubted by historians, writes IDEN WETHERELL**

The Mfecane is dead. In fact it never existed. That at least is the conclusion of many prominent historians meeting at the University of the Witwatersrand recently to review a chapter of history so well ensconced in the South African popular imagination as to be, one might have thought, beyond all reasonable doubt.

However, the whole story of "the crushing", that supposedly cataclysmic period of black-on-black violence that accompanied the expansion of Shaka's state in the early years of the nineteenth century has now been consigned to the rubbish tip of history by some of the leading specialists in the field.

The original theory of the Mfecane (or Difaqane, depending on where you are) published by E A Walker in 1928 was constructed firmly upon a century's tradition of South African historiography. This postulated the emergence of Shaka's tyrannical Zulu state in Natal, the explosive impact of his military regime upon the region as a whole, followed by a specific pattern of migration that witnessed the establishment of new predatory states and the depopulation of whole areas of the highveld immediately prior to white occupation.

J D Omer-Cooper's Zulu Aftermath (1966) provided further academic legitimation of this story nearly forty years later, albeit from an African state-building perspective, and the theme has been taken up in popular literature, the cinema and television to provide both a rattling good yarn and an all-purpose explanation of how we got to where we are today.

More tendentiously, apartheid theorists have exploited the story to justify notions of cruel and capricious rulers, black internecine violence, patterns of land apportionment, and concepts of manifest destiny.

Unlike so many other accounts of African history, the Mfecane, apart from Omer-Cooper's Africanist interpretation, suffered remarkably little revision in the 1960s and '70s. Only causes of the "Zulu revolution" were debated in any depth. If anything, the theory went from strength to strength shared by liberal Africanists and apartheid apologists alike.

It can be understood then that publication in 1988 of "The Mfecane as Alibi", an article by Julian Cobbing of Rhodes University in the scholarly Journal of African History challenging the whole matrix of mfecane mythology came as something of a bombshell for professional historians.

Dilating a theme he had been nurturing for five years, Cobbing asserted very simply that the Mfecane was a characteristic product of South African history "used by the apartheid state to legitimate South Africa's racially unequal land division". The upheavals of the 1820s on the highveld and its periphery were caused, not by Zulu incursions, Cobbing argued, but by "converging imperialistic thrusts", one from the British in the Cape to acquire labour after the reorganisation of the Colony's labour procurement system, and another from the Portuguese at Delagoa Bay to supply slaves for their Brazilian sugar plantations.

Directly implicated on the British side was eminent missionary Dr Robert Moffat who, it is alleged, instigated Griqua attacks upon mysterious "mantatee" raiders in the neighbourhood of Kuruman, Moffat's LMS station. The victims were then sold to farmers in the Colony. Similar Griqua raids are said to have forced the Ngwane south from the Caledon into the Transkei where they were intercepted and sold into captivity following a campaign conducted by Lt Col Henry Somerset, son of the former Cape governor, who claimed he was fighting the Zulu.

These events and evidence of increased Portuguese slave trading at Delagoa Bay point conclusively, Cobbing suggested, to powerful external forces at work, the impact of which reverberated through the highveld and beyond.

In other words there was no self-generating Zulu dynamic, no Zulu agency for the Mfecane as the Africanists have claimed. Cobbing actually goes further. There was no Mfecane at all. The Zulu were not responsible for the events they were universally supposed to have caused. The real perpetrators remained hidden from view by a cunning camouflage of omission and dissimulation. Missionaries, traders, soldiers and adventurers were consigned to the wings in the colonial and Africanist interpretations. Cobbing has brought them back to centre stage questioning accounts of their exploits provided a generation later by historians such as G M Theal.

But this is not a return to Eurocentric thinking, Cobbing insists. It is not a revision of the Mfecane. It is a complete abandonment of the whole package of Mfecane theory that has stunted our intellectual growth for so long.

Needless to say, this view has not gone unchallenged. At the Wits conference Cobbing faced his critics head on. While it was conceded that Shaka's reign needed to be examined in a wider perspective of Natal history - more continuity, less significant drama, no depopulation, not all reports about the Zulu king, it was felt, should be written off as the "mendacious propaganda" of white "conquistadors" pursuing their own not-so-hidden agenda. Contemporary Zulu observers appear to have shared the same view of Shaka as white traders, Carolyn Hamilton of Wits points out, referring to oral tradition of the period.

There was no compulsion in the Cape to capture labour beyond the Colony's borders, claims Jeff Peires, professor of history at Transkei university. For a variety of reasons British colonial authorities preferred free labour to coerced labour in the late 1820s, and sufficient free labour was readily available. In any case, the capacity of the Griqua to deliver significant numbers of captives is doubtful. And were the Portuguese at Delagoa Bay instigating mass migration by trafficking in slaves or simply responding to the opportunities that arose from Mfecane-related population movements in their area of influence? This is a matter of dates as Elizabeth Eldridge of Michigan State university demonstrated.

Many tackled Cobbing's use of sources. Differences of approach and interpretation over the years should be accorded greater recognition, Christopher Saunders of UCT believes. Historians such as Theal writing towards the end of the nineteenth century, through Macmillan in the 1930s, to Omer-Cooper and Davenport in the 1960s and '70s by no means present an identical picture of the Mfecane.

Peires is less diplomatic. Cobbing has manipulated evidence, he claims, and only arrives at certain conclusions "by acts of blatant, omission and distortion". Comparing "The Mfecane as Alibi" to the "Hitler Diaries", Peires dismisses Cobbing's argument altogether: "At worst it is a fabrication, at best a fantasy" trapping historians in a blind alley "looking for colonialists behind every rubbish bin".

Yet Cobbing remains firm in his contention that slave trade depredations determined critically both the pattern of migrations and the way in which African societies restructured themselves between the 1780s and the 1840s. By 1820 the slave trade had become "the most important force disrupting African societies in the Delagoa Bay hinterland", he reasserts.

To the west missionaries such as Moffat, and government agents "were consciously involved in capturing, selling, and transporting slaves to the colonial markets".

The pincer movement, it would appear, has replaced the "Zulu motor" as the chief dynamic of change in a wide swathe of early nineteenth century South African history. This does not mean that Cobbing's bold and rather over-extended package of interlocking contentions has been accepted in its entirety. The debate with all its implications for current political analysis has only just begun. The pincer's squeeze, however, is already perceptible where it matters. "Mfecane" is now almost universally consigned to inverted commas, merely an obsolete expression, no longer a matter of fact.

(Dr Iden Wetherell is a Zimbabwean historian, writer and editor specialising in contemporary issues in Southern Africa.)


## Will *New* Really be Different ?

*What's different in the New South Africa?*

...An innovative **Public and Development Management Programme** at Wits University. This unique *Postgraduate Diploma in Public Policy and Development Administration* starts in January 1992, and is offered full-time (one year) or part-time (two years).

This course is based on the need to provide future public and development leadership with appropriate organisational and policy skills for effective management – within the transition and beyond.

*Pursue a professional career in the public service, in development administration or in policy management and ensure that new is both different and better!*

JOIN US from 5:30 to 7:00 p.m. on MONDAY, 21 OCTOBER for a PRESENTATION of the COURSE at WITS BUSINESS SCHOOL, 2 ST DAVID'S PLACE, PARKTOWN, JHB.

Wits P&DM

For more information please contact:
The Faculty Office, Public & Development Management Programme
Graduate School of Business Adminstration Tel: (011) 643-6641
2 St David's Place, Parktown 2193 Fax: (011) 643-2336

**PUBLIC & DEVELOPMENT MANAGEMENT PROGRAMME**
University of the Witwatersrand, Johannesburg

**A NEW SCHOOL OF THOUGHT**

Wits meets the need for skilled public service personnel to shape the policies for the future of our country

# die grap
## *is sy erns*



Abe Berry ... "Die spotprent is geskiedenis" (Foto: Guy Tillim / Southlight)

**Op 80 - ná vyf dekades as politieke spotprent-kunstenaar, vind *Abe Berry* dat Suid-Afrika sy beroep nuwe uitdagings bied. By geleentheid van sy eerste groot oorsigtentoonstelling, A Hindsight Saga, vertel hy CHRISTELLE TERREBLANCHE, hoekom die spottery nie einde kry nie**

"TO guild the lily", sê Abe Berry, was nooit sy forté in die spotprentbedryf nie.

"Ek moet altyd teëkap," verklaar hy. "En deesdae is dit nogal moeilik."

Hiermee verwys hy na die "dramatiese veranderinge" aan die Suid-Afrikaanse politieke front sedert hy sowat twee jaar gelede met 'n soort semi-aftrede na Kaapstad verhuis het.

"In die ou dae het 'n mens wonderlike materiaal gehad,. soos PW Botha, en Koornhof. Verwoerd was so maklik om te teken, dit is eintlik jammer ons sal nie weer sy gelyke sien nie!"

Dit is die outentieke "Berry-brand" van spot wat uitslaan - dieselfde humor wat hom in sy uiters vrugbare loopbaan talle doodsdreigemente sowel as stapels "fan-mail" besorg het.

Maar van werklike uittrede is daar duidelik geen sprake nie. Vra jy hom wat hy doen as hy nie spotprente teken nie, sê hy: "O, ek teken en skilder." In die woonstel in Groenpunt word nog daagliks met dieselfde fyn spot en karakterisering gewerk aan sy strokie *Day by Day* in die Johannesburgse dagblad *The Star*, vir wie hy 90 persent van sy werk gelewer het. Die strokie, 'n droë blik op die lewe in die townships, is al vyftien jaar aan die gang en het hom veral onder township-inwoners bemind gemaak. "Mr Day by Day", word hy soms in Johannesburg op straat gegroet. Hy produseer ook nog die weeklikse "cartoon strip" *State Theatre* vir die *Weekly Mail* wat meer regstreekse politieke kommentaar behels.

Terselfdertyd werk hy aan sy vierde en sy vyfde publikasie, een oor sy meer ernstige sketse en waterverfskildertye, die ander 'n versameling van *Day by Day*-strokies. Die drie publikasies wat reeds verskyn het, is: *South Africa and how it works* (1980), 'n versameling humoristiese sketse; *Abe Berry's Johannesburg* (1981), fyn sketse en skilderye van ou Johannesburgse geboue, met 'n teks ook uit sy pen; en *Act by Act: A Cartoon History of South Africa* (1989).

Op die tentoonstelling wat verlede week by die Universiteit van Kaapstad se Sentrum vir Afrika-studie geopen is, hang die kontemporêre werk saam met dié wat tot vyftig jaar terugstrek, insluitende "meer ernstige" sketse en waterverf-skilderye, 'n eksponent van sy werk wat hy eers so 20 jaar gelede ontdek het. Die strokies en spotprente aan die mure is gepubliseer in *The Star*, Die Stem, die oorspronklike Labour Bulletin, *City Press*, die Joodse pers, oorsese publikasies. Dit is onder die duisende wat hy in 'n nimmereindigende stroom van humoristiese en dikwels ironiese blikke op die Suid-Afrikaanse samelewing gelewer het.

Saam verteenwoordig hulle 'n onverbloemde en selfs vermaaklike geskiedkundige dokument van onderdrukking oor die afgelope vyftig jaar. Dit is veral Berry se persoonlike reaksie op die wreedheid van apartheid en "die NP se greep op die land, die party se monolitiese groei en konsolidering van mag", wat weerspieël word.

" 'n Spotprent is geskiedenis," verklaar hy, 'n konsep wat die laaste dekade of wat wêreldwyd veld gewen het en die tema van sy jongste boek is.

"Jy weet, die spotprent is die gewildste kunsvorm ter wêreld, omdat dit 'n wyer gehoor as feitlik alle ander het. Baie mense bestempel dit as 'n negatiewe kunsvorm. Wat wel waar is, is dat dit meningsvormend is.

"Ek sê nog altyd, as ek moes kies tussen mag en invloed, sou ek altyd invloed kies." Berry erken hiermee na eg liberale tradisie dat die stukrag agter sy werk die behoefte was om mense positief te beïnvloed. En as bewys dat hy geslaag het, besit hy 'n dik legger met briewe van mense wat sy positiewe invloed waardeer het.

Tog beskou hy een van sy grootste komplimente as een uit die Nasionale Pers, 'n artikel waarin hy as " 'n giftige aftakelaar" bestempel en as verraaier en vyand afgekam is. "Dit is 'n bewys dat ek die kol getref het," lag hy steeds daaroor.

Aftakelaar in die volle sin van die woord was en is hy beslis nie. Een van sy grootste persoonlike kruistogte was om die oorspronklike en tradisieryke ou geboue van Johannesburg bewaar te kry. Sy waterverfwerke is meestal van die ou geboue - waarvan baie op die ou end tog gesloop is.

Maar dit is Berry se sosio-politieke kommentaar, meedoënloos en konsekwent deur dekades van onderdrukking heen, wat hom plaaslik en internasionaal as kunstenaar naam laat maak het. Met spotprente het hy drie internasionale pryse gewen - in Italië, Brittanje en Suid-Slawië - terwyl hy op uitnodiging bydraes vir 'n internasionale tentoonstelling van spotprentkuns in Montreal gelewer het.

Ondanks die feit dat dinge nou in die rigting van sy eie sterk oortuigings swaai, kyk hy met dieselfde bril van ingeligte waarneming na die politieke toneel van die dag en sê: "Ek dink ons het nog 'n baie lang, ver pad om te gaan.

"Mense word nou onkrities," verduidelik hy. "As mense so sterk in iets glo, soos hulle oënskynlik verblind is vir De Klerk se moontlike foute, dan word hulle ook blind vir enige ander realiteit. Hulle word slawe van hulle idees. Jy weet, die prys van demokrasie is ewige waaksaamheid.

"Wat my veral bekommer is die regses. Ek het gesien wat in 1948 gebeur het. Mense soos dr Malan is as 'n grap beskou, maar kyk wat het gebeur. Maar dit is natuurlik my persoonlike mening."

Ironies genoeg was dit die regse politiek wat hom in die protes-politiek laat beland het. As skoolseun in 'n plaasgemeenskap naby die Transvaalse myndorp, Ermelo, het hy 'n golf van Nazisme voor hom sien verbyspoel. "Ja, hulle was baie meer radikaal as die regses nou. Onthou hulle het mense soos Robbie Leibbrandt gehad."

Hy voer sy politieke bewussyn terug na die dae toe hy, nie lank voor die Tweede Wêreldoorlog nie, gematrikuleer het. Ná 'n paar ander probeerslae het hy op 20 besluit sy roeping lê in spotprente, hoewel hy nie voorheen veel in teken belanggestel het nie. Vandag nog, erken hy, is hy nog onseker oor sy tekenvermoë, 'n bietjie formele onderrig ten spyt.

"In daardie dae was die hele wêreld verdeel tussen Nazisme en demokrasie," onthou hy. Berry het 'n onherroeplike keuse vir die underdog gedoen - 'n keuse wat hom heelwat argwaan op die hals gehaal het. " 'n Klomp mense het gedink ek is regtig mal. Daardie tyd is soveel liberalisme en verligtheid doodeenvoudig nie geduld nie" - veral nie vir 'n Jood op 'n dorpie soos Piet Retief waar hy toe gewerk het nie.

Eers was daar die oorlog. Toe die koerant waar 'n paar vriende in die joernalistiek gewerk het, sluit, het hulle besluit om 'n humoristiese tydskrif vir soldate te begin. Die tydskrif - *Blimey* - was 'n uur op straat toe die eerste oplaag uitverkoop was. "Dit het gelei tot een van die hoogste sirkulasiesyfers nog van 'n publikasie in die land," vertel Berry trots, maar voeg by dat hy later 'n bietjie skaam was oor Blimey. "Dit was miskien 'n bietjie, ehm ... stout."

Maar die jare het hy bly droom van 'n werklik satiriese tydskrif vir Suid-Afrika, soortgelyk aan *Private Eye of Punch* in Brittanje.

"Suid-Afrikaners kan doen met 'n lag," sê hy. Die regte tyd en kans om die droom te bewaarheid het egter nog nie aangebreek




Om John Vorster se beeld te bevorder het die Nasionale Party 'n rolprent gemaak wat hoogtepunte van sy loopbaan uitbeeld.




Weens sy beleid van apartheid is Suid-Afrika, 'n stigterslid van die VVO, dekades lank deur dié organisasie verwerp.




Met PW Botha as destydse Minister van Verdediging is 'n oorlogsmentaliteit in Suid-Afrika gevestig.




"Ons staan by die kruispad," het DF Malan gesê in 'n toespraak waarop hy teruggekyk het op vier jaar as eerste minister. Met dié spotprent het Berry verwys na die simpatie waarmee baie Nasionaliste die Nazi's in die Tweede Wêreldoorlog bejeën het.

nie.Vier jaar die oorlog in het hy dit sy plig gevoel om die Nazisme te gaan help stuit. Tydens die oorlog het hy sy vrou, Dinah, in Israel - toe nog Palestinië - ontmoet en haar saam met hom teruggebring Suid-Afrika toe. Hulle verklaar albei dat hulle baie naby aan mekaar is. "Dinah is my grootste kritikus en aanmoediging," sê hy. Hulle het 'n dogter, Orielle, wat joernalis by *The Star* is.

As vryskut-spotprenttekenaar het hy ná die oorlog vir *The Star* begin werk, wat dekades lank die meeste van sy werk geplaas het - meestal hoofartikel-spotprente.

"Daar is iets baie belangriks wat ek daaroor moet sê," vertel die andersins beskeie Berry nou met trots. "Soos ek verstaan, word die meeste Afrikaanse spotprentkunstenaars, veral in die pre-De Klerk era, hulle idees met die lepel ingevoer. Maar ek is nooit 'n idee gegee nie. Elke spotprent het ek self uitgedink."

Berry glo spotprentkunstenaar wees beteken nie net grapjas speel nie. Dit behels ook meer as net die insig in die menslike psige wat hy openbaar het - veral 'n vermoë altyd by te bly met die jongste gebeure, die varsste idees.

Hy lees baie, verkieslik outobiografieë en die liberale skrywers - HG Wells en George Orwell wat sy denke gevorm het. Hy het gereis, wou selfs in die Spaanse Burgeroorlog gaan help. Hy het tale geleer - naas Engels en Afrikaans, praat hy Frans, Duits, Hebreeus, 'n bietjie Spaans en Grieks, maar hiërogliewe kon hy nie heeltemal baasraak nie. Jare lank het hy Britse publikasies soos *The New Statesman* gekry om by te bly met die strominge van denke. "Spotprente gaan nie net oor teken nie," verklaar hy. "Dit is die idee daaragter wat tel."

Dit is nie dat hy sy Afrikaanse kollegas wil veroordeel omdat hulle voorgesê is nie, verduidelik hy. Aan die ander kant trek hy hom die manier waarop swartmense in die Afrikaanse pers geteken is en word, persoonlik aan. "*Die Burger*, sug, jy weet, hulle het die swartmense geteken met ystervarkpenne deur die neuse en groot lippe wat lyk soos ... dit is skrikwekkend.

"Selfs al moet jy stereotipes gebruik, kan mens dit simpatiek doen, sonder om gemeen te wees."

Maar hy erken dat hy ook nie altyd ewe sagkens werk met leiers, wit of swart, met wie hy polities nie saamstem nie. Natuurlik Verwoerd en Kie - en dit sluit baie beslis in die tuislandleiers in. "Die tuislande is 'n regstreekse uitvloeisel van apartheid. Ai, al hierdie fascistiese leiers wat die regering tot stand gebring het.

"Daarom het ek nog nooit 'n voet in Sun City gesit nie." Beginselvas is 'n eufemisme in die geselskap van 'n man wat lankal as 'n "angry old man", 'n Maverick, geëtiketteer is.

Die "angry" is beslis nie 'n refleksie van sy persoonlikheid nie. Hy praat sag, effens skaam, 'n ondeunde flonker steeds in die oog. Niks ontkom aan die fyn spot nie. Die subtiele maar onmiskenbare humorsin het, kyk 'n mens na sy werk deur die jare oor die onmenslike skeidslyne waarteen hy so geprotesteer het, gekommunikeer. En dit spreek nog steeds oor die dekades.

Self glo hy nie daar is so iets soos 'n tipiese Suid-Afrikaanse humorsin nie. Humor is universeel, sê hy - soos die soort humanisme wat hy nastreef.

"Engelse Suid-Afrikaners het 'n Britse humorsin," verduidelik Berry. "Jy weet, hulle sê altyd British humour is no laughing matter. Dit is 'n understatement.

"Ek vind die Afrikaans humor sterk en aards. Dit is veral die humor van die platteland wat my aangegryp het." Hy wys sy versameling Afrikaanse humor, vol deernis saam met die spot.

Die township-humor waarvoor hy vandag so gewild is, vind hy moeiliker om vas te pen. Hy waag eers die term "Chaplinesque". "Dit is baie snaaks en baie hartseer tegelyk, tragikomies, wrange humor," sê hy. Hoewel hy net by geleentheid die townships besoek het, het die humor van die onderdrukte hom bygebly. Hy sê dit is soortgelyk aan die "galgehumor" van die Europeërs.

Hy en Dinah beplan om binnekort na 'n groter woonstel in Seepunt te trek sodat hy weer 'n ateljee kan hê en sy werk met erns van daar kan voortsit. Maak nie saak wat die Nuwe Suid-Afrika oplewer nie, Berry gaan die spot daarin terugsit.

# not that 'documentary' stuff

**Patrick Shai** is the lively taxi driver in Manie van Rensburg's new film, **Taxi to Soweto**. Last week he received the M-Net Vita Award as best actor for this role. He speaks to **LAETITIA POPLE** of repossessing, role models and self sufficiency



Patrick Shai ... "I don't want to wait for Barney Simon to do the show." (Photo: Andrew Barrister.)

**Manie van Rensburg's film *Taxi to Soweto* is due for release next week. In it you star as Richard, the taxi driver. What kind of person is Richard?**

He's a complex character. I have a problem explaining the taxi driver for real, to borrow artistically, without offending the taxi drivers. They have a terrible history which they are trying to redress. Yesterday's taxi drivers used to be very arrogant, but they are changing that image.

Richard is a guy who stays in Soweto. He is politically naïve. A man with a good heart. But he is no angel. If he had to steal a car he would. He finds nothing wrong with that, because someone else steals from him. You know it is a question of repossessing.

He is trying to say there are a different set of rules by which they operate in Soweto. They would do what is best for them to survive. He won't sit back and save for another ten years just to buy a car. He doesn't rip people off, he takes advantage. When Jessica is stranded in the township, he takes care of her. They become a focal point, there are other guys interested in her. This is borrowed from a few years ago when it was topical to be seen with a white woman, going with her or to have white friends. You were the best man in the townships when you could drag a few white friends around.

**Taxi takes the mickey out of white fears and paranoia. How do you feel about those fears?**

It's not based on anything concrete. From conversations with my white friends I learned that those attitudes were created during childhood. All those barriers. A person like Nadine Gordimer was brought up not to go anywhere near a black person because he might rape you. The media also posed the black man as a threat to white existence. *Taxi* was a sort of ecumenical exercise we embarked on. Jessica and Horace discover a lot of good people, a lot of soul in Soweto. People with good intentions who just want to make a decent living. I think the film took a right turn there. It is only fear, unfounded, it is what people grew up with. When I read the script, I told Manie this film is long overdue - it should have been made ten years ago. It's a good film, telling people to open up and find each other.

**Recently Benjy Francis was quoted in the press as saying the aim of film should be "to discover an authentic African image. We have been sold images that are foreign; other images of ourselves." Can you comment on this?**

If he was talking about proper and good role models for the black viewers, I would say yes, there should be authentic African filmmaking and characters. Look at the characters in black television dramas. There are no good role models.

This is a complex matter for me. Where do I go? Do I want to make films about the rural Arican in traditional garb? Fine documentary stuff. Today's African has a different goal - he doesn't want to be slotted back twenty years ago looking after cattle. He is a modern, successful man. He is meeting the white man on every level. He is not playing a subservient role, no teaboys. He knows what the requirements of today are, politically, economically... These are the images I am interested in.

In the American film industry Sydney

Poitier changed that outlook completely. In his films there are definite black role models. Instead of the masses watching Sylvester Stallone, here is something that does something to their minds, inspires them. If you pursue it, there is a good life. In this sense there is a definite need for good African films in which we get away from subserviency.

**I read somewhere your career started as a tribal dancer?**

I started in 1976. I could not place myself in tribal gear and dance for the entertainment of foreigners. Tourists who come to South Africa with no real interest in this country. However through the persistence of my mother I joined the tribal dance group at Heia Safari ranch. I would be lying if I said I liked it. It was a battle with my consciousness. I don't mind doing it for my people. However, through that experience I fell in love with the arts as a way of expression. I learned to look beyond tribal demarcations that were set out by the government and saw people just like me. A producer saw me there. The result was the TV drama *Jason Modjadji*. Then I was invited to do *Sophiatown* for the Market Theatre which toured abroad...

**Equity had problems when you were chosen to star opposite Anthony Sher in the BBC film *Land of dreams*. How do you relate to such restrictions on your work?**

It was a sensitive matter. The production kept it away from me when I was in London. I am a founder member of Pawe, I won't break those laws. I went there with a clear consciousness - I thought everything was fine. When this broke, the film was done already. I was back in South Africa. Equity's problem was that the local talent wasn't exhausted. There were a lot of South-African expatriots in London. The producers of the film said they were advised to get a South African. Because it is about a South African activist who tries to make a new living abroad. There was a lot of resentment from a group of Londoners, actors they made the complaint long after the movie was done. We had three months to do the movie. It might have been sour grapes, I don't know. But I should have picked up the phone as soon as I reached London and phoned Equity. Laws and rules are made to be obeyed. People can come and go as they like - as long as one speaks to the art structures. If someone comes to this country without consulting I would have a problem as well. It was a bitter experience.

**What do you do when you're not working?**

Free time exists in the vocabulary of rich, comfortable people. For a working artist and one who tries to create work, there is no free time. I am working on a show - *Baby Come Duze*, which had a successful run at the Market last year. Now we concentrated more on the text and putting it into the conflict of today - the right wing, the intention of the government - opened up a few more questions. We have a lot of stories, just tune in to the talkshows we borrowed from for this. I am also busy writing a piece at the moment but it is still a baby.

**How do you see the future of theatre in South Africa ?**

With *Baby Come Duze* we founded a theatre company. Our aim is to look at black theatre. We don't have a history of success, of long runs... To even think of starting to educate and train the young. There is a lot of young people out there looking for a chance. If they get a role in a production, it is usually a dead end when the production finishes. The production does not come up with other work. We are not really into creating work for ourselves - we always have to depend on handouts. We have to go to other people with our ideas.

We should combine business with the arts. As long as black people are coming in purely as entertainers they won't be able to start doing things for themselves. Look, Mbongeni Ngema has proved it can be done. All we need is the assistance.

We can't begin to talk about a new theatre in South Africa if the people in charge of theatres want to hold the reins all the time. We are going to try with the Duze company to produce: producers, writers, directors... I want to be self-sufficient. I don't want to wait for Barney Simon to do the show. I want to be able to say: This is our product and our budget, are you interested?

Self-sufficiency is where I am driving at.



Elize Cawood en Mara Louw in die rolprent *Taxi to Soweto*, wat aanstaande Vrydag in die bioskope begin draai.

# die rit van haar lewe

PRESIES hoe lyk die lewe in die "nuwe" Suid-Afrika? Manie van Rensburg se jongste rolprent, *Taxi to Soweto*, gee 'n blik daarop.

'n Gegoede wit vrou se motor breek op pad lughawe toe, 'n taxi laai haar op. So ontmoet sy Richard, die taxibestuurder, 'n "blinde" sangoma en 'n motor-kaper.

Sy kom nooit by die lughawe uit nie, maar beleef 'n paar rare avonture vir 'n huisvrou van Parktown.

Sy beland in Soweto en moet skielik leer om 'n paar dinge te hanteer wat nie met haar verwysingsraamwerk akkordeer nie: soos hoenderpote vir ete en die kwessie van wanneer iets gesteel is of nie... Later ontspan sy 'n bietjie en raak loslit saam met die mense van die nagklub 7071 en die African Jazz Pioneers.

Intussen kom haar verstrooide, besige man, Horace, laataand agter sy vrou is skoonveld én sy het hom gelos vir 'n swartman. Sy soektog na haar is net so vol verwarring: sy motor word gesteel en sy baas kryt hom en sy vrou uit as kommuniste. In Taxi is daar 'n vermenging van die wit vrees-kultuur van die noordelike voorstede (kompleet met Rottweiler, pistole en veiligheidshekke) en dié van die lewendigheid en harde lewe van die township. Dis 'n komiese rolprent wat baie subtiel is met sy boodskap.

Die hoofrolle word vertolk deur Elize Cawood as Miss Jessica, Patrick Shai as die taxibestuurder Richard en Marius Weyers as Horace, Jessica se man.

# 'Anti-Barbie' doll

## the true shape of women?



The Barbie Doll - an impossible ideal

MINNEAPOLIS - A toy company here has just challenged the decades-old "Barbie"-stereotype by launching a doll that it claims will be more representative of the true shape of American women.

"I always thought that Barbie's proportions were unnatural," comments 38-year -old Cathy Meredig, who designed the "Happy To Be Me" doll.

"Barbie has a chest like Mae West, legs that go on and on, and a ridicously small waist. I discovered many eating disorders, including many cases of anorexia, were caused by little girls trying too hard to be like Barbie," says Meredig.

Not that a generous bust is un-American. But the "new Barbie" has matching hips and a "normal" waist. Meredig says her doll's proportions were inspired by those of the Venus de Milo. A more classic Barbie, so to speak.

If Barbie were enlarged to human size, her measurements would be an improbable 91-46-84. The Happy To Be Me doll features a more natural 91-68-96.

"Girls are very conscious of how they look from an early age. If they play with a doll with natural proportions they'll feel better about their bodies when they grow up. And they won't get upset about the few pounds they put on when they become mothers," says Meredig.

Meredig, mother of two daughters and a son, created the company High Esteem Toys after her doll was rejected by toy companies.

"None of them wanted to introduce a new design to break with dominant ideology," she says. She hopes her doll will break down ideas that happiness is equal to a slim body - which the stereotype Barbie projects.

But Barbie does't seem to have been very successful in trimming anything except an impossibly trim ideal. Obesity is a national problem in America - with the result that Meredig's ideas have found a ready-made audience.

The first 300 doll shipment is soon to arrive from Hong Kong where they are manufactured. Over 500 million Barbies have been sold since the doll was first marketed 50 years ago.

Meredig has a problem finding a distributor, though. One customer told her that women could look like Barbie if they really tried, another didn't believe the idea of a new doll was for real, and a third said he wasn't interested in distributing fat dolls.

The Happy To Be Me doll will sell for about R36, and includes an easy wear wardrobe of jeans, T-shirts, a long dress and flat-heeled shoes. Little girls that were given the doll didn't notice anything unusual.

"The mothers, on the other hand, thought: 'Great, finally there's a doll with a real waist and hips,' " says Meredig. She says she received a Barbie as a gift when she was a little girl but left it in a corner to gather dust. One can say she outgrew her closet-Barbie pretty quickly. - AFP.

# en dr freud stuur groete

**Die nag, die moeder van die dag**
Deur Lars Norén
Met Neels Coetzee, Juanita Swanepoel, Gys de Villiers en Jan Ellis
Regie: Marthinus Basson
Nico Malan-Arena

**ARNOLD BLUMER**


STRINDBERG, Tsjechof, Tennessee Williams, dis die dramaturgiese voorouers van Lars Norén se stukke. Toe hulle aan die einde van die sewentigerjare op die verhoog begin verskyn het hy vinnig bekendheid verwerf, en in 1983 is hy in Swede bekroon as dramaturg van die jaar. Ek wonder egter hoekom, as ek moet oordeel volgens die stuk wat Marthinus Basson nou in die Kaap op die planke gebring het.

Dit is in 1982 vir die eerste keer in Swede opgevoer en speel in 1956 in die suide van Swede in 'n klein hotel wat op die rand van bankrotskap staan. Pa Martin (Neels Coetzee), die bestuurder, is 'n huilerige alkoholis wat belowe het hy sal nie meer drink nie, maar nogtans orals bottels wegsteek; in die stofsuier, in die vullisblik, selfs in 'n eend wat vir die volgende dag se ete voorberei word. Ma Elin (Juanita Swanepoel) ly aan 'n onbekende longsiekte (of is dit maar net "smokers' cough"?). Haar liefde is hopeloos te groot vir haar man en daarom gee sy daarvan vir haar jongste seun, David (Jan Ellis). Hy, 'n grootbekkige tienderjarige leeglêer, wie se lyf te groot vir sy verstand geword het, word daardeur gewalg en derhalwe noem hy sy ma 'n hoer en neig na homoseksualiteit. Sy ouer broer, Georg (Gys de Villiers), werk hard in die hotel en daarom is hy die donder in vir sy niksnut-broer. Almal haat almal - behalwe as hulle, meestal tevergeefs, om liefde bedel - elkeen wantrou die ander.

Die stuk is propvol populêr-sielkundige sjablone, en dr Freud stuur groete.

Norén sê niks nuuts nie. In die program word hy aangehaal: "Om te skryf is om sekere raaisels te probeer ontrafel - hoekom is ek soos ek is, hoekom dink ek wat ek dink en tree op 'n bepaalde manier op." Maar dié stuk se raaiselontrafeling is taamlik beperk. David is gay omdat ma met hom lol terwyl sy in die bad sit, Georg is gewelddadig omdat pa die gesin se lewe opgemors het, maar hoekom ma siek is en hoekom pa begin drink het, dit bly in die duister. Norén weerspieël 'n bepaalde situasie taamlik noukeurig, maar 'n stuk wat homself realisties wil noem, moet méér doen as om net oppervlakkige simptome te weerkaats. Dit moet ten minste aanduidings gee van die simptome se oorsake.

Wat Norén egter wel regkry is om 'n slim-spitsvondige dialoog te skryf (heerlik speelbaar vertaal deur Nerina Ferreira). Dit is wat die regisseur aangegryp en uitgebuit het. Sodoende word uit 'n stuk Noord-Europese sielewroeging 'n opvoering vol wrange humor voortgebring wat jou laat stik van die lag terwyl jou hart huil.



Gys de Villiers

Soos telkens in die verlede haal Basson uit sy spelers vermoëns uit wat ek nie gedink het hulle besit nie. Neels Coetzee het ek laas so veelsydig sien speel in Heiner Muller se *Quartet.* Die toneel waar hy deur sy oudste seun geslaan word dat die bloed loop omdat hy in sy dronkenskap beserk geraak en 'n sigaret op sy ma se wang doodgeruk het, sal my lank bybly. Daar sit hy op sy stoel, bewerig en doodbang vir Georg, en nogtans wil hy nie insien dat hy iets verkeerds gedoen het nie.

Juanita Swanepoel speel 'n afgesloofde Elin so vol onderdrukte verlange en onvervulde sensualiteit dat mens op die verhoog wil klim om haar 'n drukkie te gee. Hier is 'n aktrise wie se talente gruwelik onderbenut word. Jan Ellis van *Fiela se Kind*-faam is 'n groot seun, miskien 'n bietjie te groot vir die 16-jarige David, en daarom oorkompenseer hy by tye deur ekstra hups oor die verhoog te storm, maar dis sy hallusinasies wat telkens weer lewe blaas in die meer as drie uur lange opvoering, wat egter nooit tekens van verveligheid of langdraderigheid getoon het nie.

Ook Gys de Villiers lyk ouer as die 26-jarige Georg, maar sy starende blik, vol smeulende toekomstige onheil, is ouderdomloos.

Birrie le Roux het 'n dubbelverdieping hotel met wenteltrap in die beperkte ruimte van die Arena met groot vernuf staan gemaak, en Malcolm Hurrell se beligting het presies die regte stemming geskep vir dié uitsiglose doodloopstraat van 'n sterwende hotel. Marthinus Basson het weer eens gewaag en gewen, ten spyte van die voorbehoude wat ek teen die stuk het. En nou wens ek dat genoeg geld gevind kan word om dié produksie na die ander streekrade (en elders) uit te voer. Want dis die sien werd!


*die week by die*

**MARK-TEATER**

**DIE BAXTER-TEATER**
*bied aan*
Robert Kirby bied aan
**Panics**
Met Robert Kirby, Graham Hopkins, Frantz Dobrowsky, Selle Maake Ka-Ncube en Michelle Scott
*Maan - Vry: 8nm, Sat om 6 en 9nm.*

**UPSTAIRS BY DIE MARK**
*Die Mark-teater Company*
*bied aan*
**Fatima Dike se So What's New**
*Regisseur Barney Simon*
Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15nm. Laaste drie vertonings
So what's new ? deur Fatima Dike eerste voorskou 19 September

**DIE LAAGER-TEATER**
*Soyikwa present*
**The Untold Story**
*Written and Directed by Jerry Raletebele*
*Music by Peter Boroko*
*Choreography by Nomsa Manaka, Dinah Mbumzana, Mzwandile Skosana and Pauline Seleke*
Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15.

**KIPPIES**
*TThe Young Lions - with Donald Tshomela*
Dins - Don R10, Vry - Son R12

**MARK GALERYE**
*See some of South Africa's progressive exhibitions*
"A DECADE OF RESSISTANCE POSTERS"

**VLOOIMARK**
9 vm-4nm Saterdae

Telefoon(011) 832-1641
**Bespreek by Computicket**
*H/v Breë- en Wolbuterstrate, Newtown, Johannesburg.*


## Good heavens...

### ...how many unlikely ways are there to waste the tax-payer's money? **CHRISTINA SCOTT** looks at one

FORGET Inkathagate. An opera burdened with the title *The Love of Don Perlimplin and Belisa in the Garden* is the worst waste of taxpayers' money in year 1991.

The only positive thing about this monument to boredom is that it is a case study for what is wrong with South African opera: overpriced, overambitious, overpopulated and over here.

The ordeal took place at the Elizabeth Sneddon Theatre on the University of Natal (Durban) campus, courtesy of R18 000 from the Durban Arts Association. The music was in the Significant Scrape of Viola and Mournful Oboe department. Mozart, age 12, composed better music. Richer voices can be heard on the Shell Road To Fame semi-finals. The plot was shoplifted from Lorca and suited flamenco dancing.

A pensioned-off Spanish nobleman (Johan de Jager, with all the quavers in his voice and none in his deportment) is bullied by his maid, played by Danelle Smuts with Auschwitz victim make-up. He must marry a much younger woman.

The transvestite mother of the bride, camped up in a cameo by Steven Steade, shows up for five minutes, then it's wedding bells.

The bride (Ronel Laidlaw) is a nymphomaniac, bedding five men on her wedding night. She's a good South African kugel, though. She whines about the maid using the wrong bedlinen and scenting the room with thyme instead of mint.

Husband sleeps as two sprites, refugees from *A Midsummer Night's Dream,* wave some teal chiffon over him and provoke laughter and groans when they say the plot must continue.

Husband doesn't mind being cuckolded. "That is of no importance," he tells maid. Clearly pre-AIDS here. No, he writes anonymous sexy letters to the wife.

The letters, wife swoons, are so sexy they "make my breasts tremble." I did not make that up.

When husband's letters finally convince her to meet the mystery man in the garden, he stabs himself to death. One member of the audience wondered out loud why he couldn't have committed suicide at the beginning.

Maybe it's unfair to point out that the composer is a Catholic priest, Philip Vietri of Emmanuel Cathedral in Durban. In the programme notes, Father Vietri linked the blood of the stabbed cuckold to the crucifixion..

## Mozart goes to the townships

ONE of the great classical musicians of Europe, Mozart, has become a pantsula. Or nearly. A 200-year-old opera, Themba noThembile, which began life two dozen countries north of us as 12-year-old Mozart's *Les Amours du Bastien un Bastienne* has been adapted by Napac.

The original's German lyrics were sung in Zulu, with English translations flashed on an overhead screen. The music, by a 13-person orchestra, stayed true to its roots.

The plot was townshipised: rural peasants were transformed into shacktown workers, the magician into a sangoma (Simon Mnomiya).

Themba, sung by Muziwakhe Mdletshe of Lamontville, is a good-natured rascal off after a wealthy woman. Heartbroken Thembile tells her friend Ntombi, (played by real-life sisters Thokozani and Ayanda Mkhize) how unhappy she is. They consult a sangoma, Solwazi.

Solwazi is a good gambler. In his deep voice, he advises Thembile to pretend to have a string of new lovers while he arouses Themba's jealousy...

The audience loved it. My only quibble: the person handling the surtitles needs a Zulu lesson. Themba looked awfully silly singing of his love for Thembile when the surtitles read, "I have many boyfriends." Oops. - CHRISTINA SCOTT

# demokratiese teater het slaggate

## *'Truth is no more than the mulatto daughter of a dishonest question'*

**Wat moet die rol van die kunsresensent wees in Suid-Afrika? Ons het 'n establishment-kritiek geërf wat fascisties was omdat dit ander vorme van kritiek misken het. 'n Pluralistiese konflik-model wat verskeie kritiese raamwerke in gesprek met mekaar laat tree, kan dié fout in die toekoms uitskakel, meen CHARL-PIERRE NAUDÉ**

'n INSPIRERENDE referaat is onlangs deur Eunice Malan by die Theatre Action Group-Kongres (TAG) in Kaapstad gelewer. In die woorde van een kritikus was dit 'n "sprankelende, intelligente" beskouing. Die spreker self meen haar toespraak is slegs 'n poging tot nuwe riglyne - met beperkinge dus.

Die kritiese beskouing van Malan se toespraak wat hier volg, sal ook sy beperkinge hê.

TAG wil riglyne opstel vir 'n ware demokratiese teater. Teater was al die jare ondemokraties en daarom, ondanks prestasies, 'n verarmde ervaring. Die TAG- en soortgelyke gesprekke in Suid-Afrika is lank agterstallig.

Maar nuwe gesprekke het nuwe slaggate. Die vernietiging van apartheid gaan nie 'n demokratiese towerstaffie wees nie. Ons kom uit 'n samelewing waar kommunikasie meestal gesien is as verskille wat besleg moet word deur mags-konflik en oorrompeling.

Dit geld ook die terrein van taal - nie slegs die apartheid-oorlog nie; nie slegs die SAW en MK nie, maar ook die Akademie vir Wetenskap en Kuns en die destydse Cultural Desks. En' die geskiedenis leer: old habits die hard.

Nou is dit myns insiens 'n drol op die grasperk, sien. Met 'n lontjie dinamiet in. Een faset van apartheid wat alte onderbeklemtoon word, is dat dit gegroei het uit 'n struggle - einste - wat verkeerd geloop het. Nie slegs 'n spul booswigte het die land gekaap nie, iets wesenliks het met 'n bepaalde struggle-moraliteit verkeerd geloop.

Met die Afrikaner se stryd teen Britse kolonialisme en verdrukking in die begin van die eeu was wesenlik niks verkeerd nie. Dit het byvoorbeeld belangrike raakpunte met die werkerstryd teen uitbuitende kapitalisme gehad.

Die struggle teen kolonialisme het egter soos 'n kanker teen homself en ander mense in die land gedraai, eksklusief pleks van inklusief geword. Dié struggle het onder meer nie besef hy moet sy magstaal op 'n kol vir demokratiese taal inruil nie. En ek meen dié drol kan weer die huis ingedra word, ons werk tog in die afwesigheid van 'n demokratiese kultuur. Ons loop sonder ordentlike kaktrappers in die donker rond.

Bogenoemde is 'n ekstreme voorbeeld ter illustrasie van wat met 'n demokratiese stryd verkeerd kan loop. Ek meen die soeke na demokratiese riglyne - ook in kuns - is nie altyd bewus genoeg van die slaggate van sy bedoelinge nie. Malan se toespraak verleen hom op plekke tot 'n fascistiese vertolking.

1) Sy het haar mes in vir kritici wat elitistiese teaterwaardes onderskryf, nie die meerderheid van die bevolking in ag neem nie en boonop teater wat uit daardie vervreemde meerderheid kom in hul eie elitistiese terme afskryf pleks van terme te gebruik wat die bepaalde gemeenskap in ag neem. So far so good. Maar dan maak sy die gevaarlike gevolgtrekking: teater kan sonder die kritici - wat dus nutteloos is - oorleef, maar nie sonder 'n ingeligte teatergehoor nie. Exit kritici, kom in ingeligte gehoor. Vals nootjie nè?

Wat sy moes gesê het, is 'n bepaalde soort kritikus word benodig. Een wat 'n bepaalde gemeenskapsteater se sosiale baaierd ken en fundamenteel in ag neem sonder om hom/haarself in absolute opposie te sien met "elitistiese waardes". Een wat liefs, maar nie noodwendig nie, deur daardie gemeenskap self opgelewer is.

Die onderskeid kunstenaar/kritikus word by Malan 'n pseudo-onderskeid omdat sy die twee betekenisse se interafhanklikheid misken.

Geen noemenswaardige kunswerk kom tot stand sonder dat die kritiese funksie reeds in die kunstenaar self aanwesig is nie. En die kritikus skep as vertolker op sy beurt voort aan 'n werk. Miskenning van die kritiese funksie lei tot middelmatigheid, provinsialisme, kuns-loosheid.

2) Sy vertolk die betekenis van "standaarde" verkeerd. Haar eie aanhaling uit 'n woordeboek: "a definite level of excellence, attainment, a definite degree of any quality", ens. Sy vervolg: "Standards are restrictions to the extent of attempting to be absolute. Standards as applied to theatre activities lead only in one direction: a dead-end street." Maar "definite" beteken nié "absolute" nie. Die sonde is waardes wat hulself as absoluut waan. Volgens Malan se eie woordeboek-aanhaling is definitiewe waardes niks meer as konteksen oogmerk-gebonde en dus nie verkeerd nie. Om standaarde per se af te skiet oor 'n fascistiese toepassing daarvan is definitief absolute onsin.

3) Malan se toespraak staan in die teken van die sosiale kunskritiek. Johan Degenaar in sy boek Art and the Meaning of Life (EMS, UK), onderskei tussen kunskritiek vanuit 'n Nietzscheaanse beskouing, kunskritiek as dekonstruksie, die Jungiaanse kritiek van kuns, e.a. Ek meen die leser/hoorder moet bewus gemaak word van die bepaalde raamwerk waarbinne iemand die rol van kritiek uiteensit, en van ander opsionele raamwerke.

Die sosiale kunskritiek en kritiek as dekonstruksie ("postmoderne" kritiek) is in SA seker die twee mees relevante benaderings. Hopelik sal dié twee benaderings - wat mekaar soms die hare in vlieg - verkennend ten opsigte van mekaar werk en nie in opposisie nie. Lg moontlikheid sal verarmend wees.

Malan sê "understanding theatre should be holistic in nature." Dis 'n verstaanbare klem in 'n land deur apartheid verskeur. Die holisme strek kuns as middel tot genesing, versoening, vereniging van teenstrydige belange in 'n oorkoepelende belang. Dit is 'n klem wat ook by die Jungiaanse kritiek gekry kan word, maar hier herinner aan 'n Marxistiese beskouing waar vorme van uitbuiting vernietig word en die samelewing so met homself versoen word.

Haar woorde: Kuns kan terapie wees, waar "the best of different worlds meet and become moulded in a more effective whole." Baie goeie idee, maar met slaggate. Malan is nie onbewus daarvan nie.

In wie se terme gaan ons versoen? Wie se terme is oorkoepelend? Die lyding van Suid-Afrika se massas? Nee. Een se genesing is die ander se dood. En as daardie ander se dood goedgepraat word sit jy met 'n nuwe fascisme.

Dit lyk my beter om 'n konflik-model te aanvaar, waar verskillende kunskritiese belange met mekaar in gesprek tree. 'n Konflik-model aanvaar onder meer dat elke groepering, hoe regverdig hy ook al dink sy belange is, 'n magsgroepering is. Geen waardestelsel is mag-onskuldig nie, geen belangegroep kwalifiseer vir universaliteit nie.

'n Konflik-model skakel oorrompeling as beslegting van konflik uit, en skryf onderhandeling, medebeïnvloeding en die mag van oortuigingskrag voor.

Daarom hou ek van die kritikus wat volgens Malan gesê het: "What is the point of a critic who lacks the courage of his own prejudices?" Sy skryf hom in sterk terme af. Maar daardeur toon sy 'n maagdelike begrip van wat kritiek moet wees.

Vooroordeel is slegs gevaarlik as dit onbewus plaasvind. 'n Kritikus wat bewus met sy/haar vooroordeel omgaan, is nie gevaarlik nie, hy/sy maak staat op 'n konflik-model van kritiek wat sy standpunt kan relativeer. Dis sy teenstander se funksie om te help om daardie konflikmodel te skep, pleks van te weier om in gesprek te tree!

"Truth is no more than the mulatto daughter of a dishonest question," sê die Mosambiekse skrywer Mia Couto. Die mislukking van kritiek onder apartheid is dat dit skreiend formalisties geword het. 'n Kunswerk is los van sy sosiale omgewing beoordeel en onderwerp aan "ewige", losstaande waardes.

Maar hierdie kritiek se onderliggende aannames was net so subjektief soos enige ander stel. 'n Mens kan aantoon dat dit dikwels sterk psigologies ingestel was - die individuele psige word ondersoek. Die sosiale kritiek het die bedrogspul deurlopend uitgedaag.

Maar die sosiale kritiek, soos enige ander, loop die gevaar om formalisties te word as dit nie in gesprek tree met ander raamwerke nie. En die aannames van die ou formalistiese kritiek in gerelativeerde vorm is allesbehalwe oorbodig. Die sosiale kritiek kom bv. nie baie ver met 'n ontleding van Twin Peaks nie.

'n Holistiese benadering loop verder gevaar om 'n ideale eindpunt na te streef, en alle "eindpunte" is voorlopig.

4) Malan sê voorts: "Sixteenth century England should stay far from South Africa in the 1990's. Michael X from Cape Town will never be Shakespeare."

Malan bedoel waarskynlik X se werk moet getrou wees aan eie aard, wat van Shakespeare sal verskil. Maar die indruk word gewek X se verwysingspunte t.o.v. gehalte is hoofsaaklik in homself geleë, en nie in Shakespeare nie, soos dit hoort.

Dit spyt my om te hoor Michael X wil nie probeer om Shakespeare wees nie. Hopelik sal sy buurman Hansie P probeer, anders gaan Kaapstad maar sleg kompeteer. Ook met Pretoria. Eugene O'Neill is ook nie Shakespeare nie, maar hel, hy het probeer.

Sy probleem - ek dink hy het dit self gesê - was dat hy uit 'n beskawing in sy herfsuur gekom het. Pleks van sê maar, uit die Kaapse Vlakte, aan die vooraand van 'n nuwe beskawing.

Daarenteen het Shakespeare se Engeland en die Vlakte baie ooreenkomste. Taal is onvasgelê en nuwer as wat dit ooit sal wees, gehore is ongekunsteld en oop vir nuwe formules, die hele wêreld vind die sosiale ervaring daar belangrik.

En hoe het Shakespeare en Miltón die Engelse letterkunde, uniek soos enige ander, sy voetstuk gegee? Deur te leer by die Griekse en Latynse en noem-maar-op-dramaturge. Deur nie penny-wise-pound-foolish te wees nie.

Dit was ongeletterde mense wat ou Wikkelspies ge-cheer het! Want hy was bliksems oortuigend! Nevermaaind dat die lanies nou dieselfde doen nie.

Hierin lê die kontradiksie in Malan se sosiale kritiek-model: die sosiale kritiek sê waardes word deur 'n bepaalde kultuur opgelewer, waardes kom nie van buite en skep 'n kultuur nie. Maar selfs dié model behoort te erken kulture het meer gemeen as verskille. Anders hoe kan 'n mens bv. praat van 'n klassestryd wat universeel is?

Ter afsluiting 'n aanhaling uit Degenaar se boek: "I propose that we take up a position of paradigmatic pluralism, which means an open attitude towards a plurality of paradigms, allowing for the validity of each. Applying Barthes's dictum - 'there is not only one entry to the text' - one can say: there is not only one entry to art, and to meaning."

Dat Malan se referaat uitlokkend was, is nie 'n slegte idee nie. Ons het uitlokkende mense nodig om 'n konflik-model te laat slaag.

## the function of criticism

"Modern European criticism was born of a struggle against the absolutist state. Within that repressive regime, the seventeenth and eighteenth centuries, the European bourgeoisie begins to carve for itself a distinct discursive space, one of rational judgment and enlightened critique rather than of the the brutal ukases of an authoritarian politics. Poised between state and civil society, the bourgeois 'public sphere' as Jurgen Habermas has termed it, comprises a realm of social institutions in which private individuals assemble for the free, equal interchange of reasonable discourse, thus welding themselves into a relatively cohesive body whose deliberations may assume the form of a powerful political force.

"Either criticism strives to justify itself at the bar of public opinion by maintaining a general humanistic responsibility for the culture as a whole, the amateurism of which will prove increasingly incapacitating as bourgeois society develops; or it converts itself into a species of technological expertise, thereby establishing its professional legitimacy at the cost of renouncing any wider social relevance.

"As with the classical public sphere, 'culture' is once more a vital nexus between politics and personal experience, mediating human needs and desires into publicly discussible form, teaching new modes of subjectivity and combating received representations.

"... if we consider once more the destiny of 'culture' under capitalism, all the way from an early stage of commodity production which allowed art to achieve a certain autonomy, to a late monopoly capitalism which colonizes the very realm of subjectivity itself.

"The role of the contemporary critic, then, is a traditional one. the point of the present essay is to recall criticism to its traditional role, not to *invent some* fashionable new function for it... For it is becoming apparent that without a more profound understanding of [such] symbolic processes, through which political power is deployed, reinforced, resisted, at times subverted, we shall be incapable of unlocking the most lethal power-struggles now confronting us." - **Extracts from *The Function of Criticism: From the Spectator to Post-Structuralism* by Terry Eagleton.**

# televisieprogr

## VRYDAG 25

### TV1
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.00 Eisteddfod '91 (Repeat)
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
3.00 The Blue Frontier
3.30 Happy Castle
3.55 Bible Story
4.00 Captain Power and the Soldiers of the Future
4.30 Another Life
5.00 The Bushmaster
5.30 Fast Forward
6.00 News
6.15 Compass
6.18 Topsport
6.30 Gillette Sport
7.00 Fly by Night: Final in this comedy series about crazy pilots
8.00 Die Nuus
8.30 Koöperasiestories II: Wraak en Verdoeseling - Genis se winkel word oorstroom
9.00 Die Laaste Uitweg: Speurreeks
10.00 Derrick - Speurreeks
11.00 Clemence Aletti (1) - Nuwe Franse speurreeks
12.00 Oordenking

### TV2/3/4
1.00 Emthonjeni
1.27 Motsweding
1.54 Jazz Jazz Jazz
2.15 Star Schools: Matric Science
3.15 Thina Bantwana (TV2); Anpan Breadman (TV3)
3.45 School Talk
4.30 Edutaining the English Way
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Halala (Game Show) (TV2); Bohloko Baka (TV3)
6.30 Shell Road to Fame
7.00 News
7.30 Shopper's Surprise
8.11 Circus Series
8.30 Soccer
8.55 News Update
9.01 Kate and Allie - Sitcom series
9.29 Sport - Rapporttoer
9.39 Film: Hitting Home - An estranged Montreal couple (Kerrie Keane and Daniel Pilon) have an urgent reason to try and bring an American (Saul Rubinek) to justice after their child's death. Director: Robin Spry (1988).
11.26 Muzik à la Carte
11.56 Stasie sluit

### M-NET
INTEKENARE
10.30 Educating Rita
12.29 60 Second Housecalls
3.00 The Smurfs
3.30 The Chipmunks
4.00 The New Mickey Mouse Club
4.30 Ekoboffins
4.59 Pat Francis Workout
OOPTYD
5.00 Amen
5.30 Loving
5.58 Hyperama Price Busters
6.00 The Wonder Years
6.30 The Simpsons
INTEKENARE
7.00 Eight Men Out
7.58 Hyperama Pricefinders
9.00 The Bikini Open III
10.00 The Making of the Swimsuit Issue of Sports Illustrated
10.50 Supersport: Dak van Afrika-wedren; Gholf - Dunhill-beker
12.00 Avalanche Express
1.30 Breakheart Pass
3.00 The Lonely Passion of Judith Hearne
5.00 Farewell to the King

## SATERDAG 26

### TV1
6.25 Oggendboodskap
6.30 Agriforum
7.00 GMSA
9.00 The Angela Day Way
9.05 Skin Care
9.10 Harry's House
9.20 Together We Become
9.30 Similarities in Differences
9.35 Bush School
9.45 Promos and Ads
9.50 Family Camping
9.55 Tellytrip Time
10.05 Onderste Bodem
10.15 Featherfoot Farm
10.25 Mina Moo
10.35 ECI
10.45 Entrepeneurs 2000
11.00 Otto se Avonture
11.05 Snuffels Smit en Bennie Grootoog
11.10 Biekie in Speelgoedland
11.30 Oorlewing
12.00 Tekkies
12.30 Asterix and Cleopatra
1.45 Junior Sport
2.45 Topsport
6.00 Die Nuus
6.15 Kompas
6.20 Teletreffers
7.00 Operasie Kobra - Spioenasiereeks
8.00 News
8.35 Equal Justice: Court drama series
9.30 Film: The Preppie Murder - After an innocent girl is murdered in New York's Central Park, the murder trial becomes the focal point of mass media mythology and sensation-seeking. With Danny Aiello, Linda Falstein, William Baldwin, Lara Flynn Boyle and others. Director: John Herzfeld.
11.05 Jazz Season (4) - 12-part series on jazz, introduced by local jazz fundis.

### TV1/2/3
9.00 University of the Air
9.55 High on Books
10.05 Cedric the Crow
10.15 Featherfoot Farm
10.25 High 'n' Dry
10.40 Skin Care
10.45 Edutaining the English Way
11.30 Educational Rendezvous
12.53 Railwise
12.55 Agriforum
1.25 Road to Health
1.35 Cross Over
2.00 Sport
6.00 Diff'rent Strokes
6.30 Devotion
6.33 Ngomgqibelo/ Ka Mokibelo
7.00 News
7.30 Ngomgqibelo/ Ka Mokibelo
8.00 Film: Victims for Victims - The Theresa Saldana Story. The dramatised true story of how actress Theresa Saldana nearly lost her life. With Adrian Zmed, Leila Goldoni, Barbara tarbuck and Estelle getty. Director: Karen Arther.
9.39 In the Heat of the Night
10.29 Video Juke Box
11.29 Sport

### M-NET
INTEKENARE
7.00 Johnson and Friends
7.10 Teddy Drop Ear
7.20 Poddington Peas
7.30 Wake Rattle and Roll
7.55 The Little Flying Bears
8.20 Adventures of the Little Mermaid
8.45 Alf Animated
9.15 The Chipmunks go to the Movies
9.40 The Ewok Adventure
10.00 Snakeboard Tricks Competition
10.05 Pound Puppies
10.30 Mac & Mutley
11.00 The Living Daylights
1.05 The Karate Kid II
3.00 Supersport: Tennis, Dak van Afrika-wedren, Sport Chat
OOPTYD
5.00 Supersport duur voort
INTEKENARE
7.00 Road to Avonlea
8.00 The Campbells
8.30 Ferris Bueller's Day Off
10.15 Siegs vir Almal - Kabaret met Casper de Vries
11.15 Supersport: Gholf
12.00 The Big Easy
1.45 Songwriter
3.15 Scandal
5.05 The Quick and the Dead

## SONDAG 27



### TV1
7.00 RTK
8.00 CTV
11.00 Music and the Spoken Word
11.30 Pumpkin Patch
11.40 Wielie Walie
11.50 Zet
12.00 Zapmag
12.30 TV 101
1.30 Remi
2.00 Swerwerskos
2.30 Hallo Spencer
3.00 Hayley Mills Storybook Theatre
3.30 Beyond 2000
4.15 Topsport
6.00 Life Style
6.30 Face to Face
6.40 Thy Kingdom Come
7.00 50/50
8.00 Die Nuus
8.15 Agenda
9.00 Music Hall (1) - First episode in a two-part programme starring Simone Signoret in her last film performance. Set in Occupied France in the 1940s the story centres on the experiences of an expatriate German singing trio, cared for by the owner of a Parisian music hall.
12.30 Sounds Country
1.00 Lig vir die Wêreld

### TV2/3/4
10.00 Impressions
12.00 Church service
12.30 Magnificat
1.00 Sport
6.00 Lovedale College (TV2); Ho lla Noto (TV3)
6.30 Unqambothi (TV2); Show Hunters (TV3)
7.00 News
7.30 In Depth
8.00 Masakhane/ Masidumise (TV2); Mahlasedi a Tumelo (TV3)
9.01 Hunter
9.53 Film: Lolita - A middle-aged professor becomes infatuated by a nymphet. With James Mason, Shelly Winters, Peter Sellers and Sue Lyon. Director: Stanley Kubrick
12.25 Transmission ends

### M-NET
INTEKENARE
7.00 East-Net open
7.01 Chinna Poove Mellu Pesu
9.00 Mahabharat
9.30 Essence
10.00 Take Five
10.30 Canal Português open
1.30 Just for the Record
2.00 Lords of Hokkaido
3.00 Supersport: Gholf
OOPTYD
5.00 Supersport
6.00 Midnight Caller: Watching me Watching you
INTEKENARE
7.00 Carte Blanche
8.00 Best of Europe
8.30 Tess
11.30 Star Wars

## MAANDAG 28

### TV1
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
3.00 High 'n' Dry
3.15 Children's Video Bible
3.20 High on Books
3.30 Mio Mao and AEIOU
3.45 Pumpkin Patch
3.55 Bible Story
4.00 Bravestarr
4.30 Webster (Final)
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
6.00 6 on 1 - News, weather and topics
6.30 Compass
6.33 Katts and Dog - 12 Cops and a baby
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Growing Pains - Family sitcom with Alan Thicke, Joanna Kerns, Kirk Cameron, Tracey Gold, Jeremy Miller and Ashely Johnson.
8.00 Die Nuus
8.30 Agenda
9.00 Peter Strohm, Privaatspeurder
10.00 Nuus
10.05 Topsport: Atletiek in Bloemfontein
11.00 Goeiemôre Advokaat - Franse reeks oor 'n Paryse advokaat
11.55 Oordenking

### TV2/3/4
1.00 Toyota Top 20
1.53 Tumisang/ Dumisani
2.15 Star Schools Matric: English
3.15 Ezoxosh' Idada, Stumtum (TV2); Hello Spank (TV3)
3.45 School Talk
4.30 Once Upon a Time
4.40 ECI - Programme for the disabled
4.50 Mina Moo
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Superman
6.30 Police File
7.00 News
7.30 Ziyaduma Nge Niknaks (TV2); In-Depth (TV3);
8.00 Khayalethu (TV2); After 8 (TV3)
8.30 Jazz Jazz Jazz
8.55 News Update
9.01 Head of the Class - Sitcom with Billy Connoly
9.29 Sport - Rapporttoer
9.39 Twin Peaks
10.32 Almost Grown - Drama series about a young couple, starring Timothy Daly and Eve Gordon
11.23 Dancin' to the Hits
11.48 CNN International
12.33 Stasie sluit

### M-NET
INTEKENARE
10.30 White Feather
12.14 60 Second Housecalls
12.15 60 Minutes
3.00 The Smurfs
3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
4.00 The New Mickey Mouse Club
4.30 Tiny Toon Adventures
4.59 Pat Francis 60 Second Workout
OOPTYD
5.00 Too Close for Comfort
5.30 Loving
6.00 Full House
6.30 Working Girl
INTEKENARE
7.00 Old Gringo
9.00 Violets are Blue
10.30 Box-office America
11.00 Eight Men Out
01.00 The Offence
02.50 Stasie sluit

## DINSDAG 29

### TV1
5.55 Oggendboodskap
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
3.00 Videobybel vir Kinders
3.05 Van Kleuter tot Skoolkind
3.15 Pieriewieriepark
3.30 Die Tamboeroekieman
3.45 Wielie Walie
4.00 Dis Waar
4.05 Polisiepetaljes
4.30 Tekkies
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
6.00 6 op 1
6.30 Kompas
6.33 Die Swart Kat - Borrie raak verlief
7.00 Agter Elke Man
8.00 News
8.30 Agenda
9.00 Dallas
10.00 News
10.05 The Judge (Final) - Court drama series
10.30 Tusitala - Drama series based on Robert Louis Stevenson's life
11.20 Thought for the Day

### TV2/3
1.00 Ngomgqibelo/ Ka Mokibelo
1.53 Rock 'n' Roll Palace
2.15 Star Schools Matric: Maths
3.15 Hallo Spank (TV2); Molomo Radipotso (TV3)
3.45 School Talk
4.25 Lehae la Bana
4.35 Cross Over
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Defenders of the Earth
6.30 Horizons - Youth drama series (TV2); Motsweding - Youth drama series (TV3)
7.00 News
7.30 In-Depth (TV2); Diaduma ka Niknaks (TV3)
8.00 Siyatyelela/ Siyazungeza (TV2); Matswakabele (TV3)
8.40 Mmino wa Setso
8.55 News Update
9.01 American Dreamer - Comedy series about small-town columnist Tom (Robert Ulrich). With Carol Kane.
9.29 Sport - Rapporttoer
9.39 Film: In the Custody of Strangers. A teenage prisoner (Emilio Esteves) is brutalised by a penal system designed for adults. With Martin Sheen and Jane Alexander as the boy's parents. Director: Robert Greenwald.
11.18 World Entertainment News
12.17 CNN International

### M-NET
INTEKENARE
10.30 Songwriter
12.04 60 Second Housecalls
12.05 The Discovery Programme
3.00 The Smurfs
3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
4.00 The New Mickey Mouse Club
4.30 Tiny Toons
4.59 Pat Francis 60 Second Workout
OOPTYD
5.00 America's Funniest People
5.30 Loving
6.00 The Hogan Family
6.30 Carol & Company
INTEKENARE
7.00 Cross of Fire
8.35 The Making of Terminator II
9.00 Supersport: Artistic Gymnastics
11.00 Midnight Express
01:00 Go tell the Spartans

# Elmari Rautenbach skryf oor die week se TV

## WOENSDAG 30

### TV1
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 To be announced
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
3.00 People and Places of Antiquity
3.30 New Adventures of Winnie the Pooh
4.00 Bible Story
4.05 Topsport: World Cup Rugby Play-off
6.00 6 on 1
6.30 Compass
6.33 The Family Man - Widowed fireman Captain Jack Taylor (Gregory Taylor) copes with four kids
7.00 Dick Francis Mysteries: In the Frame (Final)
8.00 Die Nuus
8.30 Agenda
9.00 Baasspeurder Faber
10.00 Die Nuus
10.05 Arts on One - Arts and music programme
12.00 Topsport: Wêreldbeker-rugby Hoogtepunte

### TV2/3/4
1.00 Siyatyelela/ Siyazungeza
1.53 Rock 'n' Roll Palace
2.15 Star School Matric: Science
3.15 Mon Pe - Toddler's series
3.45 School Talk
4.30 Allied Money Talk
4.35 Together We Become - Education series directed by Annie Basson
4.50 Tellytrip Time - The Pilot / Air Hostess
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 C.O.P.S. - Science fiction series
6.30 Emthonjeni (TV2); Thibelo (TV3)
7.00 News
7.30 Pick a Box (TV2); In-Depth (TV3)
8.00 Ifa Lakwamthethwa III - Drama series (TV2); Ntome Tsebe (TV3)
8.30 Ezodumo - African hits
8.55 News Update
9.01 The Trials of Rosy O'Neill
9.54 Sport - Rapporttoer
10.04 Night Court - Court sitcom
10.32 Taurus Rising - Drama series
11.24 Kress op die Spoor - Speurreeks
12.24 CNN International News
1.09 Stasie sluit

### M-NET
INTEKENARE
10.30 Best Of Times
12.29 60 Second Housecalls
3.00 The Smurfs
3.30 Teenage Mutant Hero Turtles
3.57 KTV Competition Time
4.00 The New Mickey Mouse Club
4.30 Tiny Toons
4.59 Pat Francis 60 Second Workout
OOPTYD
5.00 Three's Company
5.30 Loving
6.00 Perfect Strangers
6.30 Dear John
INTEKENARE
7.00 Cross Of Fire
8.40 60 Minutes: Blood Feud
9.00 Heartbreakers
11.00 Blackout
00.40 Late Moon Rising
02.15 Stasie sluit

## DONDERDAG 31

### TV1
5.55 Oggendboodskap
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
3.00 Eduspektrum
3.30 Walter die Wasbeer
4.00 Dis Waar
4.05 Die Swartwoudkliniek
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
6.00 6 op 1
6.30 Kompas
6.33 Brakanjan en die Drie Musketiers - Animasiereeks
7.00 Die Sonkring
8.00 News
8.30 Agenda
9.00 The Golden Girls (1) - Return of the sitcom series with Beatrice Arthur, Rue McClanahan, Betty White and Estelle Getty.
9.30 Night Court (1) - Court comedy series returns
10.00 News
10.05 Fathers and Sons - Joint Venture
10.55 A View of Britain - Wiltshire
11.25 Soviets at the Crossroads (1) - Four-part documentary series on Soviet Union
12.30 Thought for the Day

### TV2/3/4
1.00 Shell Road to Fame
1.27 Ntome Tsebe
2.15 Star Schools Matric: Biology
3.15 Anpan Breadman (TV2); Ke Batla ho Ba, Ha Mmampitla, Indaba (TV3)
3.45 School Talk
4.25 Children's Video Bible
4.30 Bush School
4.40 Ikhaya Labantwana
4.50 Road to Health
5.00 Capitol
5.30 The Bold & The Beautful
5.57 Devotion
6.00 Toyota Top 20
7.00 News
7.30 In-Depth (TV2); Reka Mpo (TV3)
8.00 526 (TV2); Ntshwarele (TV3)
8.30 Tumisang/ Dumisani
8.55 News Update
9.01 The Trials of Rosie O'Neill
9.54 Sport - Rapporttoer
10.04 Sledgehammer - Comedy series
10.33 Dragnet - Detective series.
10.58 The Tracey Ullman Show
11.25 Movie Focus
11.55 CNN International
12.40 Stasie sluit

### M-NET
INTEKENARE
10.30 Passport to Terror
12.04 60 Second House Calls
3.00 The Smurfs
3.30 Dennis the Menace
4.00 The New Mickey Mouse Club
4.27 Snakeboard Tricks Competition
4.30 The Wide World of Kids
4.59 Pat Francis 60 Second Workout
OOPTYD
5.00 Charles in Charge
5.30 Loving
6.00 The World of National Panasonic
INTEKENARE
7.00 Revue Plus
8.00 Talk on M-Net at Eight: Donahue
9.00 Foreign Body
10.45 60 Minutes: Power of Prayer
11.00 Violets are Blue
00.30 Rollerball

## TV AS OPVOEDER EN VERKRAGTER

DIÉ rubriek het verlede week nie verskyn nie. Maar dit is geen verskoning om twee programme wat die naweek tevore op M-Net vertoon is en elkeen uit eie reg 'n presedent geskep het, te ignoreer nie.

Die dilemma van die TV-medium kan in min programme só duidelik gesien word as in aktualiteits- of dokumentêre programme wat deur die dekking van 'n omstrede onderwerp (wat dikwels met geweld of siekte verband hou) die gemeenskap wil opvoed.

Carte Blanche het verlede Sondagaand 'n uiters onstellende insetsel gelewer waarin die verskynsel van groepverkragting opnuut onder die aandag gebring is. Omdat twee vroue wat albei dié traumatiese ervaring moes deurmaak bereid was om - 'n nuutjie op openbare televisie - openlik daaroor te praat, is nie net die gevoelens van 'n verkragtingslagoffer by mense tuis gebring nie, maar ook die behoefte wat daar in ons land bestaan aan gespesialiseerde bystand aan sulke mense. Maar het TV hier net as opvoeder opgetree? Of het hy - weens sy aard en die onderwerp - uiteindelik ook verkragter geword?

Die vervaardiger en regisseur van die insetsel, Michele Alexander, het haar bes gedoen om die onderwerp so onsensasioneel moontlik aan te bied, maar die vertelling van die eerste slagoffer, 'n vrou van Johannesburg, was klaar genoeg om elke kyker - vroulik én manlik - 'n gevoel van ontsetting en afgryse te gee dat mense inderdaad so iets aan 'n medemens kan doen. Die enigste plek waar wel gebruik gemaak is van dramatisering was met die wys van 'n man se voete wat verby plakkershutte in 'n smerige swart woonbuurt stap. Dit was egter ter sake omdat dit deel was van die meisie se vertelling.

Ontstellend was ook dat dié jong vrou op 'n vraag van Michele geantwoord het dat uitpraat oor haar ondervinding vir haar geen terapeutiese waarde het of gehad het nie. Trouens, ná die tyd kon sy die gebeure afrits "soos iets uit 'n boek" wat sy aan "nuuskieriges" kon vertel - en tog het sy steeds 'n jaar lank "afgestomp" en "emosioneel leeg" gevoel. Haar geestelike herstel het aangebreek toe sy haarself afgevra het of sy die verkragters gaan laat "wen" deur hulle die res van haar lewe ook te laat verwoes, en of sy die ondervinding so goed moontlik deel gaan maak van haar verlede en gaan konsentreer op die heropbou van 'n nuwe, sinvolle bestaan. Sy het ingestem om met die TV-span te praat in die hoop dat sy op dié manier ander vroue kan waarsku teen die gevaar dat verkragting selfs op die oënskynlik veiligste plekke kan gebeur...

Die tweede vrou - wat deur vier onbekende mans in haar huis vasgekeer en verkrag is - was tydens die ondervinding getroud en is die ma van 'n paar kinders. Sy kon nie daaroor praat nie en het in 'n stadium probeer selfmoord pleeg. Waar Judy, die eerste slagoffer, die verkragting en ontvoering by die polisie gaan aanmeld het en 'n jaar lange hofsaak daarna moes ontbeer waarin geen skuldigbevinding gemaak kon word nie omdat sy uit vrees nie haar aanvallers positief kon identifiseer nie - het Anne nie daarvoor kans gesien nie. Dit was sy wat gewys het op die swak voorsiening wat gemaak word vir vroue in só 'n situasie in hierdie land, en die noodsaak van langdurige terapie om nie vir altyd geestelike letsels oor te hou nie.

In albei gevalle was die woede en verskriklike gevoel van vernedering by dié vroue voelbaar. Waar woorde soms ontbreek het is hande gewys wat senuweeagtig inmekaar klem of losgemaak word. Vir die kyker het die woord groepverkragting meer geword as net 'n tema van 'n opspraakwekkende fliek...

Máár nou kom ons by die ironie van die TV-medium. Enersyds hét die program 'n belangrike rol vervul: om die gemeenskap bewus te maak van die werklikheid van groepverkragting en die feit dat 1 uit elke 4 vroue in Suid-Afrika verkrag word, én dat net 1 uit 30 vroue die verkragting by die polisie aanmeld uit vrees vir die manier waarop die saak in die hof hanteer gaan word. En die kyker het wel die ongemaklike gevoel gekry dat die vroue met die oorvertelling van so 'n intiem smartlike en vernederende ervaring vir 'n tweede keer gebrutaliseer word. Die aankondiging vooraf - dat dit die eerste keer gaan wees dat twee vroue persoonlik op TV oor hulle verkragting gaan praat - bevat reeds die grondslag van wat in die besonder die TV-medium se dilemma is. Met sulke onderhoude word wel veel meer bereik as met honderde droë lesings oor die behoefte aan krisissentrums vir verkragtingslagoffers of lyste statistiek oor verkragting in koerante. Maar die feit is: sensasie en "scoops" lok kykers, meer kykers beteken beter AR-syfers en beter AR-syfers beteken groter gewildheid, wat tot 'n groter inkomste lei. En sodoende - al is die bedoelings hoe goed - is dié vroue tog weer gebruik...

**'n Merkwaardige poging**

Casper de Vries is al sinoniem met vernuwing, 'n genadelose gespot met die Afrikaner-establishment en Afrikaanse musiek wat "anders" is; kortom, hy is 'n man met vele talente. Maar nêrens het ons nog so 'n goeie toonbeeld gehad van sy merkwaardige vermoëns as in sy "dokumentêre musiekprogram" oor die "onsekere aard van kabaret", *Slegs vir almal*, verlede Saterdagaand nie.

Sowat van oorspronklikheid, kreatiwiteit en harde werk het ons nog nie in 'n Afrikaanse musiekprogram op TV gesien nie. Daar wás dinge wat gehinder het, ja. 'n Mens het gewonder of sy keuse van liedjies werklik verteenwoordigend is van Afrikaanse kabaretmusiek. (Hoort kabaret uiteindelik nie tog maar laataand op 'n klein, kaal, swart verhogie nie, waar die minimum kostuums en rekwisiete gebruik word en sangers, effens dronk en melankolies onder die besef van die lacrimae rerum [trane van mens-wees] hees hul passie in musiek verwoord nie..?) Soms het die poging om "anders" te wees geforseerd en kunsmatig aangedoen.

Maar die eind-indruk was: hier is 'n nuwe standaard gestel vir die Afrikaanse musiekvideo en Afrikaanse musiek op TV. Slegs vir almal het bewys oorspronklikheid het nog 'n plek op TV, dat Afrikaners nie almal agter die klip, soetlik sentimenteel, of dodelik naïef is nie, en dat 'n onderwerp soos "wat is kabaret?" wel op 'n bespiegelende, ondersoekende manier aangepak kan word en steeds vermaak. ('n Paar van die uitsprake van lede van die gemeenskap was weergaloos: "Ek ken dit nie, maar ek hou nie daarvan nie." Ai, ons Afrikanervolkie darem.

**AR staan op 0.**

Miskien is Casper net wat *Arts on One* nodig het. Geen wonder nie - met 'n program wat afskop met 'n insetsel oor 'n paar boekresensies, oorslaan na 'n onderhoud met 'n bekroonde sangeres waarin joviale, banale vrae gevra word soos "Is alle sangeresse dik?", 'n stokou pakket operettes, en les bes weer 'n paar vinnige boekresensies, was die AR-syfers van *Arts On One* 'n formidabele 0. Dit nadat sy voorganger, *Collage*, 'n gemiddeld van 6 en 8 gehandhaaf het..

Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:

**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam........................................................................................................

Adres........................................................................................................

..................................................................................Poskode.................

*Vrye* **Weekblad**

## SENTRUM VIR LANDELIKE REGSTUDIES

*bied die volgende betrekkinge aan:*

KO-ORDINEERDER

Verantwoordelikhede sluit die volgende in:

* ko-ordinering van die werk en administrasie van die Sentrum;
* personeelbestuur;
* fondsinsameling, openbare betrekkinge en kontak met ander organisasies.

*Ondervinding in landelike grond- en arbeidsake sal 'n aanbeveling wees.*

ADMINISTRATIEWE ASSISTENT

Verantwoordelikhede in hierdie heel-/deeltydse pos sluit in:

* ontwikkeling en onderhou van administratiewe sisteme, insluitende boekhouding;
* algemene kantoorpligte.

*Ondervinding in algemene kantooradministrasie is 'n vereiste.*

Die Sentrum bestaan uit 'n klein navorsingspan en fokus op beleidsaspekte rondom landelike grond- en arbeidsake. Dit is daartoe verbind om by te dra tot die daarstelling van menseregte en toepaslike regstrukture in Suid-Afrika se landelike gebiede.

Aansoeke (met 'n volle Curriculum Vitae en besonderhede van twee referente) moet teen 22 November by Stasiestraat 4, 7600 Stellenbosch ontvang word.

*Navrae: Dawie Bosch / Johan Hamman*
*Tel: (02231) 9-8033 Faks: 9-8032*

# kleinadvertensies

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## VERBLYF

Semi- in Bellevue-Oos, vanaf 1 Nov (drie slaapkamers). R950 per maand.
Tel: 648-8032

One person 22 - 30 required to share lovely semi- with two others in Kensington. R450 including domestic and electricity. Tel: Candice (w) 442-8982 or (h) 614-1765. Occupation as soon as possible.

Derde persoon gesoek om 'n 86 jaar oue gerestoureerde huis in Rockey Straat, Bellevue-Oos te deel. Jou slaapkamer sal 'n eie vuurhert en Oregon-den vloere hê. Sekuriteit, parkering, swembad, M-Net, kos ens. ingesluit - R860 per maand. Is jy ontspanne, gesondheidsbewus en 'n diereliefhebber? Skakel 648-9644.

## DIENSTE

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000.

ACCESS COLLEGE RANDBURG
Training people with disabilities. Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting

Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991.
Tel: (011) 787-0275

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h) Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

The ANC Jhb East Branch will be holding a General Meeting at Marywill Hall, corner Kitchener and Durham Streets, Kensington, at 2 p.m. Sunday 3rd November. Items on the agenda include a report-back from the Regional Conference, VAT Action, and the premier of the video of the National Conference. Refreshments will be on sale.

## MARK

Antieke bad van gegote yster met pragtige ysterpote - R250. Tel: Dawie (0157) 2091 (w) of (0157) 2725 (h)


**PHAMBILI BOOKS:**
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED:
Second-hand, Left Wing Books in good condition.
Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays
13h00-17h00

Kashgar
Handgeweefde dhurries (gestreeptekatoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566

**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN

**Media** - *Max du Preez*

# Kleinseriges hoort nie in 'n warm kombuis nie



DIT is elke landsburger se reg - en dit hoort so in enige beskaafde land - om toegang te kan hê tot die regbank as hy/sy voel hy/sy is onregmatig belaster.

Maar daar is ook 'n ander kant van dié muntstuk.

As dié reg misbruik word, kan dit 'n ernstige gevaar inhou vir die vryheid van spraak en kan dit gesonde debatvoering en kritiek en kommentaar op openbare figure ondermyn.

Kyk maar deur die laaste klompie jare se lastersake: die meeste mense wat lastersake gevoer het, was mense wat in die openbare oog was óf omdat hulle oor groot rykdomme beskik, óf omdat hulle belangrike posisies in die politiek, die gemeenskapslewe of die sakesektor beklee.

Die laaste drie jaar is *Vrye Weekblad* vier keer vir laster gedagvaar: deur die vorige Staatspresident, PW Botha, wie se eis nou blykbaar laat vaar is; deur die hoof van die SA Polisie se Forensiese Afdeling, genl-maj Lothar Neethling, wat sy saak met koste verloor het en nou wag om in die Appélhof te appelleer; die prokureur-generaal van die Witwatersrand, Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, met wie VWB probeer skik het, 'n bedrag skadevergoeding betaal het en wat toe uiteindelik die koste van albei kante moes betaal; en brig Leon Mellet, woordvoerder van die Minister van Wet en Orde, wie se eis van R200 000 nog voor die hof moet dien.

Al vier dié here is in diens van die staat en prominente openbare persoonlikhede. Die twee here wie se sake reeds voor die hof was, het op die rug van die belastingbetaler se geld met hul lastersake begin. Uitsluitsel is egter nie in dié stadium verkry of Neethling en Von Lieres se kostes wel deur die staat betaal sal word nie.

As dié here egter nié staatsamptenare was nie, sou hulle waarskynlik nooit in staat gewees het om met die lastersake te begin nie.

Dit is 'n onding. Dit behoort gestaak te word. As staatsamptenare belaster voel, behoort hulle dieselfde weg te volg as enige gewone burger.

Litigasie in 'n lastersaak is dúúr. Die koste vir *Vrye Weekblad* in die Neethlingsaak bedra in dié stadium byvoorbeeld al meer as R1 miljoen.

Maar dit gaan hier nie net daaroor dat staatsamptenare nie deur die staat gehelp behoort te word om lastersake aan die gang te sit nie.

Ek dink die howe moet ook begin besef dat openbare persoonlikhede, veral politici en prominente staatsamptenare, heelwat moeiliker belasterbaar is as gewone burgers.

Die houding wat spreek uit die uitspraak van regter AP van Coller in die Von Lieres-saak maak my skrikkerig en ek glo as dít die standpunt is wat ons howe wil inneem, kan dit niks goeds inhou vir openbare verantwoording en die vryheid van die media nie.

(Let asseblief daarop dat ek nie nou wil sê ons het nié vir Von Lieres belaster nie. Ons het reeds erken dat ons dit gedoen het, apologie aangeteken en skadevergoeding betaal. Dit gaan vir my hier oor die bedrag wat toegeken is en die opmerking wat die regter gemaak het.)

VWB het naamlik op 19 Januarie 1990 ná 'n hele rits hofsake teen die koerant in die satiriese rubriek Brolloks en Bittergal opgemerk: "Dit help nie ons het 'n regverdige regstelsel as ons prokureursgeneraal en polisie politiek speel met selektiewe vervolgings nie. Dan word die hele boksemdaais gediskrediteer. Intussen staan die staat se kleinlike vendetta teen Vrye Weekblad waarin die howe lustig ingespan word, nou soos 'n seer duim uit." En in 'n later brokkie sê Brolloks: "Die PG van Johannesburg, adv Klaus Otto von Lieres und Wilkau (amper sê ek wasgoed ingesluit), het glo aan enigiemand wat wil hoor te vertelle dat hy nog persoonlik sal toesien dat VWB en sy redakteur in die hof aan die pen ry."

'n Maand later, na nóg 'n hofsaak teen VWB begin is, het ek in persoonlike kommentaar onder my eie naam gesê die nuwe saak het waarskynlik meer te make met binnegevegte tussen NI, MI en die polisie as met 'n oortreding van die wet, en bygevoeg: "Tensy dit 'n voortsetting is van die polisie en die Transvaalse prokureurgeneraal, adv Klaus Otto von Lieres und Wilkau, se kleinlike vendetta teen Vrye Weekblad." (Ons het later ook ekskuus gesê dat ons in Brolloks se rubriek na hom as "Herr Hoesenaam" en "Herr Klaus Dinges" verwys het, maar dit was nie deel van die aanvanklike lastereis nie.)

Dié twee publikasies het toe die basis gevorm vir Von Lieres se twee lastereise. VWB het Von Lieres R15 000 vir die eerste en R5 000 vir die tweede eis aangebied. Hy het die R15 000-aanbod aanvaar, maar gemeen die R5 000 was te min vir die tweede eis - en daaroor is toe hof toe gegaan. Regter Van Coller het toe beslis dat die tweede eis net R5 000 werd was, en daarom gelas dat Von Lieres die koste van albei kante betaal van die datum waarop die skikking gemaak is.

In effek beteken dit dus dat die regter R20 000 aan Van Coller toegeken het. Ek dink dit is oordadig, en ek dink die regter het gedwaal in sy uitspraak.

Vir eers is Von Lieres 'n hoë staatsamptenaar en een wat dikwels in die openbare oog is. Dit beteken al klaar dit moet bitter moeilik wees om hom te belaster.

Ten tweede glo ek ons laster was minimaal omdat dit nie op sy persoonlike lewe betrekking gehad het nie, maar op die uitvoering van sy pligte as staatsamptenaar. Dit was nie die eerste keer dat Von Lieres gekritiseer is dat hy vervolg het of versuim het om te vervolg nie - toe hy besluit het om Winnie Mandela te vervolg, het mense betogings teen sy besluit gehou en hy het, soos dit in 'n demokratiese samelewing hoort, sy besluit op TV verdedig.

Die punt is dat politieke oorwegings by heelparty van Von Lieres, soos ander prokureurs-generaal, se besluite 'n rol speel. Dit kan nie anders nie. Onthou maar die Winnie-saak. En enige plek waar 'n mens diskresie gebruik of waar politieke oorweginge 'n rol speel, vergroot die ruimte vir kritiek. Ons het geglo politieke oorwegings het ook 'n rol gespeel in sy besluite om VWB herhaaldelik te vervolg vir oortredings waaraan heelparty publikasies hulle al skuldig gemaak het sonder dat hulle vervolg is, en ons het dié vermoede uitgespreek. Onthou, ons is boonop nog 'n koerant ook, en een met 'n robuuste persoonlikheid wat heelwat in die spervuur staan.

Derdens glo ek dat die laster óf in die vorm van satire, óf in die vorm van kommentaar gepleeg is, en daarom as heelwat minder lasterlik gesien behoort te word as wanneer dit in 'n feiteberig gebruik sou gewees het.

Regter Van Coller stem nie saam nie. Hy sê hy aanvaar die berigte "het hulle ontstaan gehad in 'n gevoel van gegriefdheid aan die kant van VWB," en voeg by: "Dit, en die feit dat die eerste berig deel gevorm het van 'n rubriek wat op satiriese trant geskryf word waarin heeltemal te ver gegaan is, doen nie afbreuk aan die feit dat hier 'n substansiële toekenning behoort te wees nie."

Met respek: jy het dit mis, liewe regter. Sonder satire gaan ons baie armer wees. Satire is 'n kenmerk van 'n intelligente beskawing. Spotprente is ook 'n vorm van satire. Kan jy jou voorstel as alle openbare figure met wie in spotprente die draak gesteek word, vir laster begin eis?

Nee, regter, dit is 'n gevaarlike teken dat jy nie sterk standpunt ingeneem het en gesê het dat laster in die vorm van satire of persoonlike kommentaar, dws 'n mening, wesenlik minderwaardig is vergeleke met laster in die vorm van feitestelling.

Die regter sê voorts: "Die eiser is 'n persoon wat 'n belangrike en 'n baie verantwoordelike amp beklee. Dit is duidelik dat hy 'n man is met 'n voortreflike loopbaan wat hoë aansien geniet."

Dit mag so wees. Maar dit is juis die punt. Iemand met 'n "belangrike" en "baie verantwoordelike" amp behoort juis meer in die kollig gestel te word as ander minder belangrike mense. Só iemand behoort voortdurend die onderwerp van kritiek, selfs skerp kritiek, te wees as die beginsel van openbare verantwoording (accountability) enigiets gaan beteken.

Ons het erken dit was laster, en die regter het dit weer bevind. Maar dit is jammer dat regter Van Coller 'n kleinserige senior staatsamptenaar nie daarop gewys het dat 'n dun velletjie en 'n fragiele ego nie hand aan hand loop met 'n openbare, verantwoordelike pos nie.

Daar is nog 'n onding wat ons graag sal wil sien verdwyn. Elke keer dat 'n koerant vir laster gedagvaar word, word die koerant se drukker ook bygesleep en saam met die koerant aanspreeklik gehou. Dit het sin gehad in die ou dae toe drukkers nog alle berigte met warm lood geset en dus alles kon lees. Met vandag se tegnologie het 'n drukker nie 'n idee wat in die koerant verskyn nie, en het hy ook nie tyd om te lees nie.

Die nadeel is dat drukkers nou paranoïes word as 'n koerant soos *Vrye Weekblad* links en regs gedagvaar word. Groot deposito's word dan as versekering geëis, en in sommige gevalle weier drukkers om so 'n koerant verder te druk. Ons moes baie maande lank elke week 'n prokureursbrief aan die drukker voorlê wat sê daar is niks lasterliks in daardie uitgawe nie. En prokureurs kos géld.

Dit is in die belang van persvryheid dat dié anachronisme uit ons regstelsel geweer word.

Ek hoop ons howe gaan in die toekoms minder deernis hê met openbare persoonlikhede, en ek hoop die regering gaan 'n stokkie steek voor amptenare wat met die goeie gunste van die Staatsprokureur en die belastingbetaler se geld hul ego's wil beskerm.

So nie, kan die politici en amptenare van ons eerste meerderheidsregering in die Nuwe Suid-Afrika hulle maar regmaak om al wat Afrikaanse koerant is, vir laster te dagvaar. Of het enigiemand gedink koerante soos *Rapport* en *Die Burger* gaan 'n ANC-regering met handskoentjies hanteer?

Die tragiese is natuurlik dat *Vrye Weekblad* dan weer en nog steeds gedurig die gevaar van lastereise en ander hofsake sal loop. Want ons glo dat almal wat in die openbare oog is of deur die belastingbetaler se geld betaal word, uiters fyn dopgehou en robuust gekritiseer moet word as dit nodig is - of dit nou NP, KP, PAC of ANC is.

Soos hulle sê in die classics: A luta continua - die stryd duur voort.

(Eintlik word daar gewoonlik bygevoeg: Vittoria e certa - die oorwinning is seker. Maar my optimisme vir die Nuwe Suid-Afrika strek nie só ver nie...)

# die toekoms lyk al hoe kaler...

**Harde pornografie is onwettig in Suid-Afrika:** oorsese tydskrifte soos *Playboy* bly verbied; die besit van pornografiese video's is met die wet strafbaar; en die verspreiders van pornografiese rolprente probeer nie eens toestemming kry om in Suid-Afrika te vertoon nie. Die naaste wat ons aan "wettige pornografie" kom, is prikkeltydskrifte soos *Penthouse*, *Bunny Girl* en *Scope*; en so nou en dan 'n kaal lyf of 'n warm liefdestoneel in 'n rolprent. Maar, terwyl tydskrifte deur die doolhowe en teenstrydighede van die sensuurstelsel dwaal, is daar nou aanduidinge dat dié "sagte pornografie" toegelaat gaan word om 'n effe "harder" te word.

**ESMA ANDERSON** *doen verslag*



***Penthouse* dokter gereeld die tepels en skaamhare met verf om dit minder opsigtelik te maak. Daarsonder sou die sensors waarskynlik nie eens twee keer gekyk het na dié foto voor hulle dit verban nie. Teen druktyd was dit nog nie bekend of die foto die rubberstempel vrygespring het nie.** (Foto: Penthouse)

SENSUUR gaan waarskynlik heeltemal van gedaante verander in 'n nuwe politieke bedeling. Jare lank was sensuur 'n vloekwoord in die joernalistiek. Toe politieke sensuur nog algemeen op publikasies toegepas is, was dít die ongewildste vorm van sensuur. Die Direktoraat van Publikasies het deesdae byna die helfte minder werk as in die era vóór Februarie 1990, toe die ANC en ander politieke organisasies gewettig is.

Sommige mense meen die sensors moet heeltemal van hul werk ontneem word. Dié mense is veral die uitgewers van die sogenaamde "girly" tydskrifte (hoewel baie van hulle nie van dié benaming hou nie).

Veral vier tydskrifte word in dié "kategorie" genoem: *Penthouse*, *Scope*, *Bunny Girl* en *Stag*. Kyk mens na die ontwikkelinge die laaste paar maande, is dit duidelik dat veral *Penthouse* en *Scope* besig is om die grense te verskuif.

Albei tydskrifte het die laaste maande naakte borste gepubliseer, waarvoor albei telkens verbied is - maar hulle het die appèl keer op keer gewen.

David Mullany, die redakteur van *Scope*, meen dit beteken dat die Appèlraad die soort materiaal wat hulle publiseer as aanvaarbaar beskou met inagneming van die prys en die verpakking (in plastiek toegedraai en duidelik gemerk vir slegs volwassenes).

Neem mens die koste van appèlsake in ag, is dit duidelik dat die tydskrifte óf iets wys geraak het oor moontlike veranderings in die sensuurwetgewing óf iets in die mou voer. Hoekom sou hulle anders soveel onkoste - minstens R15 000 per saak - aangaan as sensuur nie binnekort verslap gaan word nie?

David Mullany erken dit, maar wil nie verder daaroor uitwei nie. Hy volstaan met: "Ons gaan baie interessante verwikkelinge sien plaasvind."

Of dit wel gaan gebeur, kan maar net oor bespiegel word. Ralph Boffard, die uitgewer van *Penthouse*, meen die teenoorgestelde kan ook moontlik waar wees en dat die sensuurmaatreëls dalk streng gehou kan word bloot om die konserwatiewe deel van die samelewing te paai - veral gesien in die lig van die dramatiese politieke verwikkelinge die laaste twee jaar.

Terwyl die ander twee tydskrifte, *Bunny Girl* en *Stag*, agteroor sit en wag vir die verslapping van sensuur, wil *Penthouse* en *Scope* klaarblyklik dié maatreëls vooruitloop sodat hulle voorlopers op die gebied kan wees en nou al so 'n groot markaandeel moontlik kan inpalm. Dit sal hulle goed pas om as voorlopers in die stryd beskou te word, terwyl sowel *Bunny Girl* as *Stag* nie oor die finansiële vermoëns beskik om telkens appèl aan te teken nie.

Twee navorsers, Joe Campanella, 'n regsdosent aan Wits, en Michael Sarakinsky, 'n sosiologie-dosent aan Unisa, meen egter dat die verwagte verslapping van sensuur moontlik 'n voorloper is van die "nuwe Suid-Afrika" en die aanvaarding van 'n handves van menseregte. Een van die belangrikste menseregte wat in die laasgenoemde beskerm moet word, is dié van vryheid van spraak en uitbeelding. Dit is juis volgens dié beginsel dat pornografie dikwels in ander lande beskerm word.

*Penthouse* stem met dié mening saam. "Politieke sensuur is nou al amper twee jaar opgehef, dis tyd dat ander drakoniese reëls dié voorbeeld volg. Volwasse mense het tog sekerlik die reg om te besluit wat hulle wil lees en sien," sê Boffard.

As Suid-Afrika binnekort 'n Handves van Menseregte aanvaar, sal sensuur dus een van die eerste maatreëls wees wat beskou kan word as 'n vergryp van menseregte, veral vryheid van spraak en uitbeelding.

Campanella en Sarakinsky meen ook dat juis dít die rede is waarom prof Dan Morkel, dekaan van die Regsfakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS), aangestel is as die nuwe voorsitter van die Appèlraad, die liggaam wat in groot mate die beleid bepaal in die toepassing van die wet.

Morkel is bekend vir sy meer liberale houding jeens sensuur, en veral sy sterk menings oor vryheid van spraak.. Dít, meen Campanella en Sarakinsky, is een van die eerste aanduidings dat Suid-Afrika uiteindelik van uitgediende sensuurmaatreëls ontslae gaan raak.

Morkel is ook een van die eerste voorsitters van die Appèlraad wat sensuur verbind tot vryheid van spraak, selfs nog voor sy termyn op 1 November amptelik begin.

In 'n onderhoud met *Business Day* sê Morkel dat "sekere materiaal wat nie voorheen beskikbaar was nie, dalk beskik-



**VERBIED: Dié leerbande en die model se liggaamshouding is ongewens en obseen bevind.** (Foto: Bunny Girl)



**TOEGELAAT: Nie die leerbande óf liggaamshouding van dié model is ongewens gevind nie.** (Foto: Penthouse)

baar kan word in die Suid-Afrikaanse mark in die nuwe Suid-Afrika."

Morkel het vandeesweek aan VWB gesê vryheid van spraak moet die uitgangspunt wees van alle sensuur. "Sensuur-organe moet slegs ingryp as dit werklik nodig is. Die belangrikste beginsel is dat uitsprake van die Appèlraad die gemeenskap se belange moet dien, nie net 'n klein gedeelte van die gemeenskap nie."

Morkel meen wel dat materiaal wat eens as onwenslik beskou is, dalk nou toegelaat kan word omdat die gemeenskap se verdraagsaamheid nie staties is nie.

Hy sê egter dat die voorsitter nie soveel mag het soos wat algemeen geglo word nie. "Die voorsitter is maar slegs een lid in 'n raad van sewe lede. Dit sou beledigend wees vir die integriteit en oordeel van die ander lede om te sê dat die voorsitter alleen die beleid bepaal."

Hy sê gissings oor sy reputasie as 'n meer liberale voorsitter is prematuur, omdat hy eers op 1 November die tuig opneem.

Die mees waarskynlike verandering van sensuur is die vertolking van die wet, omdat dit baie vaag geformuleer is. Die Appèlraad kan moontlik in die toekoms redeneer dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap meer verdraagsaam geword het en foto's met byvoorbeeld naakte borste sal dalk nie meer as ongewens beskou word nie.

Dr Braam Coetzee, die Direkteur van Publikasies, meen dat dit dalk juis 'n moontlike rede was vir die Appèlraad se meer toegeeflike houding die laaste paar maande oor veral naakte borste.

'n Ander moontlikheid is dat publikasies moontlik nie in die toekoms verbied gaan word nie, maar dat eerder gefokusseer sal word op markkragte soos prys en verspreiding om die beskikbaarheid van sensitiewe materiaal te beperk.

Morkel sê dié metode word al gebruik, maar dit kan in die toekoms dalk belangriker word omdat materiaal wat vir een deel van die gemeenskap onaanvaarbaar is, nie noodwendig vir ander dele van die gemeenskap onaanvaarbaar is nie.

Sou die vertolking van die wet egter net meer toegeeflik word, sal mens nog moet sien hoeveel gewig die algehele gehalte van die tydskrif in die toekoms gaan dra.

Tans word veral twee faktore in ag geneem in die beoordeling van "ongewenstheid": die algehele inhoud en gehalte van die publikasie, en die "waarskynlike" leser.

Toe sekere uitgawes van *Penthouse* en *Scope* deur die Direktoraat se komitee verbied is, was een van die groot besware dat die waarskynlike leser moontlik kinders kan insluit. Die Appèlraad was egter tevrede dat die prys en plastiek-verpakking van die tydskrif dit minder toeganklik maak vir kinders.

Wat die gehalte en inhoud van die tydskrifte betref, kon hulle ook bewys dat hulle nie bloot "prikkelpop"-tydskrifte is nie, maar in die inhoud en versorging 'n goeie standaard handhaaf.

Kyk mens na *Bunny Girl* en *Stag*, is dit egter te betwyfel of hulle aan die laaste vereiste sal kan voldoen. Inhoudelik is dié tydskrifte meer gemik op "vleeslike" belange en prikkeling.

Die redakteurs van dié tydskrifte meen egter dat hulle wel 'n hoë standaard handhaaf, maar sê vryheid van spraak moet nie kwalifiserend toegepas word nie. "Ons lesers het die reg om te lees wat hulle wil. Dis belaglik om skielik op glanspapier te druk net om meer 'upmarket' voor te kom. Op die ou end bied ons almal maar dieselfde ding: mooi meisies om na te kyk," sê Jan Cilliers van *Stag*.

## Só werk die sensors

PUBLIKASIES kan as "ongewens" bevind word en verbied word kragtens die Publikasiewet, Wet 42 van 1974. Prikkelpop-publikasies word beoordeel ingevolge Artikel 47(2)(a), waarvolgens dit ongewens verklaar kan word indien die tydskrif of 'n gedeelte daarvan "onsedelik of obseen is, aanstoot gee of skadelik is vir publieke moraliteit".
Kragtens dié Wet is hoofsaaklik drie liggame in die administrasie van sensuur en die bepaling van "ongewenstheid" betrokke:

**Die Direktoraat**

Die direktoraat bestaan uit die Direkteur van Publikasies, 'n adjunk-direkteur en assistent-direkteure.
Die direktoraat het self nie beslissingsmag nie en verwys materiaal na 'n aantal komitees.

**Komitees van die direktoraat**

Elke komitee bestaan uit minstens drie lede, wat op 'n ad hoc basis aangestel word deur die Direktoraat uit 'n lys wat deur die Minister van Binnelandse Sake verskaf word.
Die name op die lys, is mense wat die minister as bevoeg ag vir die taak uit hoofde van hulle opleidingskwalifikasies en kennis.


**Publikasie Appèlraad**

Die Appèlraad bestaan uit minstens 7 lede. Die voorsitter word aangestel deur die Staatspresident. So 'n persoon moet na die Staatspresident se mening gepas wees vir die pos uit hoofde van sy regskennis en ervaring.
Die ander lede van die Appèlraad word ook deur die Staatspresident aangestel, en hulle kwalifikasies en ervaring word ook in ag geneem.

### Werking

Publikasies word beoordeel wat "ongewenstheid" betref indien lede van die publiek klagtes daaroor indien by die Direktoraat.
Die Direktoraat het egter die mag om publikasies wat moontlik ongewens kan wees, na sy komitees te verwys vir beslissing.
Die komitees het wel beslissingsmagte en kan 'n publikasie verbied indien dit as ongewens bevind word. Indien die tydskrif se eienaars ontevrede is met die beslissing, kan hulle appèl aanteken teen die verbod by die Appèlraad, wat in Pretoria sit.
Hoewel die Direktoraat self nie beslissingsmag het nie, kan dit appèlleer teen beslissings van een van sy komitees indien hy nie saamstem met die uitspraak nie.
Die Appèlraad is in groot mate die besluitnemingsliggaam, omdat sy uitsprake bindingsmag het en volgens die regsbeginsel van presedent kan bepaal watter interpretasies van die wet voortaan sal geld.
Die Appèlraad se beslissings is finaal en bindend.
Sou die appèllant steeds nie saamstem met die beslissing van die Appèlraad nie, kan die saak na die Hooggeregshof gebring word, maar slegs indien bewys kan word dat die Direktoraat en Appèlraad kwaadwillig opgetree het.

(Bron: Kelsy Stuart's *Newspaperman's Guide To The Law*, vyfde uitgawe. Uitgegee deur Butterworths)



**VERBIED MAAR LATER OP APPÈL TOEGELAAT:** **Die liggaamshouding van die model en die manier waarop sy na die kamera kyk, is deur die sensors beskou as 'n uitnodiging tot seks.** (Foto: Penthouse)

"Haar pa was smoorkwaad en wou die sensors met sy vuiste gaan uitsorteer omdat hulle sy dogter se gesig as obseen of ongewens beskou."



**VERBIED: Die gesigsuitdrukking van dié model is ongewens bevind omdat dit wellus uitlok.** (Foto: Bunny Girl)

# die bakleiery oor die borste

## Sterre oor die tepels is 'n belediging vir 'n mooi vrou, meen die uitgewers van prikkelpop-publikasies

"*PENTHOUSE* het reeds die Battle of the Nipple gewen," sê Joe Campanella, 'n regsdosent aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Kyk mens na die laaste paar uitgawes van *Penthouse* en *Scope*, lyk dit asof naakte borste nie meer as ongewens beskou word nie - veral nie in dié twee tydskrifte nie, meen Campanella.

Tot dusver is naakte borste steeds as ongewens en selfs soms as obseen beskou. Slegs die beduidenis van 'n tepel kon daartoe lei dat 'n tydskrif verbied word.

Sedert Mei vanjaar het *Penthouse* dié reël oortree - en is daarvoor voor stok gekry deur die Direktoraat se komitee omdat hulle "nie eens gepoog het om die tepels te verberg onder aanvaarbare joernalistieke sterre nie". Elke slag het die tydskryf egter die appèl teen die verbod gewen.

**JOERNALISTIEKE STERRE**

Die komitees het selfs so ver gegaan as om foto's van 'n modeparade met bekende ontwerpers soos Christian Dior, Yves Saint Laurent, Thierry Mugler en Gianfranco Ferré in *Penthouse* as ongewens te beskou omdat verskeie kledingstukke deurskynend was en die tepels wat deurskyn nie met sterre bedek is nie.

"Dis die rigting waarin die internasionale modewêreld begin beweeg. Ek gaan regtig nie 'n ster plak op 'n skepping van Christian Dior of Yves Saint Laurent nie. Dis mos die toppunt van arrogansie," sê Ralph Boffard, die uitgewer van *Penthouse.*

"Ek gaan beslis nie sterre op een van die modelle se lywe in my tydskrif plaas nie. Ek dink dis baie beledigend vir die jong dame. Die sterre is verminkend en ontsier die hele stemming van die foto. Buitendien, sterre kraak die model af en laat alles baie goedkoop lyk," sê Boffard.

"Dan het hulle nog die vermetelheid om dit 'joernalistieke sterre' te noem. Daai sterre is 'n uitvinding van die sensors, nie joernaliste nie."

David Mullany, redakteur van *Scope*, stem saam. "As mens sterre op modelle se borste plak, laat dit hul borste eintlik net meer aandag trek. Daarsonder kyk mens na die foto in die geheel - maar met die sterre op is die borste, en veral die tepel-area, baie meer opmerklik."

Die redakteurs van *Bunny Girl* en *Stag* wil graag die sterre van hulle modelle se borste afhaal - maar sê hulle kan dit nie eintlik waag nie, anders sal hul tydskrifte sekerlik verbied word. Dit kan hulle nie bekostig nie, want die regskoste van 'n appèlsaak is te groot.

"So nou en dan sneak ons maar so twee of drie in, maar ons bly maar aan die versigtige kant," sê John Haffner van *Bunny Girl*. Hy sê komitees gaan in soveel besonderhede in dat hulle selfs een keer die grootte van die sterre in pikas gemeet het in vergelyking met die grootte van die tepel (wat mens in elk geval nie kan sien nie) en die omringende areolae ring.

Jan Cilliers van *Stag* sê die sensuurstelsel werk onregverdig. "Omdat *Penthouse* kamma 'n 'upmarket' tydskrif is, kan hulle met alles wegkom. Op die ou end is borste tog maar borste en tepels tepels. Ek kan nie sien hoekom óns dit nie ook kan doen nie. Ons sterre is in elk geval reeds so klein dat ons dit net sowel kan uitlos. Dis belaglik!"

**DUBBELE STANDAARDE**

Die redakteurs van al vier tydskrifte meen die standaarde wat gebruik word in die beoordeling van hulle tydskrifte is oudmodies en skynheilig.

Die voorbeeld van rolprente en TV word gereeld opgehaal in dié gesprekke. Hoekom kan mens volle frontale naaktheid sien op TV of in die bioskoop en selfs soms eksplisiete sekstonele - maar nie in prikkeltydskrifte nie?

'n Argument wat deur die sensors gebruik word, is dat foto's in tydskrifte staties is. Mens kan na 'n rolprent gaan kyk en gou weer daarvan vergeet, maar na die foto's in tydskrifte kan jy weer en weer kyk.

Die redakteurs stem nie saam nie. "Hulle kan nie verskillende kriteria aanwend vir tydskrifte nie. Ons tydskrifte is nie so toeganklik vir kinders soos TV nie - en dis juis kinders wat hulle probeer beskerm. Baie films met warm sekstonele of volle frontale naaktheid word veral op M-Net gewys," sê Haffner.

"Maar selfs as mens net na ander tydskrifte kyk, is daar dubbele standaarde aan die werk. Vrouetydskrifte kom met moord weg. Hoekom dink jy lees so baie vroue tydskrifte soos *Cosmopolitan*? Ek sal jou sê - dis vir die gereelde artikels oor seks. Daar gaan amper nie 'n uitgawe daarvan op straat uit sonder 'n rubriek of artikel oor seks nie."

Cilliers stem saam. "Die probleem is met die benamings 'girly magazine' en 'manstydskrif'. As mens van mans praat, is dit skielik pornografies. Ons steek dit net nie almal weg agter 'n sjokolade-lagie van mooi woordjies nie. As dít is wat mense wil sien, hoekom nie? Dis nie eens 'sagte' pornografie nie, wat nog te sê pornografie. Mens kan iets seksueels sien in enigiets as jy hard genoeg probeer en daarop ingestel is."

Dié argument klink dalk nie vir almal oortuigend nie, maar hoe kan 'n ten volle geklede vrou wellus uitlok? Maklik, sê die redakteurs, wat al baie ervare is op dié gebied. "As 'n model se oë toe is, as sy reguit na die kamera kyk, wydsbeen sit of selfs staan, as haar gesig nie strak is nie of as sy hande-viervoet hurk sien die sensors dit as uitlokking van wellus," sê Haffner.

'n Frase wat graag deur die komitees gebruik word, is dat die model "uitlokkend na die kamera kyk".

Die uitlokkende deel is veral van belang. Dikwels word materiaal as ongewens verbied omdat dit "berekende pogings is tot opwekking van wellus".

Haffner sê in die *Bunny Girl* van September 1990 is een foto verbied juis oor die gesigsuitdrukking van die model. "Haar pa was smoorkwaad en wou die sensors met sy vuiste gaan uitsorteer omdat hulle sy dogter se gesig as obseen of onwenslik beskou."


Nog 'n illustrasie van die erns waarmee die sensors die foto's in die fynste besonderhede bestudeer, is faktore soos waar die lig fokusseer, die glinstering in die oë, die verskuilde betekenis agter haar glimlag, die manier waarop sy na die kamera kyk, en so meer.

Die sensors sit ook met 'n effense dilemma, omdat naakte borste op Suid-Afrikaanse strande nou al geruime tyd aanvaarbaar is. Geen haan kraai meer daarna nie.

Haffner en Cilliers sê hulle word in die praktyk gedwing om self-sensuur toe te pas om te keer dat die tydskrifte gereeld verbied word. Hoe méér die tydskrif verbied word, hoe groter is die kanse dat 'n komitee kan beslis dat, gegewe 'n publikasie se verbod-geskiedenis, dit voortaan ook ongewens sal wees en uiteindelik die tydskrif permanent verbied.



**VERBIED: Die liggaamshouding van dié model is ongewens en 'n uitnodiging tot seks.** (Foto: Bunny Girl)



**VERBIED, MAAR LATER OP APPÈL TOEGELAAT: Die liggaamshouding van hierdie model gee nie meer aanstoot nie.** (Foto: Penthouse)

# 'standaarde is verouderd'

## Die verskillende sensuurliggame stem duidelik nie altyd saam oor presies hoe die wet vertolk moet word nie...

DIE uitgewers van die sogenaamde prikkelpop-tydskrifte is dit almal eens dat die huidige sensuurstelsel groot probleme oplewer.

Die sensuurwetgewing is baie breed geformuleer - met die gevolg dat beslissings oor die gewenstheid van materiaal gegrond is op interpretasie van die wet, 'n faktor wat die uitgewers meen subjektiwiteit onvermydelik maak.

Dié mening word duidelik geïllustreer as mens kyk na gebeure die laaste paar maande. Veral uitgawes van *Penthouse* en *Scope* is herhaaldelik verbied deur die Direktoraat van Publikasies se komitees, meestal weens naakte borste.

Die uitgewers van *Penthouse* en *Scope* het egter elke keer appèl aangeteken - en elke keer het die appèl geslaag. Dit lyk dus asof die komitees en die Appèlraad die wet anders vertolk.

David Mullany, redakteur van *Scope*, sê sy tydskrif het ook groot probleme met die Direktoraat. "Die Direktoraat se komitees verbied materiaal steeds volgens 'n streng interpretasie van die wet. Hoekom is daar so 'n groot verskil in mening en interpretasie van die wet?"

Dr Braam Coetzee, die Direkteur van Publikasies, meen egter dat die Appèlraad nie duidelik genoeg uitgespel het dat dié soort materiaal nou as aanvaarbaar beskou word nie. Daarom, sê hy, beoordeel die komitees die tydskrifte nog steeds volgens die ou riglyne en interpretasies van die wet.

"Die hele stelsel is belaglik," sê Ralph Boffard, die uitgewer van *Penthouse*. "Dit lyk vir my of elkeen van die sensuurliggame met 'n eie agenda werk. Die Direktoraat en die komitees steur hulle maar min aan die besluite van hulle eie Appèlraad. Die uitsprake van die Appèlraad is tog baie duidelik."

Die dryfsand van wat mag en nie mag nie en die verwarring daaromheen word erger. Die Direktoraat het onlangs in die *Staatskoerant* van 4 Oktober aangekondig hy gaan appèl aanteken teen 'n bevinding van een van sy komitees. Dié komitee het bevind dat 'n uitgawe van *Scope* (wat ook onbedekte borste bevat) nie ongewens is nie - en die Direktoraat wil dit nou betwis.

Coetzee sê die Direktoraat doen dié stap omdat hulle bekommerd is dat die riglyne nie konsekwent toegepas word nie.

"Dis moontlik dat die komitee verkeerd geoordeel het en ons moet toesien dat daar nie fluktuasies in die beslissingslyn is nie," sê Coetzee.

Joe Campanella, 'n regsdosent aan Wits, sê dié komitee het dalk ag geslaan op die Appèlraad se uitsprake, of het dalk uit meer liberale lede bestaan.

Hy meen die grootste probleme met die sensuurliggame is juis subjektiwiteit en hul onvermoë om konsekwent op te tree op grond van presedent, wat volgens hom duidelik sigbaar is in die gebeure die laaste paar maande.

"Daar is 'n groot kommunikasiegaping tussen die Appèlraad en die Direktoraat. Die komitees is veronderstel om kennis te neem van die beslissings van die Appèlraad - maar as 'n komitee dit oënskynlik wél doen, stem die Direktoraat nie daarmee saam nie," sê Campanella. "Die regsbeginsel van beslissings op grond van presedent word belaglik gemaak deur sulke optredes."

Wat die Appèl-uitsprake die laaste tyd betref, sê Coetzee dat dit waarskynlik gebaseer is op 'n verstandhouding dat die verdraagsaamheid van die Suid-Afrikaanse publiek verhoog het.

Die appèlle wat die laaste ruk aan *Penthouse* en *Scope* toegestaan is, kan egter 'n probleem veroorsaak as die maatreëls nie verander nie, sê hy, "omdat toekomstige sake altyd geargumenteer sal word op presedent van dié sake."

Dit word dus al hoe belangriker dat die Direktoraat kennis moet neem van die Appèlraad se uitsprake, of dat die Appèlraad hul besluite duidelik moet kommunikeer aan die Direktoraat.

Ralph Boffard, die uitgewer van *Penthouse*, stem hiermee saam. "Ons wil nie graag die wet oortree nie, maar die sensuurliggame sal hulle huis moet skoonmaak. Dis baie duur om appèl aan te teken teen beslissings wat in elk geval ongedaan gemaak word deur die Appèlraad. Ek kan nie die nodigheid daarvan insien om telkens deur dié deurmekaarspul te gaan nie."

Nog 'n probleem wat die stelsel vir dié tydskrifte inhou, is dat hulle anders behandel word as die meeste ander publikasies. Gewoonlik lê die Direktoraat publikasies voor aan die komitees slegs nadat klagtes van die publiek ontvang is.

Die Direktoraat het egter die reg om tydskrifte voor te lê as hy meen dit kan dalk aanstoot gee of ongewens wees. Op grond hiervan word die "prikkelpop"-tydskrifte telkens voorgelê sodra hulle gepubliseer is.

John Haffner, die redakteur van *Bunny Girl*, sê hulle is baie agterdogtig oor die mate waarin die komitees en die Direktoraat verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

"Hulle beskerm slegs die belange van 'n klein deel van die gemeenskap, daarom dat hulle ons publikasies telkens sonder klagtes voorlê, maar ons aanvaar dit maar so.

"Die grootste probleem is dat ons meen die verdraagsaamheid van die gemeenskap veel hoër is as hulle interpretasie daarvan. Ek dink nie die Suid-Afrikaanse gemeenskap is al gereed vir volle frontale naaktheid nie - maar hulle is definitief gereed vir naakte borste," sê Haffner.

"Ons leef in die twintigste eeu. Dis absurd om nog Victoriaanse standaarde te gebruik in die bepaling van mense se verdraagsaamheid."

Boffard stem hiermee saam en sê hulle sal graag wil weet wie die komiteelede is, omdat mens dan hulle kwalifikasies en standpunte kan beoordeel in terme van verteenwoordiging van die breër gemeenskap.

"Hoekom word die komiteelede se name so streng geheim gehou? As ek moet publiseer wat die komitees wil sien, sal ek omtrent net die Bybel kan publiseer. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap is nie só konserwatief nie. Vandag is sensuur 'n powere poging om 'n skynheilige moraliteit op die publiek af te dwing.

"Ons probeer binne die wet bly, maar die stelsel van sensuur is in so 'n gemors dat ons sukkel. Die probleem is dat hulle dink hulle is verhewe bo die wet. Daar is geen manier waarop ons hulle kan aanvat oor hul interpretasie van die gemeenskap se vlak van verdraagsaamheid nie - ons mag dan nie eens weet wie hulle is nie. Dis onmoontlik om te bepaal of hulle verteenwoordigend is van die gemeenskap as geheel."

Boffard sê die sensors het die volste reg om *Penthouse* te verbied as hulle volle frontale naaktheid sou publiseer, omdat dit onaanvaarbaar is vir die publiek. "Dan sou ek hulle gelyk gee, maar hulle standaarde is heeltemal verouderd."

# vryekeusefilms



Judy Davis in Where Angels Fear to Tread

***** VOORTREFLIK
**** STERK AANBEVEEL
*** SIEN GERUS
** SO-SO
* VERMY AS JY NUGTER IS
ROLPRENTE SONDER STERRE IS NOG NIE BEOORDEEL NIE

**WHAT HAPPENED TO SANTIAGO**
Santiago die man, nie die stad nie. Hy is 'n middelklas-boekhouer van Puerto Rico wie se lewe omvergegooi word deur 'n beeldskone vrou wat hy in 'n park ontmoet. "We'll meet again... by chance," sê sy vir hom. Só word obsessies gebore.

**DEFENCELESS**
'n Psigo-riller met Barbara Hershey as 'n intelligent, suksesvolle prokureur en Sam Shepard as die polisieman wat haar chaotiese private lewe moet regruk. TK Katwuller (Hershey) is die eksentrieke karakter waarom alles draai: sy knoop 'n verhouding aan met die man van een van haar kollege-vriendinne wat sy dekades laas gesien het. Wanneer die man vermoor word, word haar vriendin van moord aangekla en vra sy TK om haar in die hof te verdedig.

**MORTAL THOUGHTS**
Alan Rudolph is 'n besonderse regisseur wie se prente dikwels nie die mainstream haal nie. Mortal Thoughts lyk na nog 'n off-beat urban nightmare: dit handel oor vroue wat ondanks mishandeling deur hul mans, steeds binne die verhouding bly.

**TERMINATOR II**
Die groot nuus is dat Linda Hamilton, van Beauty and the Beast-faam, spesiaal spiere aangekweek het om oorkant Arnie te speel in James Cameron se jongste extravaganza oor die mens se oorlog teen die masjien.

**NOT WITHOUT MY DAUGHTER**
Betty Mahmoody woon gelukkig saam met haar Iranese man en dogter in Michigan. Midde in die jare tagtig beleef Iran 'n oplewing in religieuse fanatisme. Moody dring daarop aan dat Betty (Sally Field) hom op 'n vakansie vergesel om sy familie te besoek. Moody besluit om in Iran te bly en weier dat Betty terugkeer Amerika toe. Die prent handel oor haar ontsnapping.

**WHERE ANGELS FEAR TO TREAD**
EM Forster se insigte oor die Engelse gemoed... Die skitterende Judy Davis speel 'n Engelse dame wat teen haar familie se sin verloof raak aan 'n armoedige Italiaan.

*** JULIA HAS TWO LOVERS**
'n Porn-movie sonder seks. ANDREA VINASSA

***** NEW JACK CITY**
Vroeër jare was dit die Italiane... nou kry swart die "swart mafia" hul kans. New York se crack-probleem word opgejazz met rap-musiek en mooi klere. Die regisseur (en polisie-held in die prent) maak gedurig verwysings na prente soos Scarface ('n prent oor kokaïne): Mario van Peebles (die regisseur van onder meer Wiseguy) leen en steel by Coppola, De Palma en Scorsese, maar moet nog 'n lang pad loop om by die grotes uit te kom. Dis geskryf deur 'n dwelm-verslaafde joernalis en kenner van "inner-city" crime. Die moralisme en die vigilante-isme is seker onvermydelik. AV

**ANOTHER YOU**
Gene Wilder en Richard Pryor se vorige uitstappie op film was nie baie snaaks nie. Hoe kan ons hulle ooit weer vertrou?

**A DAY TO REMEMBER**
Die 70-jarige Bertille verkoop die huis waarin sy nog altyd gewoon het. Sy reël 'n afskeidspartytjie vir haar gesin. Bertille word gespeel deur Fellini se vrou, Giulietta Masina.

****** NIKITA**
Nihilisme as sensualisme. Die Franse pak 'n soort 1984-tema aan: 'n sosiopaat word gerehabiliteer, maar as betaling vir haar "redding" moet sy vir 'n groep kriminele boewe werk. Alles is des te meer afgryslik omdat die hoofkarakter 'n mooi vrou is. Skitterende vertolkings. Uitmuntende regie. Só apokalipties. Só Frans. AV

**** MEN OF RESPECT**
Asof ons nie genoeg Mafia-movies gesien het nie, het ons nou vir Mike Battaglia en die D'Amico-gesin in New York. Die prent se enigste pluspunt is dat John Turturro (van Miller's Crossing-faam en ook een van Spike Lee se gunsteling wit [!] akteurs) die hoofrol speel. Dis 'n vervelige rehash van die Macbeth-verhaal. AV

***** A KISS BEFORE DYING**
Hier het ons 'n suksesvolle riller wat ondanks 'n eenvoudige storielyn en onoorspronklike tema die spanning deurgaans behou, as jy skrik vir psigopate en hul doen en late. Aangename, soet vermaak - in die sin dat die prent hom nou nie juis verstout om te vra om nadenke nie. CHARL-PIERRE NAUDé.

****** DRUGSTORE COWBOY**
Almal is nuuskierig om te sien of Matt Dillon kan voortgaan met die briljante spel wat hy in dié vernuwende prent geopenbaar het. Dis 'n drug-movie wat 'n mens presies vertel waarom drugs so lekker is en waarom gevaar so aanloklik is. Dillon speel die leier van 'n dwelm-bende wat aptekers beroof. Die visuele styl van die prent asook die verskyning van William Burroughs as 'n priester is boeiend. "There's nothing more life-affirming than having the shit kicked out of you," is een lyntjie dialoog wat ek nooit sal vergeet nie. AV

****** IN BED WITH MADONNA**
What you see is what you get. Madonna is eintlik 'n kuis Katolieke meisietjie wat voor elke show bid. Sy is 'n verloopte ellendeling in 'n onstuimige wêreld. Sy is nog verlief op Sean Penn. Sy is insecure. Sy is 'n loner. Sy is 'n perfeksionis. Ek dink nie sy breek hier 'n lansie vir vroue-regte nie... sy is 'n superster en hoef haar nie te bekommer oor ekonomiese sake nie. Aan die ander kant is haar lewe so banaal soos die res van ons s'n. Sy verklap alles en niks nie in dié tegnies uitmuntende toerprent. 'n Mens sien die ikoon van die jare negentig sonder make-up, maar hoe kan sy ooit regtig sonder make-up wees? Sien 'n mens deur een fasade, besef jy daar is nog een of geen fasade nie. AV

******* HENRY V**
Kenneth Branagh word alom beskou as Laurence Olivier se opvolger as Engeland se voorste Shakespeariaanse akteur. Hy is ook 'n fenomeen: hy het in die ouderdom van 28 (Henry se ouderdom toe hy derduisende Franse met enkele honderde Engels soldate by Agincourt verslaan het) dié merkwaardige prent gemaak. Henry V is merkwaardig juis omdat dit Shakespeare se teks so eenvoudig en helder aanbied. Moet dit nie misloop nie. AV

***** DYING YOUNG**
Dit het geen sin om mense af te raai om dié sentimentele prent te sien nie: Julia Roberts se haarstyl is belangwekkend. Campbell Scott, die kêrel van LongtimeCompanion, se spel is egter 'n beter rede om die prent te sien. Scott speel 'n 28-jarige rykmanskind wat aan bloedkanker ly. Roberts word aangestel om hom tydens sy chemoterapie te verpleeg. Roberts verval in die klassieke situasie van die "Moeder Theresa-"sindroom, waar 'n vrou haar bemagtig deur te sorg vir 'n fisiek swak man. Dit lyk soos Pretty Woman se teenoorgestelde, maar vang vir die vrou ewe vas in 'n afhanklike verhouding. Ongelukkig kom styl altyd voor inhoud met die regisseur, Joel Schumacher (Flatliners en St Elmo's Fire) en word belangrike issues soos vertroue, selfmoord en die dood. AV

**** ONLY THE LONELY**
Enigiemand wat wil aansluit by die Ek Haat John Candy-klub... Nog soetsappigheid met Candy (oulike naam) in 'n komedie oor wat gebeur as 'n middeljarige polisieman verlief raak op 'n lykversorger. Probleem is, Danny woon nog saam met sy onaangename ma. AV

****** THELMA & LOUISE**
Danksy die vertolkings van Susan Sarandon en Geena Davis, word dié middelmatige prent verhef tot iets diepers. Thelma en Louise is gewone vroue, maar hulle word gedwing om van die polisie te vlug nadat Thelma 'n verkragter doodskiet. Dis 'n road-movie wat 'n mens laat dink oor die subtiliteit en alom-teenwoordigheid van vroue-hatery. AV

****** WHAT ABOUT BOB?**
Yea, what about him? Richard Dreyfuss speel 'n sielkundige wie ywerige pasiënt hom mal maak. Die draaiboek is geskryf deur Tom Schulman - hy het Dead Poet's Society geskryf. Frank Oz, die regisseur van The Dark Crystal, maak hier weer 'n buiging in die regisseurstoel. Almal wat vriendelikheid en gemoedelikheid haat, sal dié prent geniet. Dit gaan oor 'n dikwellige neuroot met derduisende fobies, gespeel deur Bill Murray... hy is 'n dogter se ergste nagmerrie. AV

***** THE COMMITMENTS**
Dit mag Alan Parker se beste en mees subwersiewe prent wees, maar ongelukkig gaan die verhaal van 'n musiekgroep se ontstaan en einde gebuk onder herhaling en voorspelbaarheid. Die pikante taal, die strate vol local colour, Parker se duidelike tegniese vaardigheid en die vurige vertolkings van die jong musikante is nie genoeg om die prent van oppervlakkigheid te red nie. AV

******* AUNT JULIA AND THE SCRIPTWRITER**
'n Pragtige prent wat nie misgeloop moet word nie. 'n Fees vir die gees. Verbeeldingryk en end-uit boeiend. Dit handel oor Pedro, legendariese skrywer van radiosepies in die jare vyftig in New Orleans. Sy 20-jarige appie is verlief op sy 35-jarige tante (gespeel deur Barbara Hershey). Pedro het sêgoed soos "Art is two cannibals. Eat or be eaten." Die prent wys hoe melodramaties die lewe self is. My gunsteling-rolprent van die jaar. CHARL-PIERRE NAUDé.

**** POINT BREAK**
'n Surfing-movie met 'n verskil... dis deur 'n vrou gemaak, dis 'n konserwatiewe onderskraging van al die lelike dinge in die Amerikaanse samelewing en al Amerika se mooiste mans. AV

******* THE ROAD TO MECCA**
Woorde is ontoereikend om die rolprentweergawe van The Road to Mecca te beskryf. Dis 'n intense prent. 'n Spel van menslike emosies, 'n blye bevestiging van die lewe en kreatiwiteit. Yvonne Bryceland is Miss Helen. 'n Verstote enkeling. 'n Vrou wat die durf het om haar eie realiteit te skep te midde van 'n bekrompe gemeenskappie wat geen verwysingsraamwerk het waarbinne hulle haar kan verstaan nie. Dis 'n magiese en begeesterende prent met talle fasette. LAETITIA POPLE

***** LA STORY**
Steve Martin op sy heel beste as draaiboekskrywer en ster in 'n briljante komedie oor die lewe in Los Angeles. Richard E Grant speel ook in dié skouspel van die banale. AV



ILSE VAN HEMERT is die ontvanger van vanjaar se Hanekom-Beurs, Truk-Toneel se erkenning vir 'n besondere bydrae tot die bedryf. Die regisseur is nou besig met die regie van Arthur Schnitzler se *Rendezvous* (beter bekend as *La Ronde*) vir die Loft-Teater.
Van Hemert is verlede jaar die Breytenbach Epathlon toegeken vir haar regie van Anton Tsjechof se *The Seagull* en haar onlangse werk sluit die regie in van *Die Sakeman van Venesië, Houd-den-Bek, Taraboemdery, Dalk, Not to Die Today, Fluit vir die Vlieë, Man in die Blou Maan* en *Die Prys*. As aktrise het sy ook presteer en sy is onlangs as Annie Sullivan in *Die Wonderwerk* gesien. Sy het haar, ná 'n BA Drama-graad by Tuks, in 1982 by Truk aangesluit. Haar eerste regie-projek was Fransi Phillips se *Die hoofkarakter sensor die drama.*

# off the wall

OFF THE BEAT is an off the wall forum for non-conventioal stand-up comedy which has found a home in Kippie's at the Market Theatre. Eric Miyeni, Irene Stephanou, Shaun Griggs, Robert Colman, Ian Fraser and Gilda Blacher are the fools (oeps) members.

The November schedule (every Friday and Saturday) is as follows:

Nov 1. Robert Colman's *Life on the Farm* and Eric Miyeni's *Khazamula the Nerd*; Nov 2. Irene Stephanou's *Every Sperm is Sacred* and Gilda Blacher's *Let Me Listen*; Nov 7. Ian Fraser's *One Man One Pizza* and Shaun Griggs's *But Seriously Folks*; Nov 8. Robert Colam and Irene Stephanou; Nov 14. Shaun Griggs and Ian Fraser; Nov 15. Ian Fraser and Shaun Griggs; Nov 21. Eric Miyeni's *Twisted and Vile* and Irene Stephanou; Nov 22. Gilda Blacher and Robert Colman; Nov 28. Shaun Griggs and Eric Miyeni; Nov 29. Gilda Blacher and Ian Fraser.

Off the Beat is open to anyone insane enough to be interested in performing NCSPC. For further information contact Miyeni at (011) 880-5353 or (011) 648-9980. Entrance at Kippies is R8.

# brutal tale of love unrequited

**FILM: THE BALLAD OF THE SAD CAFÉ**
With Vanessa Redgrave, Keith Carradine, Cork Hubbert, Rod Steiger and Austing Pendelton
Director: Simon Callow

**ANDREA VINASSA**

THE dialogue in this adaptation of Carson McCuller's novel of the same name is mercifully sparse. Watching Vanessa Redgrave botch a Southern accent was almost more painful than the effects of McCuller's cruel imagination.

Redgrave gives an idiosyncratically brilliant performance when her mouth is shut... or when she mouths monosyllables. Thankfully the statuesque, mysterious Miss Amelia is a woman of few words and many actions. She is the single representative of integrity and strength in a wretched community whose only entertainment is the occasional clan meeting.

A seemingly heartless entrepreneur, Miss Amelia is transformed when her hunch-backed dwarf cousin Lymon arrives to stay. *The Ballad of the Sad Café* is brutal in its examination of the power of love to destroy and rejuvenate.

Merchant Ivory stalwart, Simon Callow (remember him as Mr Beebe in *A Room with a View*?) ventures into unfamiliar territory in this dark film about unrequited love in the Deep South. While the central narrative has enough universal power to rise above any director's imperfections, Callow falls down in his portrayal of the community. It's as if he went through the Carnegie Report on Poverty and reproduced what he had seen. One can't help feeling that the English hand was too heavy...

# 'n studie in casperiaanse lyftaal

**KABARET: Casper de Vries**
Met Casper de Vries en Liese Stassen
By After Dark, Queenstraat, Pretoria

**KOBIE LE GRANGE**

JA, Suid-Afrika is 'n lekker plek - 'n tense country - en in die groot suffering lê ook die lekkerste lag. As musikale komediant cum satirikus het Casper de Vries dit teen De Kat, Pretoria-pretensies, Jimmy Swaggart, Debuut, M-Net, SAUK-programopstellers wat saam Bovril snuif oor programskedules, SAL, Zandberg Jansen, Muzik à la Carte, die PAC, die AWB en ander C's, ens. Die Vries babbel op die edge voort en sy onuitputbare spel met woorde grens aan die absurde, maar bly raak beskrywings van verskeie hoë bome en hoë winde.

In die inleiding verleen hy 'n nuwe dimensie aan vingertaal en fyn sinspelings; falliese rekwisiete en Casperiaanse body language verskaf, met noemenswaardige bydraes deur Liese Stassen en Didi Kriel, histeriese vermaak. Stassen toon talent as kabaretkunstenaar en liriekskrywer en met dié soort blootstelling kan sy haar komposisie Knoop Vas Jou Jas en Joburg Gigolo nog meer gestand doen. Punchlines het egter verlore gegaan op 'n gehoor wat nie altyd ingelig is nie, De Vries het soms sy hand oorspeel en subtiliteit ingeboet, en sekere monoloë oordryf. Sy beskrywings vind nie altyd goeie neerslag in die musikale nommers nie, maar hy lewer bewys van sy musikale vernuf in Whatever Happened to Fun (opgedra aan Murray Janson), Ninja of the Opera en gewysigde weergawes van bekende Afrikaanse liedjies. De Vries bly egter vlymskerp in aanvoeling met wat sy gehoor wil hoor en oordryf logika totdat dit grens aan absurditeit.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## Oor artisjok, aspersie en aarbei - maar oppas vir suidoos se mamba

MOENIE vra hoe gaan dit in die Kaap nie. Vandeesweek het 'n swart suidoos oor die baai getier, loeiend om ons huis, deur die nuwe basiliekruid, al klappend aan elke venster en deur wat voorkom. 'n Aanhoudende sedooswind laat jou voel jy's getoor: Jy krap aanhoudend asof haartjies in jou nek jeuk, grom tussen jou tande, skop lakens tot toue om jou bene, en raak die moer in vir niks. Of jy brul soos die bul van Basan, sis soos 'n swartmamba onder 'n katel, en laat val die een wynglas na die ander.

Soek troos in wyn, en jy sal dit berou, nefie: Sedoos-babbelas is gelyk aan migraine as die wind gaan lê.

Tref dus voorsorg teen die malgeit deur gesonde, mineraalryke voedsel soos artisjokke, aspersies en aarbeie te eet - almal in seisoen, and aren't they lovely to prepare.

Vriende Dicky en Gerhard koop laas Saterdag 'n hoop artisjokke, en terwyl ons mekaar grou aankyk bo-oor die huilwind van Clifton, maak ons die groente sommer in kookwater gaar. Twintig minute en jy eet artisjokke blaar vir blaar met gesmelte botter en sout, of mayonnaise as jy wil.

Vriendin Brigitte sê egter 'n artisjok is beter gesmoor as gekook, en hier is haar resep:

**ARTISJOKKE À LA BRIGITTE**

Sny die dik stamme van 'n halfdosyn artisjokke af. Kap fyn 'n hele bos pietersielie, asook baie knoffel. Maak die artisjokke oop. As hulle nie self wil nie, slaan hulle plat op hulle voorkante teen 'n deur (goeie terapie teen die suidoos).

Maak die blare oop, skep pietersielie en knoffel in die holtes en pak die artisjokke in 'n swaar pot met 3 cm water onder in, asook 1 lepel olie per blom. Sout by, natuurlik.

Sit die deksel op en smoor oor matige hitte vir sowat 1 uur, tot die artisjokke sag is. Giet nog water by as die blomme droog kook. Eet blaar vir blaar deur met jou tande af te stroop, en dan die binneste lekkerte met 'n lepel uit te haal. As hulle klein is, kan jy die haartjies ook opeet.

Brigitte sê artisjokke is ryk aan yster - die vreemde soet metaalsmaak van die blare bevestig dit.

Italianers maak baie klein artisjokke diepgebraai in olie gaar, maar ons s'n is te grof en groot daarvoor. As jy egter 'n besending van die heerlike groente present kry, eet jou kaduks aan die blare en hou dan die binneste harte vir slaaie met sampioen en neute, of opgekap in roereiers met uitstekende Duitse spek.

'n Wonderlike resep vir aspersies, wat nou nes artisjokke op die mark is, maar nie goedkoop nié, is een met baie botter en neute. Ons eet aspersies huidjie en muidjie op omdat die seisoen so kort is, maar probeer gerus 'n paar variasies met hulle.

**ASPERSIE MET NEUTE**

Skil 'n bondel wit aspersies met 'n aartappelskiller af en kook hulle regop in 'n pot gesoute water vir 10-15 minute tot net sag. As jy groen aspersies het, gebruik jou oordeel of hulle geskil moet word of al dan nie.

Braai 'n handvol gepelde amandels, dennepitjies as jy kan bekostig (of 'n dennelaan het) of enige soort neute in 'n potjie met botter tot bruin. Giet 'n koppievol room bo-oor en maak warm. Giet oor die aspersies, en eet so sopperig met jou vingers, met brood.

Jy kan botter gebruik pleks van room, 'n paar druppels suurlemoen en swartpeper, en vir al wat ek weet, grondboontjies. Omtrent alles is lekker saam met aspersies. Veral heerlik daarby is mayonnaise, maar verdun met een styfgeklitste eierwit. Dit maak die sous minder lyk, veral as jy olyfolie gebruik het, en gee 'n lekker ligte tekstuur.

Hier by die nadraai van aarbeie kom ek weer af op die wonderlike poeding uit België. Nugter weet hoe dit heet, ek het al vergeet, maar dis ongelooflik lekker in aarbeityd.

**AARBEIE MET KAAS**

Gooi 1 pakkie ricotta of 'n bakkie gladde maas- of roomkaas in die menger en voeg 2 lepels strooisuiker by, en dan 1 eier.

Meng goed. Daarby voeg jy 'n driekwart bakkie skoon aarbeie (seker so 200 g) die sap van 1 suurlemoen en 1 eetlepel soet sjerrie. Meng weer en skep op oor nog vars aarbeie.

Hoor net: Stil kan dit word as die wind gaan lê...



# Let all know peace